

# Vader se 91 Boodskappe aan die Bruid

**Deur die innerlike word gedikteer aan:**

**Wendy McFarlane**

*Gedruk en geset deur:*
***Dogter van Sion***
*Posbus 1130*
*Hartebeespoort,*
*0216*
*Tel: (012) 376 4304*
*e-pos: dogtervansion@gmail.com*
*Webwerf:*
*www. nuweopenbaring. co. za*

**Deur die innerlike word gedikteer aan:**

# Wendy McFarlane

**Wie op 4 Januarie 2017 tragies heengegaan het na n lang stryd teen kanker**

**Mag hierdie Woorde van ons Bruidegom aan Wendy weerklink tot aan die uiteindes van die Adamah.**

## *Nr 1 - 09.12.2015 om 10h30*

(Aan Wendy gedikteer)

“Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die wie nie na My gaan kom voor die Tye van Toetsing gaan begin nie, sal swaar gebuk gaan en verward en alleen voel. Die tye vir verfrissing is amper verby. Kom na My toe, Ek wil julle juk op My neem. Die dae gaan kom waar alles donker gaan wees, die Lig in julle sal die pad aanwys. Helder Reën sal val op hulle wie naby aan My is. Verward sal hulle wees wat vêr van My af is.

Konstantinopel (Istanbul) sal val, kyk uit! Die vlae sal daaroor heengaan; geweld, storms van woede. Deur hierdie daling gaan julle weet dat die tyd aangebreek het. Moenie skrik of bekommerd wees nie, My kleintjies. Dit is tyd vir die Lig om te begin skyn, die duisternis sal julle nie oorwin nie!

Die wawiel het begin draai. Die vorme van beskadiging sal uitbrei, moet nie beklemd voel nie, dit is hoe dit moet wees. Die winter is verby. Hou vas aan My, jy sal nie beskaamd staan nie. Hoe heerlik gaan dit wees om julle te sien, van aangesig tot aangesig. Groot is die gejuig, want die tyd het aangebreek!”

Amein

## *Nr 2 - 10.12.15 om 21h30*

"Culemborg.

Dit is waar wat Ek gesê het, die skerpioene kom en wee die wat nie in My is nie. Solank as wat julle in My bewaar is, sal julle nie deur hulle gevind kan word nie. Gryp My aan! Hoe lank moet Ek nog soos 'n Moeder soebat?! Deurdrenk is julle van jul eie hartstogte, in 'n leë sirkustent dans en tuimel julle, die gejuig van skare 'n waan in jul ore. Toemaar, Ek wil troos. Kom na My toe. Vind jou standvastigheid in My, maar nee, Samon en Galmoes is hul name, die wie kastydings uitmeet.

Soos water borrelend opkom deur die grond, sal julle wie My soek, My vind. Op vrugbare grond bring My Saad 100 tot 1000 maal meer voort, as kos vir die nasies. Voed My lammers. Bewaar hulle veilig tot die Dag wanneer Ek kom. Oordadig is My

Liefde aan almal wie in My geborge is.

Ek sal die hande vasbind van hulle wie My nie Loof nie. Verhef julle stemme in aanbidding tot My, loof My Naam uit die diepte van julle wese. Die ander prewel slegs woordjies.

“Mapping your church freedoms will prove how wrong you have been. HEAR Me, declares the LORD. I am coming, not in the storm or the fire, but in the soft breeze. Have the ears to hear. Beware proclamations of My arrival. I come in a manner of My choosing to delight My Beloved!”

Wees verseker van My Liefde in selfs die donkerste tye, want My Stok en My Staf sal jou lei en bewaar, daar waar julle nog nie My Stem kan hoor nie.

“Uriël, jy sal My dade verrig."

Amein

## *Nr 3 - 12.12.2015 om 03h00*

(aan Wendy)

"Jy is in My diens, kyk nie links of regs nie. (Ja, my Meester!)

Soos wat die driebeenpot nie kan staan sonder een van die drie pote nie, so kan die wese van Kindskap nie wees sonder die waaragtige gebed, geloof en ontwaakte siel nie.

(Dankie Dankie Majesteit vir die Weg wat U geskep het, die wonderbaarlike Liefde vir U skepsele, U maaksels waarsonder ons nie sou kon leef nie! Want U Is Liefde! En vanuit en tot U is Alles! HaleluJAH!)

My kind, jy is kosbaar in My Oë, en sal Ek jou beskerm soos 'n arend haar kleintjie. Verlaat jouself geheel en al op My, want soos die arendsnes in die hoogtes gebou word, so word julle grootgemaak in die hoogtes van die Gees. Inderwaarheid verlaat die arende gebore op daardie hoogtes nie die sfeer waarin hulle leef om te daal na die laer ryke nie, want hulle is spesifiek gebou om daar te kan leef. Die samestelling van hulle bou en bloed is getemper vir die hoogtes. Ook jy kan nie weer neerdaal na die laer ryke van die vlees nie. Arendsvlerke is gemaak vir lugstrome, hul oë fyn ontwerp om vêr te kan sien en haarfyn bewegings on-

der hulle te kan teiken. En net soos 'n arend nie anders wil as om deur die lugstrome te swiep nie, so My kind, kan jy nie anders as om jouself in My Lugstrome te werp en oorwinnend daarop te sweef nie. Wees sensitief vir elke verandering wat My Gees jou sal wys. Die arend voel dit met die lang vere wat uitgesprei is op die vlerkpunte, daardie vere is uitermate sensitief en tel ladings-verandering op soos wat die positiewe en negatiewe deeltjies in die lugstrome verander. Hul bloed reageer ook daarop en hulle kan nie anders as om die weë te neem soos wat die strome daar-van hulle rig nie. Gewelddadige storms oorval selde 'n arend, want hulle weet voortydig om na veiligheid te kom voordat dit oor hulle breek. Netso sal julle, My kinders, voortydig weet om nader aan My te beweeg voordat die storm oor julle gaan breek. Veilig sal julle wees, verskans in klipskeure en rotsvestings, terwyl dit woed en donder om julle. En soos wat die lugstrome verander is na 'n storm en die arend noodwendig anders beweeg, so sal julle ook anders vorentoe gaan in die veranderde omgewing. Arende is gebou om te vlieg, netso My kinders, is julle gebou/gemaak om te sweef en te leef in die Hoë Plekke.

Kom op na die Hoë Plekke, kom ontmoet My daarbo en daar sal Ek jou vistas wys waarvan jy nie eens kan droom nie. Soos wat die arend anders is as die olifant, so is My ontwaakte, lewendige Kind anders as die aardsgebonde- en nog deurdrenk van materie verknogte siel. Net soos die olifant nie die vryheid van die arend kan begryp nie, net so sal die arend dit nooit oorleef om aardsge-bonde te wees nie.

Soos wat die jong arend sy vlerke begin oefen in die wind, net so My kleintjies, moet julle ook jul vlerke begin oefen in hierdie tye. Wanneer die tyd kom, sal julle oor die kant van die nes kan spring en die asemrowende jubeling van vlug ervaar, en sal nooit ooit weer wil teruggaan om die "kuiken in die nes" te wees nie. Vir die trae kuikens is daar ook raad, die ouers begin om die stokke te verwyder, die nes word uitmekaar gemaak. Dan is daar nie meer kans vir stilsit nie. Kom, My Kuiken, Ek sal jou dra op My Vlerke, en jou nooit laat val nie. Kom, sweef saam met My op die Wind van die Gees. Kom in harmonie met My en sien hoe gou jy sterk en kragtig in My sal beweeg.

Aleph Tav, die Begin en Einde van alles is Ek en daar is niemand bo of buiten My nie! Plaas jouself binne daardie raamwerk en niks sal jou ooit weer verskrik of onverwags vang nie. Jy is Myne en Ek weet hoe om Myne te versorg en te beskerm. Laat geen vrees in die kronkeldraaitjies van jou wese toe nie. Ek ken jou en verlig jou deurgaans. Niks is vir My versteek nie. Bring elke vraag, elke heimlike vrees na My, hetsy dit oor die toekoms of die hede is, en kom hoor die antwoord op dit wat jou nog laat haak, wat maak dat jy nie uit die arendsnes wil spring nie. Vra met verwagting, want daarsonder sal daar nie ’n antwoord wees nie.

Hoe leer 'n kind om op sy pa vertrou as die kleintjie nie ’n diepe verhouding met hom het nie. En soos wat dit onmoontlik is vir 'n baba om op te staan en te loop, maar afhanklik is van Pa en Ma en verwag om deur hulle gehelp en versorg te word, so moet julle, wie nog nie in die soort hartsverhouding met My is nie, dieselfde verwagtinge hê. Ek is dan julle Ewige Pa. Sodra 'n kleinding leer praat, hou die vrae nie op nie, dit versterk die verhouding en net so verwag Ek ook die baie vrae. Hoe anders gaan jy My in My regmatige plek in jou lewe kan plaas! So, kom, toets Ons verhouding, kom vra jou vrae. Ek word nooit vermoeid of ongeduldig nie. Luister jy net met ’n oop gemoed en gees en Ek sal jou onderrig. Wees skrander en doelmatig in jou fokus om meer te leer. Elke stukkie kennis wat jy op hierdie manier opdoen, is vir jou Lewe, en so sal jy dit ook kan en moet oordra soos kos wat jy aan 'n honger vriend sal gee.

Daardie lewensdeug wat mense hedendaags 'n "gawe" noem, naamlik om gasvryheid te betoon, reik veel dieper en sit in jou gees. Betoon jy ook gasvryheid met die Brood wat vir jou gebreek is? Sal jy jou honger broer se gees voed, of dink jy dit moet ook 'n "gawe" wees waarvan jy dalk kwytskelding het, want "dit is nie hoe jy is nie"? Ek het nuus vir jou. Gasvryheid in die vlees, om jou broer kos en water en rusplek te gee, was in My dae wat Ek hier op aarde gewandel het, dit wat moreel reg was. Om ongasvry te wees was immoreel en 'n skande! Kyk dan nou weer na die dieper, geestelike waarheid en sien dat dit die uiterlike is van wat in elke Kind van My reg hoort te wees. Deel jou Brood met jou honger broer, sonder om twee keer daaroor te dink, want Ek is

die een wat die Brood voorsien.

Kom, loop naby My en leer om aandagtig te luister na My onderrig. Ek gaan jou op verskillende maniere leer, wees dus reg om ook die praktiese lesse deur te kom. Die nuwerwetse skole het ons kinders verkeerd geleer. Boekkennis is van geen effektiewe waarde, as jy nie weet of geleentheid gegee word om alles prakties te sien en te doen nie. Ek praat nie van die kennis van dit waarvan wapens gemaak word nie, dit is 'n vrug van die kennis van die Wagters wat nooit aan die mens bekend gemaak moes word nie. Die gevalle gees neig altyd na die verkeerde, na ondergang, na bederf en verderf. Nee, Ek gee onderrig in dit wat die gees Lewe gee. Ewige kennis wat jou siel sal baat in die lewe hierna.

En net so onderrig Ek ook My skryfkneg. (Dankie, my Pa!)"

## *Nr 4 - 12.12.2015 om 21h00*

(Aan Wendy)

"Jankempdorp. Pas op vir wat daar gaan gebeur.

Sowaar as wat goud uit 'n gat in die grond kom en wesens daarvoor rondkrabbel, so gaan hulle wees wat Waarheid gaan soek en met groot moeite in gate daarvoor grou, want hulle sal niks van waarde kry nie. Die gate is verlate en die plekke gevaarlik.

Kom, koop van My, sonder geld, die skatte wat mot en roes nie verweer nie. Waarheid sal julle ontvlug wie haar nie nou aangryp nie. Kom! Kies die Lewe! Moenie die afgrond in 'n “waas“ van ongevoel nader nie. Die vyand van jou siel staan reg om jou oor te help na die duister dieptes van die Afgrond. Kom, neem My Hand en laat My toe om jou heel te maak. Die slaggate en verspoelings van jou lewe wat jou pad 'n woesterny gemaak het, sal Ek vir jou nuut opbou. Ek wil jou die beter Weg wys, EK is die Weg en nooit kan enige situasie My ontdaan maak of onkant vang nie. Plaas jou vertroue in My en kom leer My Weë aan My voete.

"Liefde vir Vader en Liefde vir jou naaste" het julle al gehoor. Dit wat nie uit liefde in jou hart uitborrel vir jou naaste nie, is nie van My nie en jy moet jou hart deeglik ondersoek. Die spreuk is

Waarheid wat sê daar kan nie soet en brak water uit een fontein kom nie. Kyk uit, die toets is daar vir julle om, gedurende die dae wat kom, hulle te eien wie nie van My is nie. Hou julle harte skoon en rein voor My, want slegs hulle wie rein van hart is sal My sien. Dit is nie vir jou om in die regterstoel te gaan sit en woorde te spreek oor enigiemand nie, nog minder My kinders. Bewaar jou tong, leer om stil te bly en kasty jou hart, sodat die oorloop daarvan jou nie die wenpaal laat misloop nie. Die wie ore het om te hoor, laat julle hoor.

Hoor die Liefde wie julle naderroep soos die hert wie deur die skerms loer. Kom My Beminde, My Bruid! Die uur is laat en tyd amper verstreke. Maak skoon, maak reg, want jou Bruidegom is om die draai. Hoor die stemme van Sy Getuies!"

Amein!

## *Nr 5 - 13.12.2015 om 13h00*

(Aan Wendy)

"Sekerlik sal Goedheid en Guns jou volg, al die dae van jou lewe. . ."

Gee deur daardie kruk vir hulle, omdat niemand sal kan staatmaak op tegnologie vir voeding nie. Vir nou is dit 'n vergunning en toelaatbaar om nog met 'n bottel gevoer te word. Die tyd kom binnekort nader waar dit nie meer beskikbaar gaan wees nie. Julle moet daar kom waar julle vaste kos vanuit My Hand kan ontvang. My Gees van Waarheid openbaar aan julle die verborge, die ryk minerale en vitamiene wat julle siel nodig het om te floreer. Dit gee Sy wanneer julle tot Haar nader, julle nederig kom leer. Dit kan ook net begin wanneer julle stil word. Die stilte vind julle wanneer julle julself Apart begin hou van die wêreldse, die vleeslike.

Beide Elia en Moses het gevra om My Aangesig te sien, so lief het hulle My gehad. Aan albei het Ek dieselfde getoon. Die Storm, Die Vuur en Die Sagte Bries. "Nie deur krag of deur geweld nie maar deur MY GEES, sê JaHWeH van die Skeppingsleërmag."

Sonder om deur die Gees wedergebore te word, kan jy nie in My

Koninkryk inkom nie. Hoor dit mooi. Hoor, hoor dit baie mooi. Moenie soos die maagde wees wat nie voorberei het nie, nie werk gemaak het van die vergunningstyd wat Ek vir julle, My Kinders uitgekoop het nie. Sowaar as die klank van die deur wat toeslaan jou gaan ruk tot in jou siel, sal jy die een wees wat dan te laat sal besef jy het verbrou, jou kanse weggespeel.

Hoor My Roepstem! Slaan ag op die Briesie wat oor die gesig van jou hart waai en jou tot die Lewe roep! Skud jou los van die spinnerakke en stofmyte wat verdik oor jou lê! Weet jy nie jy is net hier vir 'n kort oomblik nie. Julle is gefassineerd, verstar deur Tyd wat Ek gemaak het om vir julle 'n leerskool en toetsgrond te wees. Aan elkeen is net soveel sekondes van lewe vergun om julle vlees te oorkom en die gees aan te gryp! Sekondes . . . Luister na 'n horlosie en in die stiltes tussen die sekonde maat en besef die groot en ewige uitloop daarvan. Soos wat sandkorrels tussen jou vingers deurloop, kan jy die wat verby is nooit weer terugkry nie. In My natuur gee Ek soveel voorbeelde, soveel waarskuwings om Erns te maak met die heil van jou siel.

“Sekerlik sal Goedheid en Guns jou volg, al die dae van jou Lewe...."

Amein

## *Nr 6 - 13.12.2015 om 22h00*

”Heiligheid en Heiligmaking - Apartheid en om Apartgestel te word”

Hoe moeilik kan dit wees! Julle wik en weeg, "sal ek, of sal ek nie" die harde klipperige pad loop om by die Skat, die Ewige Herberg van My Liefde aan te kom. Kom ons kry die perspektiewe reg. Dit is nie of jy lus het om jouself uit te sit om by My uit te kom nie. Nee, dit is Dit : Het jy My LIEF?

So, besin daaroor, want die antwoord is maklik. Dit is JA of NEE. As dit Nee is, wees seker van jou saak, want Ek sal nooit jou wil teëgaan nie. Maar as dit JA is, moet jy ook besef dat om My Lief te hê, nie in die orde kan wees van enige emosie, gevoel wat jy nog ooit beleef het nie. My Liefde vir jou Brand hoog! En Ek wil

van jou ook vurige Liefde ontvang. Vurige Liefde neem jou hele gedagtewêreld op, jy wil praat en vrae vra en stilwees...saam, altyd saam. . . Hoe is dit dat julle kan dink om aan My die oorskiet gevoelens te gee, dit wat nie opgebruik is in jul dag nie, jul flenter aandag?. . . My Liefde vir jou Brand Hoog!

Ontwaak vanuit jou draling en doen voorraadopname van jou verhouding tot My, met My. My Bruid, nadat Sy die Huwelikskontrak aanvaar het, plaas 'n sluier voor haar gesig. Sy hou haar apart van die plekke en plesiere wat sy nog geniet het, 'n kort tyd tevore. Alles wat Sy aan dink en doen is ter voorbereiding vir haar Bruidegom se koms. Sy let nougeset op haar voorkoms en berei haar innerlike voor vir die eenwording, die Huweliksbevestiging. Sy is haar Man se Hulpmaat, Sy ander-Self. Wat Twee is, word weer Een...

So, antwoord My. Is jy die Bruid wie My Hulpmaat is, My ander-Self? Of is daar nog werk wat gedoen moet word? Is jou Kuisheid bekend, jou vrugbare grond bewerk? Hoe kan Ek vir jou terugkom as jou kleed vol modder, skeure en distels is?

Kom uit, My Bruid! Sonder jouself van die wêreld af en besin oor die Liefde. Leer My ken, leer om op My te vertrou. Ek stuur aan jou die Vriend van die Bruid wie na jou welstand omsien want sien, jou versorging het My verantwoordelikheid geword, My Vreugde! Hoe sal Ek My Bruid verlate los sonder kos of herberg? Nooit! Nooit kan dit wees nie!

Julle menseverhoudings het julle gekraakte potte gemaak, jul verwagting van My is power en jul kapasiteit vir die Liefde ontoereikend. So kom, kom in My Nabyheid in en Ek sal jou heelmaak sonder kraak of merk. Ek sal jou vul soos 'n Waterkruik waarheen Ek sal kom vir lafenis in die hitte van die dag.

My Bruid, My Liefling, kom loop saam met My in die vroeë oggend dou, en dwaal aan My Sy in die skemering wanneer die vars geure in die tuin hul skatkamers oopmaak.

Ek vra jou weer, Het jy My LIEF?"

Amein!

## *Nr 7 - 14.12.2015 om 20h00*

(Aan Wendy)

"My Kinders, Ek wil julle herinner dat in die tuin van Getsémané dit My Liefde was wat My daar gehou het. Die prys vir julle vryheid was My Bloed, elke druppel daarvan. . . Nou wil Ek by julle weet, gaan julle bereid wees om dieselfde prys te betaal, selfs vir iemand wat sondig en verlore is? Neem die telstok en keer die uit wie aan My Apartgestel is. Draai dan om en betrag hulle, die ander 9 uit die 10. Wat sien jy?

Vir hulle het Ek ook gesterf. Ja, Ek het vir My kneg Jeremia gesê om nie vir die wederstrewige volk te bid nie, Ek was soos julle sê, "Vol tot bo uit". . maar Ek het nog steeds vir hulle gekom, nie as Regter nie, maar as Verlosser. Dit is immers die betekenis van My Naam, Jahashua, of Jahshua. Die Engelse lied, "Therefore with JOY sal ye draw Water from the Well of Salvation." Daar is jaarliks met Pasga, tydens die Drankoffer, water in 'n silwer beker gaan haal vanuit die Bad van Siloam (Salem). . . "The Water of Salvation" . . Die Waters van Verlossing . . Die Tempeldiens ingestel soos My kneg Moses dit gesien het op die Berg Sinai.

As Ek van julle sou vra om vir selfs een van hierdie 9/10des jou lewe te offer sodat hy of sy gered sal word, sou hulle kies om jou offer te gebruik en vir hulle 'n "free pass", 'n "get out of Jail free" kaartjie te gebruik. . . Sal jy dit doen? Hoe voel dit? As hulle jou offer versmaai en as niks beskou nie? Al jou Liefde, elke druppel bloed en hulle sê, "nee dankie, ek gaan agter 'n idool aan.". Hoe groot is jou Liefde?

Die antwoord, My Liefste Kinders is dat jy nie nie eers kan begin dink daaraan nie, want jou Liefde is nie My Liefde nie. Al hoe jy dit sou kon regkry, is slegs omdat dit My Liefde IN jou sal wees. Daarom, My Kinders, bid tot My en vra My vir Liefde. Wanneer jy tot die besef gekom het dat jou liefde yskoud is in vergelyking met My Liefde, het jy by die Deur gekom. Stap deur en kom in My Teenwoordigheid, My Nabyheid sodat My Liefde in jou kan ontbrand, en net soos die bos voor Moses nie uitgebrand het nie, sal julle ook nie kan uitbrand nie, want Ek behoed en bewaar julle! Moenie vashaak in die besef dat jy sondig en ontoereikend is nie.

Ja, in jouself is jy en sal dit altyd wees, maar, maar, maar . . IN MY . . O My Kind! Voorwaar, Ek sê weer vir julle, julle kan nie in jul wildste drome en verbeeldingsvlugte eers naby kom aan Dit wat Ek en Jy saam gaan doen nie!

Miskien het jy vergeet dat Ek jou alreeds gedurende elke oomblik van alle eons inwag . . Nooit was jy alleen of verlate gewees nie. Kom My Kind, versterk jou knieë en jou lam arms en Ek sal jou die pad wys om op te gaan. Vertrou jy My? Glo jy My?

Ja, die dal het skaduwee, maar Die Lig in jou jou verdryf elke donker, elke verdorwe en gevalle gees. Niks daarvan kan bly staan in die Ewige Lig nie, kom, wees gevul met daardie Lig, die Lig wat Liefde is . . Kom wees My Liefde vir hulle, die 9/10des en dalk sal 'n karige paar van hulle na My begin smag - Maar jy, My Oogappel, My Beminde, is Ewig Myne en niks sal dit ooit kan verander nie. Geborge in My . . Twee wat Een geword het!"  Amein!

### *Nr 8 - 15,12,2015 om 23h20*

(aan Wendy)

"My Kinders, soveel as wat die stryd julle vandag aangegryp het op die dag voor die 16de Desember, waarin julle jul die Gelofte gaan betaal, weet dit, die vyand van julle siele val hulle nie aan wie nie tot My nader nie. In elkeen is daar 'n les. Toetsings, praktiese toetsing. Hoe leef jy in tye van toetsing? Hoe gaan jy My Lammers versorg wanneer dit moeilik gaan? Sal jy My nog blymoedig vereer? Wat kom uit jou hart wanneer dit in die parskuip ingaan? Kom daar olie uit, of iets anders? En as dit olie is, is dit die suiwer soort wat in My Kandelaar gebruik kan word?

Kom voor My, kom betaal My Gelofte. Kyk en sien wat Ek vir julle gaan doen as antwoord op jul verootmoedigde harte.

Israel het in Obadja die weg gevind. Min is daar wie hulle baadjie sal uittrek. Groot en Heilsaam is My Leer. Kom neem besit. Waardig sal julle bevind word, wie soos die druif die parskuip ingaan om deel te hê aan die Drankoffer. O My Kinders, My Kinders, wees sterk en vol moed! Julle Dag van Verlossing het gekom! Deurstaan die toets! Ek is met Julle!" Amein

## *Nr 9 - 18.12.2015 om 21h00*

(aan Wendy)

"Lakme, neem weg van My die vinger wat wys en dink nie dat jy My ken nie! EK IS APARTGESTEL! Bewoë moet julle wees, hartverskeurend omdat julle die toe Deur in die oog staar.

Ek laat nie met My speel nie, julle idees in julle koppe het niks met My te make nie, EK IS! Ek is die Donderweer en die Haelstene. Ek is die Stormwind en die Vuur, verterend vir hulle wie nie Myne is nie.

Wees versigtig hoe julle met mekaar omgaan. My Geliefde is sag en vol Liefde, nederig en onaansienlik . . . Sy wil dat niemand verlore gaan nie, dat almal die sport sal behaal, maar Sy sal ook nie jou wil teëgaan nie, want Sy is van My. Sy is bloed van My Bloed en gees van My Gees en doen My Wil sonder nadenke, sonder aarseling. Sy hef Lofliedere aan! Sy maak My Naam hoog! Haar gedagtes is slegs by My, want Sy is nie van hierdie wêreld nie.

My Beminde is soos 'n roosknop, 'n lelie in die sagte Môredou. Hoe kosbaar is die tye wat Ons saam spandeer, hoor ons roepstem, die verskansing kom af! Hoor die gebruis van Lewe, van Liefde!

Kom nader, My Kinders, kom leer by My. Sommige van julle het jul ABC's vergeet en julle moet weer terug na Moedersknie. Maak oop die boeke van julle harte sodat Ek vir julle Waarheid daarop kan skryf. . . En wat is Waarheid maar die LIEFDE! Hoe Groot en Verhewe is die Weë van JaH, Sy Plan ondeurgrondelik! Nederig en stil moet julle kom om te leer, gooi weg die ou boeksak met vermoeiende woorde wat na die Dood lei. Jou verstand kry jou nêrens, jou grade is 'n struikelblok.

Ek het 'n klein kindjie nadergeroep toe die vraag aan My gevra is, hoe mens die Koninkryk kan beërwe. . . Die antwoord, My Kinders, is steeds dieselfde : Soos 'n kindjie moet jy Glo IN MY. Kom, word soos 'n kind en jy kan dalk Kindskap verwerf. Dit is nie maklik nie, en nie vir die onentoesiasties nie. Dit is dan beter vir hulle om nie 'n kneg te word nie, want dit wat aan hulle toevertrou is, sal van hulle weggeneem word, dan is hulle slegter daaraan toe. Bereken die koste, daar is nie iets soos kredietkaarte in My

Ryk nie. Kindskap maak van jou 'n Erfgenaam en om dit te bereik is 'n moeisame pad, nou en vol klippe.

Kom, kry moed en maak die besluit om in My Ryk te kan kom. In bergpieke is My Vestings. Kom op!

Kom, hoor My Lied wat Ek aan My Beminde sing. Juig saam met My in Haar Skoonheid, Haar Liefde! My Beminde is Myne, en My Banier oor Haar is LIEFDE!"

Amein

### *Nr 10 - 19.12.2015 om 21h30*

(aan Wendy)

Waardig is julle geag wie IN My is! Kom, neem die Weë op waarvan Jeremia gepraat het, die Ou Weë. Ek sê vir julle dat die dae van jul Groot Teleurstelling op hande is. Die van julle wie My nie uitgesoek het nie, wie nie werk gemaak het van elke geleentheid om nader aan My te kom nie, gaan verslae staan!

Dit sal Manna wees wat Ek sal voorsien aan My Kinders tydens die Dae van Toetsing. Hier neem jy besluite vir hoe dit in daardie tyd met jou gehandel sal word. Kom na My, My kindertjies! Neem My Hand, laat Ek julle neem na die groen weivelde, na daar waar rus is. Wees die skape van My Weide!

Kom JeshaJaH, kom Batseba (Dogter van die Gelofte)! Kom, neem die tou op as anker vir jou volk. Draai die tou om die vellings en help hulle uit die moeras uit! My Genade Onbeskryflik Groot is vir ieder en elke modderbesmeerde kind. Hulle is uitgeput en is op die punt om onder die oppervlak te verdwyn. Geliefdes, kom, sit skouer aan die wiel, kom lig julle volk uit, sleep hulle na die kant toe waar daar lafenis in My is. EK IS die Verkwikker, die Een wie hulle kan terughou van die Dood.

Laat julle Lofliedere opstyg na My, jul Oorwinningslied My ore streel. Sowaar, Ek sê vir julle, elke geredde siel is tot julle voordeel, 'n skat toegevoeg tot julle skatkamers in My Hemele. "

Amein

## *Nr 11 - 23.12.2015 om 11h15*

(aan Wendy)

Spreek My Dogter, Ek weet jy wil graag jou broers en susters bemoedig. Dit is swaar vir jou nou, maar Ek wil jou ’n dieper les leer wat nie andersins geleer sal kan word nie. Wees geduldig, Ek het jou aanduidings gegee. Leer om in My te rus en Ek sal jou verkwik.

My Kinders, julle wil nie werk aan julle geloof nie, Ek sê vir julle, julle gaan tekortskiet wanneer julle dit die nodigste het. Neem jou mandjie op en gaan na die boorde. Pluk vir julle vrugte wat nooit verwelk nie. EK IS ABBA julle Vader. Nooit sal julle honger ly solank julle in in My Ryk is nie.

Moenie oorlaai word deur die wêreld se laste nie, kyk na My, want in My is daar Lewe wat Bruis en Verkwik. Dit gaan nog net 'n kort rukkie wees.

Wees vol goeie moed, juig in JaHshua jul Losser en Lewegewer! Die Koninkryk van JAH is ophande!

KaVoD, drink dit in. Laat dit deur julle vel insypel. Word deurdring daarvan.

Hou moed, hou aan. Die laaste pylvak van hierdie wedloop is hier!

Ek is LIEF vir julle!"

Amein

## *Nr 12 - 26.12.2015 om 04h20*

(aan Wendy)

"Skryf, My Liefling, My Bruid.

Daar is min tyd vir julle om finale voorbereidings te doen. Werk met erns en fokus op julle siele. Waar Lig is, is geen duisternis nie.

Ek is jou Vader, wees nie besorg oor die dag van more nie, want Ek weet wat julle nodig het. Kyk na die voëls en die lelies. Ek sal vir julle sorg. Voorwaar, as julle gaan dink, sal julle sien dat Ek nog deurgaans vir julle sorg. Julle is Myne, weet Ek nie hoe om te sorg vir Myne nie?

Soos 'n koringaar tussen woestynplante, so sal julle, My Kinders, gedy waar ander gaan sukkel om te oorleef.

Weet julle nie wie julle is nie? Kom vra My en Ek sal dit aan julle openbaar. Kom naby aan My, digby sodat Ek in jou hart kan fluister. Die Waarheid sal julle vry maak! Moenie moed opgee in julle soeke na My nie. Ek toets julle deursettingsvermoë, want net hulle wie na sal My soek soos 'n skat in 'n land, sal My vind. En wanneer julle My gevind het, sal julle alles verkoop om die Skat te kan kry.

Luister aandagtig na My Fluisterstem. Ek oordonder nie, oorweldig nie, want jou wil is deur My aan jou gegee. Buig jou wil voor My, en neem My Wil aan en die Skatte van Ewighede is joune!

Soos wat die vyeboom voorvye afgooi, so sal hulle wees wie nie in My geborge is nie.

Groot en Apartgestel is die Naam van JAHWEH! Sy Majesteit oneindig groot! Loof julle Hom in stille aanbidding, loof julle Hom in uitbundige gejubel! Die Koning van die Heelal, JaHshua is Sy Naam! Bring palmtakke, gooi julle kledingstukke neer voor die voete van julle Losser en Koning!

Dit is julle gewoonte om swart aan te trek vir 'n begrafnis, dus My kinders, trek julle swart aan en gaan staan julle by die graf van jul wil, julle eieliefde. Dis wat julle dink wat Ek van julle vra, julle dood sonder Lig. Julle sal verstok daar, verkrummel en wegwaai soos die wind. . . Nee, in My is Lewe in oorvloed en Lig. Jubel, o gees wat vrygemaak gaan word soos wat die son opkom en die wêreld in helder lig baai. So is jou opstanding in My. Julle fokus nog op die dood van julle nietige liggame, maar julle siele is Onsterflik!

Wees nie mismoedig as dit nie nou uitwerk soos wat jy beplan, beoog of verwag het nie. EK IS met jou en op die regte oomblik sal Ek alles verander. Hoor hoe rommel jou maag, jy was gehoorsaam en het My instruksie nagekom. Jy weet nog nie wat jy alles gewen het in jou gehoorsaamheid nie. Kom sit aan by die tafel wat Ek vir jou voorberei het en eet van My oorvloed!

Jy sal wees soos 'n boom geplant by 'n rivier, jou nageslag soos

jong bome by waterstrome. Jou bene sal vet met murg wees en jy sal eet van die oorvloed van die land.

So het Ek jou beloof, sien dat Ek sal doen wat Ek gesê het. Jou take en dade is deur My opgelê. So spreek Ek, JaHweh van die leërskare "

Amein

## *Nr 13 - 28.12.2015 om 06h20*

(aan Wendy)

"My Dogter, My Bruid

Moenie moed verloor wanneer jy nog een van My toetse faal nie, jou verskeurde hart is die bewys dat jy 'n dieper les geleer het.

Ek wil julle vandag opwek om opnuut na julle lewens te kyk en om weer deur julle outomatiese reaksies te blaai op sekere situasies wat julle as gevare sien. Ek wil hê julle moet met geopende oë na julle programmering kyk en sien hoe diep die Leer van haat van My teenpool julle binnegedring het, voordat julle na My begin kom het. Wees nie ontstel nie. Dit is nou tyd om hieraan aandag te gee. My Leer is LIEFDE en moet julle eerste reaksie wees as dit nie reeds is nie.

Kom, wees vrolik My Kindertjies! Die dag van ons wedersiens is op hande! Werk met mening en maak die trompette blink! Hier kom die dae wat My profete gesien het en na verlang het! Groot is die gejubel in My Hemele! Die groot en deurdagte Dag van JAH!

So, verbind die lam knieë, versterk die rûe, want Ek kom om julle aan te voer. Wie van julle bewapen My Kinders soos hulle opkom uit die dal van verdoemenis? Kyk! Die perde begin ongeduldig rondtrap, die tyd is uitgeloop en steeds is daar hulle wie nog toegevoeg word. Die kragtigste wapen is die LIEFDE.

Kom in, kom naby, My Geliefde, My Bruid!"

Amein!

## *Nr 14 - 29.12.2015 om 05h50*

(aan Wendy)

My Liefling, My Omringde Stad met vlieënde Baniere!

Juig, o Jerusalem, Ek kom na Jou! Om by Jou in te gaan en by jou woning te maak. Juig, o Jerusalem, want Jou Losser is in aantog! Hoor, My Dogter van Sion, hoe die skare My aantog reeds van vêr uitroep! My getuienisse reeds lankal toeberei vir Die Deurdagte Dag!

Laat julle Lied na My opstyg, laat julle jubelsang My stap verhaas, want groot is My Opgewondenheid, My Liefde wat borrel en bruis vanuit My Hart vir julle! Hoe kan julle nog soos die vyf slapende maagde met vol lampies slaap?

Neem 'n prentjie van 'n bos en kyk aandagtig na die bome. Kan jy vanuit die prentjie die aantal en soorte bome eien? Kan jy sê watter en aantal diere daar leef en gedy?

My Kinders, moet nooit onder die waan kom waar julle in jul kennis roem en opgepof dink dat julle alles deurgrond het nie. My Skepping is ondeurgrondelik en dit is onmoontlik om eers 'n fraksie daarvan aan julle te begin verduidelik, so min kapasiteit het die mens om dit te verwerk. EK IS die SKEPPER! EK IS Oral en Altyd!

Word stil voor My en luister. . . Luister diep, want dan sal julle miskien kan begin om die toon van My Skepping, hierdie Aarde te hoor. Moenie meer soos kletterende ketels op 'n ysterherd op haar leef nie. Sy leef, sy dien MY en wag reikhalsend na haar Meester. EK IS

Kom maak die bamboesstokke bymekaar en weef vir julle mandjies, versier dit en maak dit vol feestelike kosse. Maak julle reg vir die nuwe feesgety wat in die eons vorentoe herdenk en onthou gaan word! Julle LEEF in Die Dae!

Kan mens die dag van onheil vergelyk met Die Dag van Verlossing? Nee! Kyk uit, kyk op, want julle Losser staan voor die Deur! My teenpool wil hê julle harte moet bevange in vrees gaan lê, maar sal julle hom die reg daartoe gee? Sal julle harte in die moeras vasval, instede van om soos pronkduiwe in die lug te tuimel van vreugde?

EK Kom, My Kindertjies! EK IS met jou, My Bruid!
HALLELUJAH!"
Amein

## *Nr 15 - 29.12.2015 om 18h20*

(aan Wendy)

“My Kinders, julle moet julle uitermatig verset teen die meesleuring van My teenpool. Nou meer as ooit in die geskiedenis van die mens, is die aanslag teen julle en gaan dit nog verskerp. Moet hom en sy magte nie onderskat nie, maar verberg julle IN MY!

Ek is julle Herberg, julle Skans teen die storms wat deur My Wil oor die aarde gaan woed.

Kristalhelder is MY LIEFDE vir julle. Dit lig jou op en verlaag jou. Dit bring jou tot by My Voete.

Neem nie julle familieband ligtelik op nie. Daar is ’n rede hoekom julle in daardie groep mense gebore is. Ja, om julle te toets en kans te gee om nader aan My te kom, ook is daar ewigheidsredes wat julle dalk nie nou sal verstaan nie. Laat My toe om die sluier effens te lig. Julle sien, omdat julle almal geesteswesens is, is daar vir julle skeppingsredes gegee. Daar is take aan julle toevertrou wat julle nog nie tot voleinding gebring het nie. Die groep geesteswesens wat julle individuele families uitmaak, is so gegroepeer dat julle vaardighede sal opbou wat julle verder sal toerus om julle opgelegde take selfs beter te kan uitvoer. Julle wie so te sê sonder familie grootgeword het, moes weer ander vaardighede aanleer. Alles pas in by My Plan. Wees nie oorweldig deur die gange en sale van Tyd nie, julle is daarvoor geskep soos 'n swaeltjie vir die wind. Kom na My, kom by MY IN. EK IS aan die stuur van My Plan.

My skryfkneg was erg verbaas en opgewonde soos wat sy geskryf het! Dit is goed so! Daar is te veel LEWE om te LEEF om alles binne die kort, hartklop van aardse lewe te kan inpas. Ek het julle LIEF! Kom saam met MY op die Weg van Bruisende Lewe en Ewige Liefde!

Herah!"

## *Nr 16 - 30.12.2015 om 22h00*

(aan Wendy)

"My Kind, Ek weet dat die woorde wat Ek gee verwarring saai en dit is die doel. Ek wil hê dat julle julself diep moet ondersoek, die geraamtes uit die kaste en spinnerakke onder die bed uitkry. Daar sit nog dinge in julle wat uitgewas, uitgestof en sommer weggegooi moet word. ALLES wat nie aan die twee Liefdesgebooie hang nie, is nie van My nie. EK IS LIEFDE! Ek wil hê julle moet slegs Liefde wees, slegs Myne wees. Bloed van My Bloed, Vlees van My Vlees. My innige Bruid. Twee wat Een geword het!

Wees waaksaam vir die rondloper katte wat kyk wat daar te prooi is.

Ek vereenselwig My nie met hulle wie sê daar is reëls buite Myne nie.

Kom, neem die stok en die swaard op en begin werk in die oefenkamp. Hiermee bedoel Ek nie 'n fisiese stok en swaard nie. Julle moet julle spiere begin oefen om fiks te wees vir Die Dag wat Ek julle gaan oproep. Julle sal My Stem hoor, julle wie in My geborge is en sal My instruksies moet kan uitvoer. Vra van My Krag en Ek sal jou bystaan, nou en in Daardie Dag. Wees van goeie moed, maak jou rug reguit, Ek onderrig jou en sal maak dat jou arms 'n boog van brons kan buig. EK is die Een wie My kneg Dawid geleer het om te veg, Ek sal julle ook leer. Die wapens ken julle, die tegniek moet julle nou leer, die taktiek en strategie is Myne. EK IS julle Aanvoerder!

Verwonderd sal julle wees wanneer julle sien watter kleurespel en klank daar in My Skepping is wanneer julle met My verenig het! Ek sien uit daarna om julle te neem om al My kuierplekke te sien en My rusplekke te ervaar. Luister, kan julle die klank daarvan al effens hoor? Dis soos klank van vêraf klokkies van skape wat hoog in die berge wei. Jy op die berghang moet absoluut stil word, en skielik voel jy die wind wat van die valleie af opwaai, en die klank van 'n arend wat krysend hoog draai, en die geur van vars gekneusde gras en die gezoem van bye in die veldblomme. Die bloed bruis deur jou are en jy voel skoon lighoofdig. Daardie wip in jou siel, jou gees, soos wat jy die grootheid van net hierdie

Aarde ervaar; hoeveel te meer vir My Skepping. Kom na MY, My Hart, My Bruid!

Kom kry vir julle van My Kospotte in oorvloed en word versadig in My Liefde. Kom neem vir julle kelkies op en drink van My Barmhartigheid. Want EK IS met julle en Niks sal julle ontbreek nie. Wes nie besorg vir vandag of more nie, EK weet wat julle nodig het en IS julle Voorsiening!

Barmhartigheid en Vrede moet julle oral met My Liefde saam met julle ronddra. Dit sal julle kenteken wees in die dae wat kom. EK Ken Myne en sal My Vlerke oor hulle oopmaak.

Juig en jubel o Geliefde van JaHshua! Want Jou Bruidegom is hier!"

Amein

## *Nr 17 - 31.12.2015 om 12h55*

(aan Wendy)

"Moenie weemoedig word nie My Dogter, My Bruid, wanneer verhoudings opbreek en gemoedere hoog loop oor dit wat Ek jou gee om te skryf (U het my gewaarsku om nie links of regs te kyk nie. Ek verstaan).

Neem nou byvoorbeeld jou serp waarvoor jy so lief is, Ek het dit aan jou gegee en hou daarvan dat jy dit so uitbundig dra. Serpe is nie vir almal nie, sommige reaksies op serpe is skerp negatief, want dit gaan oor hul verwysingsraamwerk (Ek weet Pappa, baie baie dankie vir die serp!). Nou, sal Ek dan wil hê dat almal ewe veel van serpe hou? Nee. Hoekom wonder jy dan dat sommige mense uitbundig nuwe dinge aangryp en ander eers mooi wil deurdink en herkou? (Ek weet dit ook, Pappa). Ek weet jy weet, My Dogter. Ek wil jou herinner dat ’n mens in uitbundigheid soms halsoorkop kan wees en in deurdink en in herkou ’n mens kanse vir die nuwe kan verpas. Leer om altyd jou oë slegs op My gevestig te hou. Ek sal jou nie verkeerd lei nie, Ek sal jou nie laat val nie.

01.01.2016 om 06h15

Dit is die begin van 'n nuwe jaartal vir julle en baie het My gisteraand opgesoek oor die jaar wat kom. Dit is goed en reg. Hier-

die jaar gaan vir julle bring wat julle volk nog nie voorheen beleef het nie en slegs hulle wie totaal in My geborge gaan wees, gaan soos eende op die stormwater kan dryf. Julle moet so wees sodat julle jul naaste kan help en so My Take verrig.

Die tye wat Ek My knegte Nicolaas en Johanna gewys het, is op hande en daar is 'n somberheid wat soos 'n waas die landskap vooruitloop. Ek wil hê dat julle bewus moet wees daarvan, want dit is nou die tyd wat julle gaan moet begin werk om die "voorgevoel van naderende onheil", wat sommige mense kan aanvoel, te gebruik om hulle nader aan My te laat beweeg. Daar is hulle wie dit kan aanvoel, Ek sal julle elke geleentheid gee. Wees reg, voorbereid om My Woorde te spreek in LIEFDE. Hulle wie so vêr heen is in hulle waan van eiewysheid en eieliefde is "salig" onbewus hiervan.

Versterk julle knieë, My Bruid. Ek gaan aan elkeen spesifieke gawes gee wat hulle nodig sal hê om My Take en Dade te verrig. Ek gee die toerusting, julle is in My Diens. Moet dit nooit uit die oog verloor nie! Ek sal julle verantwoordelik hou.

Haal diep asem, blaas julle longe volledig uit. Word kalm. Die Tyd waarop die Hele Skepping gewag het, is hier. En julle is hier, in My Diens vir ’n baie besonderse werk. Dit gaan soms gevaarlik blyk te wees, die plekke waar Ek julle sal instuur, maar wees baie seker dat EK IS by julle is en sal wees en dat julle beskerming My Taak is. Wees vreesloos!

Kom, My Kindertjies, kom nader aan My en slaan julle arms om My en druk julle koppe teen My vas! Neem julle Krag, Liefde en Lig van MY.

Hou julle ore oop en julle oë op My en julle SAL triomferend hierdeur kom! My Bruid, Sy is vreeslik om te aanskou, 'n Leërmag in beweging met vlieënde Vaandels! Wie kan voor Haar staan! KOM MY BRUID! KOM!"

Amein

## *Nr 18 - 02.01.2016 om 12h45*

(aan Wendy)

My Dogter, My Liefling! Hoe mooi is jou gesig, jou glimlag vol

Liefde vir My! Ek wil jou in My arms toevou en naby My Hart hou sodat jy altyd bewus kan wees van MY Hartklop in jou oor. Wees oordadig lief vir julle naaste want daarin sal hulle My Liefde kan bespeur. 'n Lang suurgesig het niemand nog aangetrek nie en tewens is dit nie hoe Ek is nie! Het Ek nie gesê dat 'n fontein van borrelende vreugde in julle sal opwel nie. Waar is julle Vreugde?

Neem toe in die Gawes, bewerk julle grond en hou dop dat geen onkruid daartussen opkom nie. Wees getrou in julle arbeid en julle oes sal oorvloedig wees. Neem tog die "Liewenheersbesie" in ag, hoe vrolik die dopvlerkies is. Die motief pryk in en versier menige kinderkamers en die weersiens daarvan laat mens onmiddellik terug vliet na kinderdae waar julle tussen die lang grasse gelê het en hulle so stip dopgehou het. Het julle al gewonder hoekom hulle daardie naam gegee is? Is dit omdat dit die mens weer kind laat word en dan soos 'n kind jou aandag op My fokus? Of is dit omdat daar vir julle 'n misterie daaraan verbonde is wat na die hemelse rig, want so iets onbesoedel kan nie van die wêreld wees nie? My Skepping is vol vol van sulke lesse, sulke Liefdesbriefies van My wat Ek deur die eeue vir julle versteek het. Kom na My en Ek sal jou onderrig, die werk van My Hande aan julle openbaar.

Hoe maklik sal dit nie wees om vir julle met alles vol te prop soos 'n baba wat uitgepof in sy stoeltjie sit en te lui is om self te eet. Nee, My Kindertjies! Ek sal in My Taak as Ouer faal as Ek julle nie aanhits om self te begin eet nie. Kom kry julle Brood self vanuit My Hand. Vandag piekniek ons in die veld op die kruin van 'n lae berg. Daar is 'n groot ou koelteboom met 'n swaai, heerlike eetgoed en yskoue helder water. Kom kry My daar!

Ek Wil hê at julle My waardig moet wees, sodat julle Bruidskap kan bereik. Moenie meer ronddraai soos verwarde skape wat nie by die drukgang kan uitgaan nie. Kom na MY, Luister na die Stem van die Herder en volg MY!

Kom, neem julle Take op, die van julle wie reeds My Stem daartoe gehoor het. Nie almal het al hul opdragte gekry nie. Leer geduld. Ek is jul Aanvoerder, Ek gee die bevel.

Orde is die sentrale been van die 7 Geeste, maak werk daarvan terwyl julle nog tyd het om al 7 Geeste in balans te kry en werk

ook daaraan om hulle in balans te hou. My teenpool sal alles poog om julle van balans af te gooi. Laat die 7 begin draai, spin met Orde as die sentrale punt en soos 'n giroskoop sal die beweging daarvan keer dat balans verloor word. Allereers moet die 7 in balans wees. Liefde. - Wysheid. - Erns. - Orde. - Wil. - Geduld. - Barmhartigheid. Aan die buitekant Liefde en Barmhartigheid, dan Wysheid en Geduld en binne naas Orde Erns en Wil. Kan julle die patroon sien? Sien julle ook dat die kleur Wit word? My skryfkneg is huiwerig om dit te skryf want dit klink radikaal. Alles behoort aan My, hoe weet julle dat dit nie altyd so moes gewees het nie? In My Skepping is daar Altyd Beweging! Niks is staties nie

Daar is so baie wat Ek graag met julle wil deel, julle wil leer maar julle is nog nie almal reg daarvoor nie. Kom IN MY en Ek sal jou begin onderrig in dieper sake, innige leer. Laat julle wil MY WIL word en Ek sal jou alles wys wat jy wil weet. Kom net eers In MY.

Soos Bemindes op 'n boot wat dryf op 'n lui, breë rivier wil Ek met julle tyd verwyl. Ek wil dat julle My leer ken, geliefd word en wees. Kom saam met My, Ek sal jou veilig hou.

Hou vas aan die beloftes wat Ek aan julle gemaak het, die wat Ek in jul harte ingefluister het. Ek betaal My Beloftes, hou julle oë op My, jul verwagting hoog!

EK IS, julle Myne! "

Amein

## *Nr 19 - 03.01.2016 om 16h30*

(aan Wendy)

"Skryf My Dogter, My Bruid

My Kinders Ek wil hê dat julle die woord Diepte oordink. Daar is baie wat daaroor gaan en waaraan julle vinnig kan dink. Spesifiek wil Ek hê dat julle aan Geloof, Hoop en Liefde moet dink en dan weer aan Diepte. Diepte in My is onpeilbaar. In terme van die Geloof is daar by julle amper nie eers aan die oppervlak geraak nie. Waar is julle met Hoop en Liefde?

My Lieflinge, Ek wil vir julle 'n Lied sing, van Toekoms en Lewe,

van Nuwe Begin en Ewighede. Reik julle arms omhoog en gryp My AAN! Kan julle My verlange hoor, My deuntjies van Toekoms-Onthou wat julle nog nie eens van kan droom nie.

Ek daag julle uit om julle op die deinende golwe uit te werp en saam met My te kom. Neem niks saam met julle, Ek is jul voorsiening.

Ek weet jy wag reikhalsend na My, My Dogter! Dit verswelg jou gedagte, jou hart wel op daarvan en dit is reg! Met uitermate hunkering wag Ek ook op jou, maak klaar met julle voorbereidings. My Hand is aan die Deur!

Kom na My, My Liefling, hier is koel skadu in die snikheet dag. Kom lê jou kop op My been en laat Ek jou druiwekorrels voer van My suiwerste Wingerde, Vye van die beste Boom, die een wat weer gespruit het. Ek wil jou troetel en bemin, jou hart vir ewig Myne.

Kyk, laat niks julle verhinder om na My te kom om daagliks julle denke na My te rig nie. Ek wil hê dat julle My leer ken. Werk daaraan as julle nog nie My Stem vir julle self kan hoor nie. Die dag gaan kom wanneer Ek gaan praat en julle Nie sal hoor nie, en dit tot julle uiterste nadeel. My Kindertjies, dit is nie so moeilik nie. Maak julle harte rein, laat julle Liefde vir My gedy en julle sal My Stem begin hoor. Maar eers moet jy jou wil daaraan vasmaak. Waar julle kortkom, vra van My.

Hoe nietig en klein is die begin van 'n mosterdsaadjie. Hoe magtig 'n boom word dit nie!

Deurdink My Liefling, My Bruid. EK wag vir JOU! "

Amein

## *Nr 20 - 05.01.2016 om 11h50*

(aan Wendy)

"Skryf My Dogter, My Bruid

Julle trouheid in julle harte sal vir julle 'n pand wees. Waaragtig en getrou is julle dan verbind aan My. Wees nie besorg oor hoe julle vorentoe sal gaan nie, want kyk, Ek het alreeds vir julle die Pad toeberei.

Waarheid en Lig is julle deel, as julle In My is, en sal julle geen ware nood ervaar nie, want julle IS dan BY MY!

Julle Liefde vir My is kosbaarder as sneeu in a woestyn, en dit sal nooit verraai of verlaat word nie! Vertrou op MY!

Kom, neem die Goue Weg na My Hart en Ek sal julle inwag, in blye ontmoeting sal Ons omhels en nooit weer van Mekaar geskei wees nie!

Julle prioriteite bepaal nog julle fokus en dit hoort anders om te wees, want wanneer jy jou doel voor oë het, sal jy nie links of regs van die weg afwyk wat jou daar sal kry nie. Moenie moed verloor nie! Julle vasberadenheid tel julle ten goede en julle sal jul mikpunt bereik, naamlik eenwording met My! Hou goeie moed!

Salig is hulle wie honger en dors na Geregtigheid, want hulle sal gevul word. Salig is hulle, want vir hulle het die fisiese geen waarde meer nie. Wees soos hulle en dit wat julle nog terughou sal die regte plek inneem. Ondersoek julleself en wees nie spaarsamig met die harde borsel nie. Kry die drek wat vassit uit en reinig julle in helder water van My.

Neem die Maatstaf op en meet julleself daarteen. Nie die gedrukte letters in verdraaide boeke nie, Nee! Kom na My toe en laat My toe om julle te deurlig. Is daar dowwe kolle in julle skerm waar die eie-ek nog vaskleef sodat My Lig nie helder en duidelik reg rondom jou kan skyn nie? Kyk mooi My Kind, die tyd is nou om werk te maak hiervan. Daar gaan later nie kans wees nie en dan gaan jy sukkel om jou medemens te help wanneer die Storm se woede losgebars het.

Wees oordadig in jou Liefde aan jou naaste, jou Liefde vir die Skepping. Laat dit 'n Kenteken wees aan hulle wie nog daarbuite staan. Die warm gloed daarvan sal harte nader lok en jou die geleenthede gee om van My te praat. Hou My bo in julle gedagtes, julle harte en vanuit jul harte sal die fontein oorloop.

Wees nie besorg oor julle Lewens nie, Julle is Geborge IN MY!"

Amein

## *Nr 21 - 06.01.2016 om 21h35*

(aan Wendy)

Skryf My Lief-Kind!

Pak julle boeksakke op en sit rustig op die groot kussings waar die verhale gelees word. Ek wil hê dat julle vir 'n tydjie net sit, julle oë toe maak en luister na My Stem. Onthou julle die reuk van die klas, hoe moeg julle lyfies was na 'n dag se woel en speel en leer lees en skryf? Net so woel en leer julle skrander aan julle lees en skryf, maar wil Ek nou hê dat julle net sit. . En Luister. . .

Eendag was daar 'n Koning wie oor die hele wye wêreld koning was en Sy mense was vir Hom baie LIEF! Die Koning het Sy Koningin ook Baie Baie LIEF gehad en saam het hulle regeer oor die Koninkryk. Dit het gekom dat hulle 'n Seun gehad het, en die Seun was die Lig in die Koninkryk! Hy het grootgeword en van kleins af was Hy baie Wys en Hy kon sake beredeneer met die owerstes wie reëls gewysig het na hul goeddunke. Die het hulle nie verwag nie, ook nie daarvan gehou dat hulle uitgevang is nie. . . Julle ken die verhale in die boek geskrywe. Dit was soveel soos Pretoria omgewing.

Julle dankoffer is vir My van vandag af, ons is tog op pad daarheen.

07.01.2016 om 06h00

Dit is waar dat julle reeds vêr op die Pad gekom het en Ek wil julle aanmoedig om nie moed op te gee nie. Die kruin voor julle is die laaste een en julle Tuiskoms is om die draai. Neem 'n oomblik om die natuurskoon te bewonder, want julle gaan die paadjie nie weer kan of wil loop nie. Ek het sorgvuldig elke detail daarvan vir julle berei, die klippe en rotskranse, ook die blomme, plante en bome langs die pad en die voëls en diertjies wat daar lewe. Neem dit in, dit voed en verryk jou siel as jy daaroor sou besin. Nooit weer sal jy oor die stuk pad kom nie. Gryp dit aan!

Elke aspek van jou lewe tot nou is vir jou ’n aanduiding en wegwyser na wie jy is en wat jou toekoms in My is, My Kind. Sit daaroor en besin. Laat My toe om julle te onderrig. Daar is nie toeval nie, daar is nie "per ongeluk", daar is net Ek en Ek ken jou deur en deur, en weet wie jy is en het ook geweet wat jou keuses

sou wees. Kyk waar was jy en waar jy nou is! Jy sit hier na My Woorde en luister. . Hoor jy My? Luister weer, luister diep!

Ek laat My Welgeval oor My Kinders reën, die Kinders van My Huis. Wie sal My daarvan weerhou? Dit is My Koninkryk, wie sal iets vir My sê.

Daar is 'n plek vir boekwerk en leer, daar is 'n dieper, groter plek vir Luister. Luister dat Ek julle harte kan Lering gee, waarvan julle nog nooit kon dink of droom nie!

Luister!"

Amein

## *Nr 22 - 08.01.2016 om 03h15*

(aan Wendy)

"Skryf My Liefling, My Bruid

Daar is sewevoudige trompette wat geskal gaan word:

1 - Die Dag van Onheil is hier en kan nie langer gekeer word nie.

2 - die Tyd van Smarte is ophande en moet deurgemaak word om nog enkeles te kan red wat sal wees soos om iemand lewend uit die vuur te pluk.

3 - Die Tyd van Glorie vir die Seun van die Mens, want Sy Tyd het aangebreek en sal nie meer verbygaan nie.

4 - Die Dag van Oë voor My Meester, oë wat nooit slaap nie en dag en nag die doen en late van die mens voor die Troon meedeel.

5 - My Dag van Wraak is hier en Ek sal die nasies dors voor die voete van My Kinders, My Bruid.

6 - Die Dag van Tydings waarin die oproep tot Geloof, Hoop en Liefde uitgaan oor en in hierdie Aarde. Neem Kennis!

7 - Die Tyd van Vernuwinge is op hande. Neem sorg om al jou voorbereidings af te sluit, want Ek wil hê dat julle by My inkom.

Halelu-JAH! Hoog en lofwaardig is U ons Meester, ons Vader ons Beminde! U banier van Liefde is oor ons uitgespan. U Liefde is ons s`n vir alle ewighede en ons Liefde vir U tot in oneindighede!

08.01,2016 om 17h45

Hoe goed en vreugdevol is die samesyn tussen julle, My Geliefdes! Juig! Want JaHshua, EK IS, is met julle!

Ek wil hê dat julle die boodskappe van My kneg Christine moet deurdink met julle harte, en dat julle My dan kom opsoek in daardie verband. Julle sal sien wat Ek vir julle gaan doen! Wees vol Krag en Liefde!

Julle moet My nader met volle verwagting, want daarsonder sal julle niks ontvang nie.

Blaas julle asem uit en trek My diep in julle in. Ek is die lug wat julle longe vol hou, Ek is die geringste kos wat te vinde is by die armste van julle broers en susters. Ek is die veldblommetjies wat jou Pad verfraai, die Water in die put wat julle optrek om julle siele te laaf.

Kom na My, almal wat Honger en Dors het en Ek sal julle laat rus vind."

Shabbat Shalom. "

## *Nr 23 - 10.01.2016 om 16h00*

(aan Wendy)

Mashiach, my Mashiach! Hoe lank nog voor U by my inkom? My verlange is U, U is al vir wie ek leef. U is my begin en met U is daar vir Ons geen einde! HaleluJAHH. Groot en Almagtig is U NAAM. Dra U my lewe soos 'n kleed, my Koning, laat Ons saam elke dag bewandel!

Skryf My Dogter, My Bruid,

Laat elkeen van julle vashou aan die beloftes wat Ek aan julle gemaak het, want My Woord is Waarheid en Ek kan nie lieg nie! Sowaar as EK LEEF gaan Ek jou kom haal om by My in My Ryk te Leef. Dit beteken nie dat jy nie langer hier op aarde gaan wees nie, nee! Daar is werk hier, en Ons Kinders is hier, My Bruid. Hoe kan ons hulle hier los, vir die wolwe gooi? Ek IS LIEFDE! Geen handeling of gedagte wat nie Liefde is, is van My nie. Leer om elke gedagte gevange te neem en bring dit voor My. Elke gedagte, want soos 'n man of vrou DINK in die hart, so is hy of sy. Wees skoon, wees Rein, My Bruid. Ek bemin jou met 'n Ewige

Liefde, kan jy My Liefde aanvoel? Het jy al jouself so op My ingestel dat jy My elke beweging kan aanvoel? Kyk hoe is dit met 'n getroude paar, die een weet dadelik wanneer iets met die ander gebeur het . . Kan jy My so aanvoel? Nog nie? Begin dan selfs nouer op My let, jy sal weet wat My Hart verbly. Verbly julle in My en Ek sal MYSELF aan julle gee!

Die toring was nog altyd 'n belangrike deel van julle gemeenskappe, julle geskiedenis. Oor die jare en eeue het die betekenis daarvan vir julle verander en tog bly die struktuur daarvan onveranderd. Hier praat Ek nie van die klipstapels by die lee doppe waar mense vergader nie. Torings is Vestings en Uitkykpunte. Torings staan op strategiese plekke wat jul die voordeel gee in magstryd en verdediging. Ek Is julle Toring, julle Vesting. Kom IN by My. Ek is julle Skild, julle Beskerming. Ek wys julle wat aankom en berei julle voor vir die stryd wat voorlê. Die geveg is NIE teen vlees en bloed. My Wapenrusting raak nie klaar nie, lemme word nie stomp nie. Julle lees Paulus se beskrywing daarvan en sê dit soos 'n mantra. Ek het nuus vir jou, mantras werk nie. Dit is soos die gebede van die wie op straathoeke staan en bid. Dit is 'n rammelry van woorde sonder een vonkie Liefde vanuit die hart. Dis nutteloos en laat julle in 'n baie gevaarlike plek, want julle het dan NIE My beskerming NIE! Gaan lees dit weer nadat julle tot My genader het en gevra het dat Ek die deel vir julle oopmaak. Wees reg om al jou voorafopgestelde idees uit die venster te gooi, want dit is nie eens 'n fraksie van hoe dit werk nie. Byvoorbeeld, kyk na die deel wat handel oor jou voete. "Die bereidheid om die evangelie van Vrede te verkondig". Die Vrede kan net van My Teenwoordigheid kom, hoor julle? My TEENWOORDIGHEID. Sonder My Teenwoordigheid is jou voete onbeskermd en sal die caltraps wat die vyand vir julle uitgooi julle in so mate verwond dat julle nie verder sal kan gaan nie. Moenie julle voetbeskerming as gering ag nie. Ek weet julle het vir die Ark gevra vir skoene en Ek sal dit voorsien, weet ook dat slegs Ek daardie voetbeskerming kan gee wat julle nodig gaan hê in die dae wat kom. Al wat julle moet doen is om te vra. (Caltrap is 'n verharde, veelpuntige "dubbeltjie" wat in die ou dae op groot maat gemaak is en uitgegooi word wanneer onttrek word uit

posisie om die opponerende mag se voetsoldate en perde te beseer. -skrywer )

Julle wonder hoe dit gaan uitwerk, wat vir julle voorlê en weer sê Ek vir julle dit gaan 'n beproewing wees, ook vir julle wie In My is, want dit is julle taak om Ons kinders by te staan, te voed, te klee en te beskerm, uit die moeras van wanhoop te red waar hulle tot My roep om hulp. Ek is daar by elkeen van julle en sal julle Vesting wees, julle Toring waarin julle veilig is, geborge is. Berei julle daarom dan op die take voor, julle LIEFDE moet vermeerder, want daar gaan tye wees wat dit slegs julle LIEFDE gaan wees wat julle daar sal hou totdat die taak volbring is. Die soort take is daar baie van, maar elkeen van julle het 'n voorliefde vir sekeres daarvan. Omdat Ek jou deur en deur ken en niks vir My verskans is nie, sal jy die take kry waarvan jy hou en jy sal dit voltooi met 'n Lied in jou hart tot My, jou Beminde! Ek het reeds jou hele lewe gebruik om jou op te lei en aanduidings te gee van wat dit is wat jy vir My gaan doen. Gaan na julle innerlike en vra vir verheldering en Ek sal julle leer, julle wys hoe die legkaart van jou lewe inmekaar pas. Niks is toeval, niks is "per ongeluk", daar is NET EK.

Kom, My Liefling, My Bruid! Trek julle goeie dade van LIEFDE aan as 'n linnekleed en omgord jou met die koord van My Bloed wat julle losgekoop het. Daar is werk om te doen! "

Amein!

## *Nr 24a - 12.01.2016 om 22h00*

(Aan Wendy)

"Skryf My Liefling, My Bruid

Laat julle nie opgaar dit wat julle dink vir julle tot nut gaan wees in die toekoms nie. Niemand weet hoe die toekoms in 'n oogwink gaan verander nie. Werk eerder daaraan om julle skatte op te bou waar julle toekoms is, Hier By MY! Wat is julle skatte anders as Geloof, Hoop en Liefde! Julle linnekleed is dade van naasteliefde diens. Moenie verward raak nie, alles is baie eenvoudig. Hou slegs julle oë op MY! Ek sal jou vooraf sê wat gaan

gebeur en wanneer jy vir My moet handel sal Ek jou instruksie gee. Wees versigtig om baie duidelik My Stem te kan hoor want daarsonder is jy gestrand en sal die tsunami-golf van onbeheersde woede jou oorstroom. Dit sal dan baie swaar vir jou wees as jy nog jou lewe behou. Nog altyd het Ek MY VOLK voortydig gewaarsku, gewaarsku van die resulterende straf wat oor hulle gaan kom, want hulle het afgedwaal en idole begin dien, en gewaarsku van lot veranderende gebeurtenisse. Die wie ore het om te hoor, HOOR!

Daar is hulle onder julle wie sig en of gehoor verloor het vir welke fisiese rede en hulle weet hoe erg dit is. Ek wil julle wie daarmee worstel weereens bemoedig en vra dat julle steeds in blydskap sal voortbeweeg, want hoewel julle die verlies ervaar om goed te hoor of sien, het Ek julle kon seën met geestelike gehoor en sig. Moenie meer fokus op die fisiese nie, kyk dieper, luister fyner en julle sal spesiale tydings kan hoor en sien. Julle is 'n toonbeeld vir die wêreld se blindheid en dowe ore. Daar is nie meer tyd om te tob nie, Tyd is so te om en voor julle mooi asem geskep het, is julle By MY! Watter Vreugde gaan DIT nie wees nie! Julle het julle toets deurstaan. Daar is ander wie ook toonbeelde in hulle liggame dra wat nie sigbaar is nie. Dit is tussen hulle en My en hulle ken die rede. Op die regte tyd sal ook hulle verlos word van hulle vlees

Alles, EK Sê - ALLES!! - is moontlik IN MY! Ek is ALLES en so is dit binne MY om te vermag en te volbring. Wees nie ontsteld wanneer dit nie uitwerk so wat jy gedink het nie. KYK NA MY en alles val in regte perspektief. As jy nou nog nie 'n taak gekry het om te doen nie, hou dit in jou hart en werk om nog nader aan My Vaderhart te kom. Ek belowe jou, wanneer jy moet begin, sal Ek jou sê. Daarvan kan jy gewis en seker wees. Hou goeie moed! Vir julle wie reeds take gekry het en wonder hoe dit gaan gebeur, WAG OP MY! EK IS besig in die omstandighede wat daartoe sal lei dat jy jou deel vir My sal kan doen. Wees geheel en al ontspanne IN MY!

Aan die mammas en pappas wie nog klein kindertjies het en wonder hoe hulle in die skokkende gebeurtenisse gaan kan oorleef en grootword, - onthou Wie se Kindertjies hulle werklik is. Ek

weet hoe om na Myne om te sien. Plaas julle HEELHARTIG vir hulle in My Sorg. As Ek jou die vraag moet stel, "wat sal jy antwoord as Ek jou kind van jou wil hê?" Hoe sal jy antwoord? Sal jou eerste hartsoomblik gedagte wees "Ja my Meester, doen aan jou kneg soos U Wil" sal julle die toets geslaag het. As julle histerie voel opwel, gaan dink weer en ondersoek jou hart. EK IS dan nog nie jou Eerste Liefde nie. Ek SAL geen ander gode voor MY duld nie. Dieselfde kan gevra word oor jou eggenoot, ouer, materiële goedere. Gaan kyk mooi, maak skoon voor My! Ek is Barmhartig en neem jou aan in jou ootmoed.

Dit is Goed en Reg om julle tyd aan My te wy. Waar julle nog vasgeval is, rig jul versoek tot My vir uitkoms en wag dan met hoe verwagting vir die veranderde omstandighede. Sien My daarin raak, want dit kan dalk op 'n onverwagte manier gebeur wat nie heeltemal genotvol sal wees nie. Gaan nou reeds na die innerlike en weeg alles in jou lewe op voor My. Ek sal jou wys waar daar nie balans is nie en waar verandering moet gebeur. Wees vlytig in julleself en maak werk daarvan. Tyd is MIN!

Wees versterk in julle innerlike, moenie vergeet om daagliks tot My te keer en daarvoor te vra nie. Ek gee mildelik aan almal wie vra, van My Krag, My Wysheid en My Liefde! Nader ook tot My Gees van Waarheid en Sy sal julle leiding en lering gee. Ek sal jou nie verkeerd lei nie, Ek sal jou nie laat val nie! Glo in MY, Vertrou MY!

Elke siel wie Lig kortkom, sal Ek Lig stuur sodat hulle verheldering sal ontvang. Bly in die Lig en My Ligwesens sal jou bedien van Waarheid en Insig. Laat julle harte in "ontvangs" wees sonder enige kritiek. Vra vir leiding en Ek sal jou bevestiging gee op 'n manier wat jy sal weet dit is EK. EK IS Getrou en die Beloner van hulle wie My getrou bly soek.

Wees nie enigsins bevrees nie, ook nie bekommerd oor die dag vanmôre nie. ALLES, ALLES is IN MY HAND!

EK IS LIEFDE, EK IS julle VOORSIENING! ! !

EK IS!" Amein!

## *Nr 24b - 12.01.2016 Om 23h20 (Aan Wendy)*

"Skryf weer, My Dogter, My Lief

Ek hoor die vrae in julle harte oor hulle wie reeds, sommige vir jare al voorberei aan lewensmiddele en dit wat nodig sal wees om te oorleef tydens en na die Dae van Onheil. Hulle het gehandel volgens My Instruksie en is nie aan te raak of te kritiseer in hulle gehoorsaamheid aan die Stem in hulle binneste nie. Sommige het die Stem as Myne herken en EK IS met hulle, ander het in ’n vreesgevoel begin om bymekaar te maak wat hulle kon. Onthou My Woorde, EK IS in Beheer van ALLES! Selfs hulle wat uit vrees vir hul gesinne en of hulself begin werk maak het van die bewuswording van naderende Onheil, het dit In My Wil begin doen. Die gevaar vir hulle is dat die vertroue in die fisiese voorbereiding kan wees. Dit is 'n baie groot en potensieel fatale fout, want ALLES is in My Hand en Ek kan dit in 'n oogwink wegneem.

Vir almal is My Woord, HOU JULLE Oë OP MY! Kleef My aan wanneer julle klein en hulpeloos voel, julle gewig is niks vir My nie. Ek dra jou IN LIEFDE.

My Kinders, sommige van julle loop al reeds die lang Pad met My, moet nie ontmoedig word nie. Moet nie fokus verloor nie. EK IS julle Vader, EK IS julle Losser, Ek is julle Beminde!

HaleluJAH! ! ! HaleluJAH! ! ! HaleluJAH! ! !

Amein!

## *Nr 25 - 14.01.2016 om 12h12 (aan Wendy)*

Hoe Groot en Lieflik is U, my Beminde, Sterk en Magtig om te Red wie U Wil, hulle wie U NAAM aanroep! Dankie JAHSHUA!!

"Skryf vir My, My Liefling, My Bruid

Dit is waar dat niemand hier alles in plek het nie. Vanoggend se praatjie oor die speelduiwels en kinders se opvoeding is nodig gewees. Dit het jou geskok en jy het voor My kom buig in ootmoed. Ek neem jou aan, staan op, My Bruid! Niks is ooit verlore nie, niks is nie omkeerbaar nie. Die gebede van ouers vir hulle kinders en kleinkinders sal Ek verhoor en Ek sal werk maak daar-

van om die kinders te help vry word daarvan. Sit maar die skrop-borsel eers aan jouself en maak seker om al die spatsels van jou eie kleintyd weg te kry, voor jy jou kinders om verskoning gaan vra. Ja, julle het nie geweet nie, maar die afwentelende spiraal stop by jou. Jy is die een wie hulle kan help deurbreek na vryheid wanneer jy self daaruit vrygekom het. . . Laat My Gees van Waar-heid toe om Haar soeklig oral in jou te skyn en eien die kolle en strepe vir wat dit is. Nou is die tyd om hierdie deel skoon te maak. Vir julle wat reeds bewus was en nie heeltemal geslaag het in die oordra daarvan aan julle kinders en kleinkinders nie, julle vyand, My teenpool werk hard om nie sy gesante, sy oorwinde siele te verloor nie en sal doen wat hy kan om jou te keer. In Die Lig kan hy jou niks maak nie, die dat Ek sê; maak eers jou saak reg voor My.

Daar gaan tye in die toekoms kom waar julle gaan wens dat julle die tyd spandeer het om deur die boeke, My Openbaringe aan My knegte gegee oor die baie jare, deur gewerk het. Maak so, Ek sal vir jou tyd uitkoop. Kom vra My net. Dit is baie belangrik om julself so goed as moontlik op hoogte te kry. Ek sal julle op die regte tyd herinner aan wat julle gelees het. Wees getrou in julle werk daaraan.

Ek ken die toekoms van elk een van My skepsels, ook die ware diensbaarheid van elkeen van My Kinders. Daar kan geen skyn voor My wees nie. Bly nederig, bly diensbaar. Laat My Liefde en Barmhartigheid oorvloei na My Skepping, My Skepsels ingesluit. Moenie meegesleur word met die drifte en emosie van dit wat nou in julle land, My Suid Afrika aangaan nie. Alles lê oop voor My Oë en niks sal by My verbykom nie. EK IS Alomteenwoordig en Ek slaap nie. Wee hulle wie veroorsaak dat My Kindertjies struikel!

Neem die Weg van Geregtigheid. Ek is die Regter. Ek sal die vonnisse uitgee en dit Sal uitgedien word. O, My Kinders, My Kinders! As julle maar kon sien wat Ek sien! Ek sien 'n wonder-baarlike toekoms vir hulle wie IN My is! Ek sien pyn en hartseer en verlatenheid, Duisternis vir hulle wie gekies het om My af te wys . . . Die pyn hou nie op nie, die verlatenheid algeheel . . . Daar is niks, niks van My daar nie en tog is dit net Ek wat jou

daar sal kan help. Ek sal wag totdat jy, soos die verlore seun na My sal uitroep. Wees verseker, EK SAL JOU HELP! Onthou hierdie woorde, sou jy jou daar bevind.

Salig is hulle wie rein van hart is, want hulle SAL My SIEN!

Neem julle werktuie op, moenie terugkyk nie, want dan kan Ek julle onwaardig ag om in My Lande te gaan oes. Wees gefokus, en vas in julle besluit om in My Diens te wees. Ek sien om na hulle in My Diens en Ek sal almal hul loon betaal. Almal is broers en susters, nie een word meer geag as 'n ander nie, almal diensbaar aan My. EK IS die Koning!

Neem tyd om in My Skepping deur te bring, sit en Luister. Ek SAL met jou praat. Gee ag aan wat Ek vir jou influister. Probeer om dit deel te maak van julle daaglikse roetine. Douvoordag het My Boere nog altyd uitgekom om My te kom ontmoet. . . Julle slaap laat, het nie almal beeste om te melk of diere om uit te laat nie . . . Kom ontmoet My met die môredou, Ek SAL jou versterk, jou verkwik en oplossings gee vir die probleme wat jy na My toe bring. EK IS jou Pa, jy is nooit lastig nie, EK IS nooit besig met ander dinge nie. Jy is My Oogappel, My Liefkind en met die geringste aanduiding van jou buig Ek My Oor af na jou. JY IS KOSBAAR!

Kom My Bruid! Kom staan in Jou plek by My en begin om Jou take te doen. Wees Moeder vir die Kinders, Leer die Kinders, Versorg die Kinders, BEMIN MY!

EK IS JOU MAN, EK IS LIEF VIR JOU!

EK IS" Amein!

## *Nr 26 - 15.01.2016 om 16h15 (aan Wendy)*

"Skryf My Dogter, My Bruid

Vandag wil Ek met hulle praat wie nog in die waan van heerssug en verhewendheid vasgeval is. My seuns, My dogters, daar is slegs Een Heerser en dit IS EK! Het julle dalk vergeet dat Ek My Dissipels berispe het toe hulle geredekawel het oor wie die grootste, eerste in My Koninkryk sou wees. Ek het My kleed afgehaal, water in 'n bak gesit, 'n doek geneem en hulle voete gewas. Op 'n

ander keer het Ek 'n klein kindjie nadergeroep. Het julle dit dalk misgelees, misverstaan? Julle harte is verhard en julle nekke stram om voor My te kom buig, voor My wie julle sê julle dien. Hoor My baie duidelik! Ek heers alleen, en naas My, My Bruid. My Bruid is minsaam, nederig, rein en sonder vlek. Sy het 'n ruggraat van staal en My Bloed in Haar Are, 'n Hart sonder weerga, My Beminde, My Vrou! Harte van klip en stokstywe nekke pas nie by Haar in nie. Julle sal julself aan die buitekant van die Deur bevind met die Bruilofsmaal. Ek praat, vermaan, roep tot julle harte, maar julle ore is verstok, jul oë blinde pêrels.

My Koninkryk is LIEFDE! Waar pas julle hart versugtinge in in My Ryk? Julle wil Moses se wette toepas, broer en suster onder klippe vergruis, deur julle eie hande gewerp! . . . Nee, My kinders! Julle wil maak en breek wanneer die reg daartoe SLEGS My toekom.

Kom, besny julle harte, kom in ootmoed voor My en buig voor My voete. Die verlore seun is met oop arms deur sy Vader ingewag. Kom terug na My. Hier is Vreugde, Lig en Liefde, Broederskap en Samehorigheid. Julle almal kom uit My en tot My moet en sal julle terugkeer. Keer gou terug sodat dit kan jubel in My Ryk, engele sing en juig wanneer een van hul broers of susters terugkeer na die Huis! Die Tyd is haas verby waarin julle nog in hierdie bedeling na My sal kan keer, voor die reiniging van die aarde vir die Duisendjaar Sabbat waarin My Bruid en Ek saam sal regeer. Groot is die opgewondenheid! Voorbereidings is haas klaar, net die finale punte word nou afgehandel. .. Die engelekore is reg, die Feesmaal berei, die gaste - hulle wie gevind is, gewas en bruilofsklere aangetrek, is ook meestal in hul plek. EK WAG! My liefling, My Bruid, EK WAG!

Hoor die Stem van die Nasarener! Hy sing 'n Minnelied vir Jou. Hoor die diep Liefde, die sugting na Jou, Bruid van Sy Hart! Sy Stem uniek! Nooit sal Sy Hom kan verwar met enige ander. Hy is Hare, Sy behoort aan Hom! Sy bruilofstent is oor Haar gespan, DIE LIEFDE!

Hoor die Helder Reën wat om en in julle val, julle oeste verdriedubbel! Werk aan die onderhoud van julle tuine, jul lande en maak seker die heinings het nie gate in nie. My Vrugte is soet, My

Koring geil. Ek gee die Reën op die regte Tyd, Ek laat die plante groei, julle is die grond. Hou dit skoon van onkruid. Ek kom julle binnekort besoek, wanneer die oes moet inkom.

My Liefdesleer, My Minnelied is nie vir almal hoorbaar nie. Slegs hulle wie hul harte na My Weë teruggekeer het. My Moses het hulle, julle gesien daar van die Berg Nebo en hy het geweet daar is HOOP! My Moses, saggeaard en Lief vir My, Ek het My Engel vir hom gestuur. Hy was Myne!

Joshua het My getrou gedien, hy het fyn geleer by My Moses... Joshua, My Hart, het geweet JisraEl gaan struikel en val. Vermanings en wegwysers het hy hulle gegee. Hy het uitgevoer, geveg, naby My gebly, leiding gegee. Vandag is daar ook Joshua's onder julle soos wat daar Moses en Elias is. Elkeen het sy of haar taak, elkeen in My Diens! Kom vra My, en as Ek sien dat nederigheid jou deurdring, sal Ek jou sê, aanduidings begin gee. Die wie reeds weet, het ook hul take. Miskien, vir jou siele-heil sal jy nie nou weet nie, maar duidelik jou take vanuit My Mond ontvang. Jy sal jou take enduit uitvoer. Ek sal al My Kinders versterk. Bly naby, geborge IN MY en Ek sal julle rig, julle lei, julle Spys en Drank wees!

Word LIEFDE! My Stem resoneer in LIEFDE, die LIEFDE binne julle Wese. Die frekwensies daarvan solfeggio... 6 Tone, Skep-pingskrag verberg van die wêreldgesag. Soos opgehete, eiewaan skepsels sou hulle erger as 'n Babel kon vermag... Nee, Die hou Ek verborge in My en sal My Bruid die sleutel daartoe kry!

My Beminde, My Bruid! Binnekort sal jy My Arms om jou voel slaan om jou nooit weer te laat gaan! Die ewige toekomstige ewighede kan jy nie eens begin verstaan, dit wat Ons gaan doen, saam, altyd saam!

Geen naywer moet daar te bespeur wees, ook nie wisselval-ligheid nie. Ek moet reinheid en sagmoedigheid sien in My Bruid, skoongewas in die Reën.

Kom, neem My Hand, Ek Wil dat Jy by My moet wees, IN MY, DEEL VAN MY. Ek Wil met Jou deel wat in My Hart is, Jou lei op die Weg vorentoe.

Kom na MY!" Amein

*Nr 27 - 16.01.2016 om 16h00 (aan Wendy)*

"Skryf My Dogter, My Bruid

Hoe noem julle My "Vader" as julle soos straatkinders rondgaan sonder enige beheer, sonder enige struktuur en leef in ellende, prooi vir al wat boos is? Julle wil nie by My Huisreëls hou nie, julle leef nie in My Orde nie en tog wil julle roem om "Vader se Rebel" te wees . . . Wees versigtig, rebellie is wat veroorsaak het dat My HELE Skepping tot 'n val gekom het. In My Huis is nie rebelle nie. Ek moes eons en ewighede se Verlossingsplan begin omdat My Ligdraer besluit het om sy wil op te neem. Voor dit, vir onkenbare ewighede was sy wil verborge in My Wil en het hy My Wil gedoen.

Ek wil julle neem om saam met My te gaan wandel langs die oewer van die meer, daar na waar die water invloei om die diertjies te gaan kyk. Vir hulle vloei die lui waters tussen grasse en waterplante, oor klippe en ruisende skeure. Daar is plek vir klein en groot visse, paddas en allerlei water goggatjies. Voëls trippel oor die blare, opsoek na 'n versteekte happie en naaldekokers flits in die sonlig. Bye zoem iewers waar veldblomme uitspattig pronk, hul gesiggies dansend in die ligte briesie. Dit is tog na alles, diep en heerlik ryk...stil. Wag 'n oomblik en jy begin jou hartklop hoor en die ruising van My Bloed in Jou are. Hierdie is Ons Ryk...wat Myne is, is Joune, My Bruid, My Vrou!

Daar sal tye kom in die nabye toekoms waarin julle sulke prentjies voor julle geestesoog gaan oproep om vir julle oase te wees in die storm wat woedend oor die aarde gaan losbreek. Die dreunings en blitse begin vêraf waarneembaar word. Die opwinding van die komende storm is getemper omdat julle, My Bruid, weet watter nood daar onder My Kinders gaan wees tydens en na die storm. Ek is julle voorbereiding! Kom naby, kom IN MY! Ek het elke nood vooruit gesien en niks vang My onkant nie. My Stem in jou oor sal jou reg lei, My instruksie duidelik. My Krag sal jou deurvloei, My Liefde jou versterk en My Wysheid jou bemoedig. Julle is My arms van Liefde, My Mond van bemoediging. Rig die drenkeling op My, vertel hulle van My Verlossingsplan, dat hierdie My Magsvertoon is, My laaste roep na hul harte om My aan te

gryp en te LEEF. My arms staan wyd oop om hulle te ontvang. EK IS hulle Tuiskoms! Nooit sal hulle weer hoof weg te gaan nie, nooit weer verstote, alleen, verhonger en dorstig nie. EK IS ALLES wat hulle nodig het...hulle moet net na My toe kom!

Gebruik die tyd om inventaris te neem voor My. Laat My toe om vir julle insae te gee waaraan julle nog werk moet doen. Ek ken julle elkeen immers beter as wat julle ooit kan. Vertrou absoluut op My vir elke noodsaaklikheid. My Krag in jou, My Bruid, is die sleutel. Bewaar dit, oordink dit en vra My om dit vir jou te verduidelik. Voorwaar, Ek sê vir julle die dae wat kom, nie gaan verloop soos meeste mense dink of verwag nie. Wees voorbereid vir die onverwagte en wees wakker in jou gees om te weet wanneer Ek jou iets anders wys, 'n beter manier.

Wees soos My Joshua, Ek het hom leer veg, soos Ek My Dawid geleer het. Maak seker die kanale is oop na My, geen hindernisse nie, want dit kan lewens kos. Julle mag nou dink dat dit bietjie verregaande is, maar onthou My Woorde vandag. Daar is nie tyd of plek vir "rammetjie-uitnek" arrogansie nie. Hierdie storm is nie net in My Suid Afrika nie, dit is vir die hele Aarde! Elke persoon MOET presies doen soos wat Ek vir hulle sal sê. Julle moet wees soos die soldaat wie My kom vra het om sy dogter te genees. Hy het verstaan wat dit is om binne 'n struktuur van Orde te wees. So moet julle ook kan funksioneer. Is jy een van My Reddingspan, of dwaal jy rond sonder rigting en sal jy ook gered moet word? Kom, My Kinders, kom, word deel van My Bruid en kom neem jou plek langs My! Daar is werk om te doen!

Waaragtig en Getrou is My Woorde aan elkeen van julle. Hoor My Gees van Waarheid in julle harte, is julle siele oop vir Haar lering? Toets My Woorde in julle innerlike en kom na My met julle vrae. Ek SAL julle antwoord, EK IS dan julle Pa! Word stil voor My en alles sal vir julle duidelik gemaak word. Kom, neem My op My Woord, Ek is nie 'n adamiet dat Ek sal lieg nie. My Woord staan vir Ewig

Soos 'n rivier oor die rand van 'n waterval tuimel, so moet julle uitbundig in My Gees beweeg. Ek staan nooit stil nie en nooit sal Ek twee keer op dieselfde manier vir jou uitkoms bring nie. My Gees is vloeibaar, kom word een met Haar en wees deel van

Haar werksaamheid. Bruisende, polsende LEWE!
Kom na My, word een met My en LEEF! "
Amein

### *Nr 28 - 18.01.2016 om 18h20*

(Aan Wendy)

Alle dank, HaleluJAH! Groot is ons Meester en Koning. Welgevallig is Hy tot in Ewighede!! Geloofwaardig en Apartgestel is U, JaHWeH, Heerser van die Skeppingsmag!

"Skryf vir My My Beeldskone Bruid sonder weerga!

Rein moet julle wees, My Bruid. Ek kan nie kom na 'n Bruid wie nog nie Apartgestel is nie, wie vlekke en skeure in haar kleed het. Kom na My Gees van Waarheid, sodat Sy jou onderrig kan gee, hoe om te maak en waarvan om weg te bly. Slegs 'n nederige hart en ’n leerbare siel sal Sy kan onderrig. Daar is min tyd, maak gou en luister fyn na Haar woorde.

Salig is hulle wie Rein van hart is, want hulle SAL My sien!

Gugulethu. Die put van die hel het daar oopgegaan. Dit wat daar uitborrel gaan in die inwoners in, en daar broei groot onheiligheid daar uit.

Die hitte wat oor die land getrek het sonder reën, het sommige laat wonder of daar ooit weer lafenis vir julle sal kom. Ek hoor die gebede van My Kinders en sal beide fisiese en geestelike, hemelse reën laat val om julle. Julle harte treur oor plant en dier in julle sorg, My Boere en wil Ek julle bemoedig om te onthou dat alle materie vorentoe beweeg en vir die lyding wat hulle moet deurgaan, die sieledele ryklik voordeel daaruit sal trek.

Die Duif is 'n teken van My sorg en onderhouding van julle, My Bruid. Nooit is julle alleen, verlate, verstote en sonder heenkome nie. Ek weet hoe om na Myne om te sien, wie sal My kan verhinder?!

Groot en Verhewe is My Weë bo die gedagtes van die mens. Wie kan sê, "Wat maak U?"

Neem geen sorg oor die dag vanmôre, wat julle sal eet of wat

julle sal drink of aantrek nie. Alles lê in My Hand en Ek sal dit wat julle nodig het mildelik oor jou uitgiet. EK IS jul Voorsiener!

Om 'n blomtuin aan te plant en te versorg neem beplanning en aandag, nougesette werk in ontwikkeling van kleur en geure, skouspel vir My prag voëls en insekte waarsonder die tuin sal treur en doodgaan. Kyk bietjie hoe julle tuine vaar. Is daar suikerbekkies wat jou tuin kom besoek? Glasogies wat die plante skoonhou van peste, bye wat heuning neerlê in korwe? Alles is geïntegreer in 'n tuin. Is jy so met My geïntegreer?

Kom My Liefling, My Bruid! Maak van elke geleentheid gebruik om jul kleed te verfyn, jul tooisels selfs mooier te maak. Asemrowend is My Bruid, My Vrou!

Sowaar as EK LEEF en hierdie generasie geroep het om in My Diens te staan, gaan dit wees soos in die dae van Moses toe Ek die wederstrewiges laat sterf het in die Wildernis. EK SIEN en HOOR ALLES, ook die woorde in jul harte. Ek deursoek die niere van hulle wie sê dat hulle My dien. Niks is vir My verborge nie. Moenie dink julle kan huisgode onder julle slaapmat in jul tente begrawe en dat Ek dit nie sal sien nie! Daar MOET Reinheid in My Kamp wees!

Groot is My Genade vir hulle wie in ootmoed voor My kom buig. Ek sal julle skoner as die witste wol was, al was julle skarlakenrooi. EK IS JAH, wie sal My verhinder in My Besluit?

Geloofwaardig en Getrou is EK, bou julle fondamente op My, Die Rots van die Eeue! Niks kan julle daar verroer nie, niks kan julle voete onder julle uitslaan nie, want EK Lig jou ver bokant die golwe uit!

Kom stap die voetpad saam met My, Ek wil julle wys waar die uitkykpunte is, waar julle oor die valleie kan uitkyk. Die pad is hoog op en in warm sonlig gebaai. In die valleie begin die mis deur die bome en klipskeure trek en versamel in die laagtes en kuile. Ek het julle daaruit gelei en hoewel die pad gekronkel het en klipperig was, het julle nou kon sien hoe vêr julle al gekom het. EK IS Getrou aan hulle wie na My uitgeroep het, en wie die Weg vasbeslote aangepak het. Julle moedigheid het My Hart vermurwe en sal Ek hemel en aarde verskuif om jou uit te red, wanneer jy My aanroep. Wees versterk en bemoedig in dit wat julle hier sien. Die

Weg gaan soms langsamerhand na Bo, en soms is daar rotswande wat julle moet opklouter, Julle is in die Lig, bly in die Lig sodat die mis julle nie oorval en julle verstikkend ronddwaal sonder om die Weg na Bo te vind nie. Die noodkreet vanuit die hart na My, julle Vader, sal My altyd oor die Berge na jou toe bring. Soos 'n hert beweeg EK en verloor nooit My balans of voeting nie. EK IS jou Redder, jou Losser. Magtig om te red! Wie sal My keer?!

Salig is hulle wie arm van gees is - EK IS JULLE ALLES, en niks sal julle ontbreek nie!

Wees die Skape van My Weide!

Luister na My Stem!

Doen My Take!

Word Liefde!

Bemin My, Jou Man!

Wie weet hoe lank die dae gaan draal waarin julle jul laaste voorbereidings klaarmaak? Niemand hier weet, nie eers die engele nie. Op die Regte Tyd sal Ek ingaan by elk van My Dogters wie hard gewerk het om My Bruid te kan wees, hulle wie sonder vlek is. Rein van hart en geklee in die pragtigste, skitterwit linne Bruilofskleed, getooi deur Moeder, van Waarheid bedien en daarop Ag, geslaan, asemrowende gestalte het My Bruid! Apartgestel en Verhewe! Geheel en al Lieflik!

Groot en Uitermate Goed is My Plan vir julle, bly in My Weë. Doen My Take, volbring My take!

Kom, My Bruid, My Liefling!

Kom!" Amein

## *Nr 29 - 20.01.2016 om 05h45*

(aan Wendy)

My Mashiach, hoe wonderbaar is U Verlossingsplan, U LIEFDE VIR ONS, U BRUID!

"Skryf My duurgekoopte, verruklike Mooi Bruid

Ek sing vir julle 'n Minnelied, van Son en Saffier, van Hemel en Dou. Kom luister na My Stem en word omvorm na My Woord. Jul

gees se hakkies is nog vas, maar binnekort sal julle los wees, wanneer Ek by julle sal ingaan, vry om saam met My te vlieg, te gaan na die plekke wat Ek vir julle voorberei het. Plaas julle hande vol vertroue in Myne, en laat gaan jul greep op die fisiese. Alles, Alles is GEES! Hoor My Lied!

Ontwaak uit julle slaap, en hoor die stemme van die Getuies! Maak lampies vol, trek julle klere reg en vee die slaap van julle gesigte weg! Die van julle wie se lampies flou brand weens te min olie, Bid tot My, die Ewige Olievoorsiener! Die Tyd het uitgeloop, maak gou!

Hoe kan julle nog sê, "Ek het alles wat ek nodig het in Moses, in die lee dop versamelplekke, die menseleer? Is julle ore so verstok, is julle so blind dat jul gees dood in julle rond skud soos sade in 'n blik op die solder, vergete? Is julle voete so verstrik in My teenpool se bedrieglikhede, vals drome en gesigte, dat julle nie sien dat die grond onder julle voete verkrummel in die afgrond in nie, wat al groter word soos 'n bek wat oopmaak om verstarde siele in te sluk?! O, My kinders, My kinders! Julle vir wie die Beloftes gegee is, vir wie die Losprys betaal is, vir wie die profete gestuur is. . . HOOR en LEEF!!

Neem My waar, kyk waarna Ek kyk en doen wat Ek doen. . . IN MY is LEWE! Soos kinders leer deur hul ouers te emuleer, leer so van Ons. My Gees van Waarheid SAL jou, leerbare siel, leer. Soos 'n radiostel wat ingestel word om op sekere frekwensie te kan luister, moet julle ook ingestel word op My frekwensie. Dan sal julle My Hoor! En soos 'n radio jou ook toelaat om te kan praat, sal jy ook Met My kan praat. Geslote kanaal net vir jou.

"Dierbaar", "Kosbaar", sê julle om aan te dui hoe iets julle raak, daar waar jul innerlike emosie aan julle siele raak . . . Dit is daar waar julle vry moet kom en julle siele aan My Gees moet raak, een word. Jul "emosie" word dan hemels, nie meer aards, nie meer "dier" nie, maar ontbrand in "vuur", - die "dier" is weg. Daar is net EK, Ek IS verterende VUUR, LEWENDE VUUR!

Neem 'n appel en sny dit deur die lengte. Bestudeer die struktuur daarvan. Sien julle hoe die stingeltjie vas is aan die deel wat die sade huisves? Sien julle dat selfs die sade effens gegroepeer is? Sien julle hoe dik die beskermingsdeel, die vlees van die appel

is? Die kosbaarste deel van die appel is die saad, die vlees daarvan tot genot en gesondheid van die mens en dier. My voëls en diere sien nie die nut van enigiets, behalwe die vlees nie. Die Verbouer sien die Saad.

Soos die mensgemaakte "dolosse" die stormsee se krag breek langs die kuslyne by die hawes, so is My Kinders in die Tye wat kom. Die ontwerp van die struktuur is deur My gegee aan een van julle landgenote. Net so gee Ek vir julle die struktuur, die instruksies vir die vorming van die wat teen die komende stormsee gelê gaan word. . . Net een op sy eie werk nie, julle moet saam staan, met een doelwit. Die digtheid en sterkte van elkeen moet uniform wees, die lyne skoon. Wees bruikbare houers in My Hand.

Die oes is groot en lê wit op die lande, die werkers is min.

Aan julle wie "sielsiek" en "hiper emosioneel sensitief" is, wil Ek uitnooi om na My toe te kom. Ek ken die rede waarom julle gebuk gaan onder die kastydings van My teenpool se gesante. Ek weet hoe om julle te help, wat nodig is om julle tot volle gesondheid te kan bring. Onthou, alles is GEES! Wees voorbereid om julle denkpatrone in die asblik te gooi en stel julleself oop om deur My Ligwesens bedien te word. Alle kennis is beskikbaar, alle Waarheid kan aan julle gegee word. Eers moet julle heelgemaak word. My teenpool het krake en gate in jul potte geslaan. Die mooi glasuurwerk wat Ek daarop geverf het, is amper nie meer sigbaar nie. Julle is vasgevang in 'n web waaruit julle losgesny moet word. 'n Diep kreet vanuit julle harte na My sal al wees wat nodig is om My by julle te kry. Ek is die Enigste Een wie julle waarlik kan help. Min glo werklik dat Ek hulle kan help, weiniges roep My aan vanuit die diep put waarin hulle hulself bevind. Julle sê julle het al gebid en niks het gebeur nie. Was dit 'n hartekreet? "Ja", se julle. Het julle My Hand gesien? "Nee", se julle. Bid tot My en vra vir Lig, sodat julle siel verlig kan word. Ek stuur sonder voorbehoud aan elkeen wie My daarna vra. In stede van om te bid vir spesifieke dinge, bid eerder, "My Vader, HELP MY ASSEBLIEF?!". Eerstens erken jy dan dat Ek jou Vader is, wie nie 'n slang aan Sy kind sal gee wie vir brood vra nie. Tweedens laat jy My toe om dit vir jou te doen wat eintlik nodig is om jou vanuit die

strikke los te kry. GLO jy Ek IS Skepper van Alles, en ALMAGTIG? GLO jy dat EK LIEFDE is, en jou Liefhet met Ewige Liefde? GLO jy dat Ek jou by My wil hê, jou terug wil verwelkom in My Vaderhuis? GLO jy dat Ek hierdie pynigende gebeurtenisse en wanbalanse in jou liggaam toegelaat het, want dit was die beste manier om jou weer by My Voete te bring. Jou siel leef vir Ewig want EK is EWIG! Jy siel, het vanuit My gekom en MOET en SAL na My terugkeer. Kom na My, almal wie MOEG en OORLAAI is, en EK SAL jou RUS GEE!

My Kinders, wees oordadig in die uitgiet van die Liefde wat Ek in julle laat opborrel, want die wêreld is droog, uitermatig droog en benodig Lewegewende Liefdeswater! Versorg die fontein, maak seker dat daar nie klippe inval nie, blare en takke van die sterk winde nie daarop gaan lê nie. Belangrik ook dat diere nie die waters vertroebel nie. Waar julle met die skoonmaak sukkel, kom na My.

Wees altyd bedagsaam, en bedag op My Leiding in elke situasie. Julle is My spreekbuise en My hande, My voete. Julle broers en susters het My Inspraak nodig, My Hulp, maar kan nog nie self hoor en sien nie. Help hulle en jul bekers sal oorloop!

Waarlik en Getrou is My Woord en dit SAL die doel bereik waarvoor dit uitgegaan het. Hulle wie ore het om te hoor, laat hulle HOOR!"

Amein

### *Nr 30 - 22.01.2016 om 06h15*

(aan Wendy)

Die ou Engelse "hymn" - "Be Thou my vision, Thou my delight! Naught be all else to me save that Thou art. Thou and thou only by day or by night, waking or sleeping my Treasure Thou art!"

Skryf My Liefling, My Bruid

Ek bemin jou met Ewige Liefde en sal jou nooit, nooit laat gaan nie! Deurstaan hierdie laaste paar toetse. Ek ken die rede waarom Ek nog nie by jou besoek afgelê het nie. Wanneer julle weet, sal julle straal van blydskap dat Ek gewag het. Wees vol goeie moed, alles sal wees soos dit moet, EK is GETROU en sal

doen wat EK gesê het.

EK IS LIEFDE en waar EK is, is My teenpool nie.

Wees geduldig met My lammers, versorg hulle. Ek is binnekort daar en sal dan self tot elkeen van hulle praat. Die Tyd het uitgeloop en My aankoms is op hande.

Wees versterk in julle innerlike, leer om Krag van My te vra wanneer die boosheid julle uitmergel. Dit is deel van die laaste toetse. Staan op, My Kind! Jy is KIND van Die Huis! EK HET die Wêreld OORWIN!

Ek sien die Einde van die Begin, en Ek het dit al vir julle vertel, dit wat kom. Julle, My Kinders sal nie onverwags oorval word nie.

Hoor die stem van die bokmakierie, sy fluit vanuit 'n rotsskeur. Neem kennis van wat in die natuur aangaan. My Skepping weet wat voor die deur staan. Let op, leer om saam met die natuur te beweeg, want sy is in verbinding met My. Hierdie Aarde kreun, in barensnood is sy. Die pyne kom al meer opmekaar!

Helder Son skyn op My Kinders neer. Soos sonlig tot goeie gesondheid is vir My Skepping, so moet My Kinders hulle in My Strale baai. Daar is geen siekte of boosheid wat naby My Lig kan bestaan nie. Donker vlug van Lig, soos vrees voor My GEES. Voorwaar, Ek sê vir julle; GLO en vir julle sal OOPgemaak word!

Wees bedagsaam en bedag op My, word omvorm tot Liefde! Moenie dat die Wêreld en die gesante van My teenpool julle beroof van julle kroon nie. Bid tot My en Ek sal vir julle diep, onverstoorbare kalmte gee. Asem In, Asem uit. Fokus op MY. Julle moet die wêreld beïnvloed, nie andersom nie. Staan op! Julle is Kinders van Die Huis!

Aanmatigend is hulle wie dink dat Ek op hul musiek dans, Ek by hul planne sal inval omdat hulle sogenaamd "in My naam" bid. Hulle koggel My met hul woorde, hul gedagtes en hulle gaan hul fout agterkom wanneer dit te laat is vir hulle. Wie dink hulle is hulle, wie dink hulle is EK? EK IS HEERSER van die HEELAL, SONDER BEGIN of EINDE, ALMAGTIG, VERTERENDE VUUR, EWIGE LIG, LEWE in, van en tot ALLE EWIGHEDE, LIEFDE ondeurdringbaar. . . Wie is hulle?

Ek wil julle vertel van die Liefdesbed wat Ek vir Ons ingerig het.

Dit het die fynste linne op en van geurige hout gemaak en versier met die beste en mooiste gesteentes. Die behangsels is wasig en roer in die briesie wat inkom van die Tuine daarbuite. Die smaaklikste en fynste kosse is uitgestal, keurig en mooi versier. Die uitmuntendste wyn is vir ons uitgegiet in bekers, spesiaal vir die geleentheid gemaak. . . Die oomblik sal nooit weer herhaal word nie, die oomblik wanneer Ek by My Beminde, My Bruid sal ingaan!

Laat julle nie van stryk af bring nie, laat niks julle oë van julle doelwit afneem nie! Soos 'n atleet slegs die wenpaal sien, moet julle ook net vir My so sien. . EK IS julle WENPAAL, EK IS die PRYS. Doelgerig en gedissiplineerd moet julle strewe om die wedloop met sukses af te lê. Werp alles in die stryd, julle sal nie teleurgestel word nie. EK IS DIE WEDLOOP, EK IS DIE WENPAAL, EK IS!

Uitgelate, soos kinders moet julle baljaar in die Reën wat Ek om julle laat val. Julle jubellag sal helder en duidelik oor die vaal, stowwerige landskap uitklink en hulle bring wie nie meer kan onthou hoe om te lag nie.

Karige meubels was daar in My Boervolk se huisies na die laaste vryheidsoorlog, erg verlate het hulle gevoel na die verraad van "volksgenote" en die Efraim se nydigheid. Ek betaal terug wat aan My Volk gedoen is. Moet julle nie daaroor bekommer of julle daarmee ophou nie. Die oortreding was teenoor My.

Mense se lewens is soos seepbelletjies, die wonder en plesier hou net so lank, dan gebeur dit dat die belletjie bars en hulle sit dan met seepsmaak in die mond, brandende oë en ontnugtering. Netso is die lewe wat My teenpool aan mense voorhou. Die droë winde en doringtakkies wat dit laat bars, is deur My gebring, want Ek Wil dat julle eerder die ontnugtering hier deurmaak, waar julle tot My kan roep en Ek julle spoedig kan help, as wat julle in die hiernamaals met skok gaan agterkom dat alles wat julle geglo het, 'n vervalsing was, soos wat 'n seepbelletjie kleurvol in die sonlig julle verwonder het, net om in jul gesigte te bars.

Tot tyd en wyl dat daar nog nie die duidelike gebeurtenisse, soos deur My aan julle gegee is, sigbaar is nie, moet julle nie dink dat daar niks aan die gang is nie. Die wiel is reeds aan die draai en

My teenpool weet dat die tyd vir hom ook haas verby is. Vir 2000 jaar wag Ek hierdie tyd af en dit is nou HIER. Hou goeie moed, wag vir My instruksie. Ek het reeds My Plan in werking en hulle wie reeds My take ontvang het, is in plek en hul wag op My Woord.

Groot en Barmhartig is My LIEFDE vir My skepsels. Dit wat kom, gaan almal kans gee om gouer tot My te kom. Aan My kinders is hul wil teruggegee om daarmee vir My te kies of nie. Hul onkunde van die Sieleleer is deur My teenpool bewerk en maak hul nie minder daaraan onderhewig nie. Verseker sal elkeen met Waarheid konfronteer word en hul reaksie op Haar sal hul toekoms bepaal. Die Liefdesleer is 'n struikelblok vir hulle wie nie in die gloed van My Liefde kan staan nie. Daarvoor is daar nie verskoning nie. Almal wie My Stem hoor, hoor LIEFDE.

Wees werksaam in Liefde, wees deurdrenk van Liefdesdade en julle SAL die vrugte daarvan pluk.

Kom, wees leerbaar en getrou aan jul onderrig deur My Gees van Waarheid. Sonder die Verglansing het julle nie kans nie. Wees gevul, wees deurdrenk, wees ontbrand!

Kom My Bruid! Kom!"

Amein

## *Nr 31 - 23.01.2016 om 05h20*

(aan Wendy)

My JaHshua, mag ons almal in U Sabbatsrus ingaan. Mag ons die werk doen sodat ons U sal sien. Mag U ons getrou vind op die dag van ons besoeking.

"Skryf My Liefling, My Bruid

My Wil SAL geskied, My Woord SAL bewaarheid word. Ek IS GEES, wie sal My keer?

In gedaante het Ek as mens gekom, My Skepping besoek om die Kinders die pad terug te wys na die Vaderhuis. Nou kom Ek terug as GEES om My Bruid, wie haarself gereed gemaak het en die vlees afgelê het na My te neem, Haar met My te verenig. Hoe soet sal die weersien wees! Soos die oggend verglans voor die

son opkom, so verglans Ek Jou, My Bruid voordat Ek na Jou kom!!

Hoor die koor van voëls, hulle kondig My koms aan. Hulle kan nie anders om My aan te kondig nie, EK IS hul Meester. Hulle doen My Wil. Ek versorg hulle. Ek weet van elkeen van hulle wat val. Is julle nie meer werd as hulle nie? Doen My Wil, Ek sal vir jou sorg, kondig My koms aan, verfraai die wêreld met julle lofsange aan My.

Elke oggend word julle wakker in 'n wêreld wat vir julle oë nie verander het nie, tog is die ratte aan die draai en sal niks kan keer wat nou binnekort op hierdie aarde gaan afspeel nie. Dit is Tyd, en soos tyd vir julle altyd vorentoe beweeg, gaan My Verlossingsplan ook vorentoe. Dit is die einde van die Skeppingsweek en tyd vir Sabbat, rus van My teenpool se werke. Hy sal van alle mag onthef word wat deur die mens aan hom gegee is. Magteloos sal hy en sy gesante, en die wie hom gevolg het vir ’n Duisend jaar My Goedheid en Liefde moet aanskou vanuit hul kluistering. EK IS SKEPPER, My SKEPSELS SAL MY ONDERDANIG WEES. Ek en My Bruid sal in LIEFDE die skepping na Lig begelei, verharde materie na geestelike verlossing lei, na LIG, na LIEFDE. Wie kan My Wil teenstaan. EK IS!

Enige kunstenaar sal vir jou sê dat as jy die 7 kleure meng jy slegs bruin sal kry, en hulle is reg. Kunstenaars se medium en fokus is materie, om kleur en vorm weer te gee vir ander se genot. Bruin is nog altoos die kleur van My Boervolk. Meng jy dan die kleure IN LIG is die resultaat WIT! Die kleure lig moet gefokus word anders bly dit net individuele kleure, EK IS jul fokuspunt! Ek maak van die 7 Deugde WIT LIG, in jou moet ook die WIT LIG opgaan. Dit straal uit na elke uithoek van My Skepping. Weet julle nie? Strewe, strewe hard om die 7 in julle te ontwikkel sodat Ek julle kan fokus tot WIT LIG!

Salig is hulle wie hul rug op die wêreld gedraai het en My volg. Ek bedoel nie dat julle huis en haard moet opgee en in 'n grot gaan bly nie, nee, Ek het jou immers in familie geplaas, met verantwoordelikhede. In jou hart, in jou gees het jy die wêreld se verloklikhede en hartstogte afgelê en volg julle My nougeset in My Weë. Julle hou My twee gebooie met vreugde, en bedien die honger en

dorstige wêreld met hemelse Spyse, hulle wie genoegsaam ontwaak het om daarna te soek. Daar is hulle wie soos 'n hondsdol hond langs die waterbak gaan lê, maar nie drink nie. Vir hulle kan julle niks doen nie, bid tot My vir Genade vir hulle.

Weerwraak is iets wat aan die opborrel is tussen My Volk en is NIE uit My uit nie. Ja, daar is teen julle oortree, ja daar is regstelling wat gedoen moet word, maar EERS moet julle My kom vra hoekom dit oor julle gekom het. My knegte het julle al male sonder tal geroep tot ootmoed oor dit wat julle teen My oortree het. Kom wraak My toe? Beloftes wat verbreek is, in My gesig gespuug is, My Liefde versmaai is? Kom wraak My toe? Julle saak is My saak, maar kom ons maak eers die saak tussen ons reg. Verstaan mooi, julle weerwraak kom NIE van My nie en alvorens julle nie die knie voor My buig nie, SAL Ek toelaat dat die hooi-vurk julle deurwerk om die kaf van die koring te skei. Ja "die Volk moet saamstaan", ja "die Volk moet verootmoedig" MAAR dit begin by JOU! 'n Volk is 'n groep mense. Mense, mens, jy! Daar kan nie "Volk" wees as daar nie 'n "jy" is wat met My die saak kom uitklaar nie. Julle weet wat "die saak" is, die Regter in julle kla julle aan wanneer julle lank genoeg stilbly en nie julle vingers wys na ander nie. Dit gaan oor JOU! Ek sal sorg vir elke "ander". Hulle sal, soos jy, ook elkeen voor My "die saak" moet kom uitklaar. Ek het met My Hooivurk deur Israel gewerk in die jare in die wildernis. Sal Ek dit dan nie ook nou, in hierdie tyd ook doen nie? Hou op om na ander te kyk as die skuldenaars en kom maak eers REG met My. Daarsonder kan en SAL Ek jou nie gebruik in My Verlossingsplan nie. Ek het gepraat.

Wees getrou aan die taak waarvoor Ek jou gekies het. Moenie daaraan dink dat jy nie bevoeg is nie, jy is nie. Maar My Salwing op jou is al wat jy nodig het.

Wees getrou aan My en julle sal nie faal in julle take nie. My Bruid is Myne en Ek is Hare! My banier oor Haar is LIEFDE!!

Seën mekaar in My, Bid vir mekaar vir Lig en Liefde. Dra mekaar op aan My en julle sal My Eensgesindheid begin ervaar.

My Bruid, My Bruid! Hoe verlang Ek nie om julle in My Arms te hou nie. Werk hard, leer vlytig en Ek SAL julle die begeerte van julle harte gee, Eenwording met My!" Amein!

## *Nr 32 - 24.01.2016 om 06:25*

(aan Wendy)

Skryf My Geliefde, My Bruid

Sowaar EK LEEF kan en sal Ek My Verlossingsplan nie verander nie. Alles is GEES en SAL en MOET tot My terugkeer!

Oordink dit: Soos wat daar nie vir Adam 'n Hulpmaat was nie, iemand soos hy, het Ek vanuit hom vir Eva gehaal en haar as bruid na hom gebring. Net so is Jy, My Bruid vanuit My en is Jy My Hulpmaat. Ek kom binne kort, hou moed! Ek is LIEF vir jou!

Soos die Naboom se sade vêr skiet en opgroei tot in eie reg sal julle, My Bruid, ook sade skiet wat bome sal word. (Kandelaarboom). Neem kennis van die natuur, Ek werk nie teen My Orde in nie. Soos wat Ek die natuur ingerig het, sal dit ook so wees wanneer Ek My Aarde herskep het. Wonderbaar en nuut gaan dit wees en vir julle wie hierdie aarde sal onthou, gaan julle in verwondering staan oor My nuwe maaksels. Die 3 sal deurgaan : Geloof, Hoop en Liefde.

Neem die Goue Weg en kom na My! Ek wag vir julle soos die Vader die Verlore Seun inwag. Die vetgemaakte kalf is reg, die wyn en ander kosse voorberei. 'n Pragtige nuwe kleed lê reg vir jou en ’n ring vanaf My Hand wag op jou. Wil jy nie na My terugkeer nie? Wil jy nie jou hardkoppigheid en diknekkigheid laat staan en in ootmoed buig nie? Wil jy tussen die varke bly sit, verhonger en wees? Kom My Kind, Pappa verlang om jou in My Arms toe te vou, jou kop op My Bors te druk en in jou oor te fluister "Jy Is HIER! EK het jou!". My Kind, daar is 'n baie, baie groot vuur wat aangesteek is en dit verteer alles in sy pad! Die honende skree daarvan jaag vrees in. Die vuur is op pad na jou, My Kind! Wil jy nie kom, My Hand aangryp sodat Ek jou daarvan kan red nie?! Kan jy dit nie hoor nie? Kan jy nie ruik hoe alles om jou na brand begin stink nie, die smeuling sien van die stomp waarop jy sit nie?! WORD WAKKER! Help My om jou te red! Steek net jou hand uit!

Die Tyd het uitgeloop! Ek wens julle kon sien hoe donker dit al om julle geword het.

Lees die boekrol van Henog weer en Leer! My orde is nie soos

aan julle vertel is nie. Laat los die fisiese en gryp My aan. EK IS Waarheid.

Daar is nie genoeg boeke, papier, skryfgereedskap om alles te kan neerpen oor wat in aantog is nie. Hierdie is die Einde van die 1ste Skeppingsweek. Baie, baie dinge gaan vorentoe verander, dinge wat julle as vanselfsprekend aanvaar. Begin met hemelse oë kyk, Ewigheidsoë, dan sal julle dalk glimpse begin sien van waar Ons nou in My Verlossingsplan staan. Dit is op 'n Mespunt.

Soos wat die geute aan 'n huis die reën opvang en met ’n afvoerpyp na die watertenk to lei, so moet julle My Reën opvang vir die dae wanneer julle die Water gaan nodig kry. Ek voorsien aan Myne, nooit sal julle sonder Water wees nie!

EK IS julle Voorsiening, EK IS julle Lig. Moenie bevrees word wanneer dit donker is nie. Ek is met julle, die Lig wie in julle skyn. Onthou jul take wat deur My aan julle gegee is. Waar Ek is, kan geen duisternis staan nie. Hoor My Stem, Skape van My Weide! Hoor My Stem, My Bruid! EK IS!"

Amein.

## *Nr 33 - 26.01.2016 om 05h00*

(aan Wendy)

Skryf My Liefling, My Bruid

Duur gekoop is julle, My Hartklop, My Weide!

Ek wil dat julle vir julle 'n paar Waarhede in julleself ets, wat nie sal verdof of verweer gedurende die Tyd wat aangebreek het nie.

1 - EK IS jou Skepper en EK is LIEF vir Jou met Ewige Liefde

2 - EK IS Getrou en SAL Jou nooit verlaat nie

3 - EK IS Jou Voorsiening, Jy SAL niks ontbreek nie

4 - Jy IS deur My geroep, My Salwing is op Jou en Jy het niks meer nodig nie

5 - EK het hierdie Tyd verkort, Jy SAL Jou take volbring

6 - JY het vanuit My gekom, Jy sal na My terugkeer, niks kan jou uit My ontruk nie

Hierdie is net 'n oomblik tussen twee hartkloppe, dan is dit verby

en lê die Ewighede voor Ons uit, My Liefling! Hou goeie moed, Julle SAL My Stem in julle oor hoor, die leiding van My Gees van Waarheid hê. Ek sal My Geliefde nooit sonder verweer laat nie. SY IS 'n magtige Leër met vaandels wapperende, SY IS in beweging en wie sal teen Haar kan staan? Sidder, o magte van My teenpool! My Geliefde het opgestaan, geklee in reinste, wit linne, versier met Haar juwele! Krag, Liefde, Waarheid en Wysheid is IN Haar. O, My Beminde! Hoe LIEF het EK Jou!

My Geliefde is Myne, en EK IS Hare. My Banier van LIEFDE is oor Haar!

Gaan en oorweeg weer die aspekte van julle lewe, weeg dit en heg 'n waarde daaraan, 'n Ewigheidswaarde. My Gees van Waarheid sal julle daarmee help. Wanneer julle klaar is, besluit wat julle wil behou en wat julle gaan los om soos kaf in die wind weg te waai. Ek sal julle nie verkeerd lei nie, wees net seker dit is My Stem waarna julle luister.

Niks is ooit verlore nie, wanneer julle vlees geknyp raak, dat julle daaruit verlos wil word, het julle tot die besef gekom van My Hand op julle. Kies MY! Ek Is julle Verlossing en Ek SAL julle verlos van julle materiële liggame. Eenwording met My!

EK IS. Dink diep hieraan. Nie met julle harsings nie, maar met julle harte. EK IS. My Bruid, wanneer Ek by Jou ingegaan het, is dit "ONS IS". Dink diep daaroor!

Ek sal vir Jou, My Geliefde, kom haal in die Tye wat kom om saam met My te gaan wandel langs waterstrome. Ek sal Jou verfris en versterk, jou kos met My Hand voer, terwyl Jy met jou kop op teen My Bors lê. Wees gerus, EK IS met Jou!

Laat My Liefde vir My Lammers in julle opwel. Ek sal vir hulle voorsien soos wat Ek vir Jou gewys het. Wees elke oomblik IN MY! JY IS toeberei, JY sal nie faal nie! Wees sterk en versterk! Ek is jul Rusplek, Ek is die Boom langs die Weg waarop julle loop. BLY IN MY!

Laat hulle wie nog na My soek in hierdie tyd, na My toe kom, soos Kindertjies sal hulle in My Koninkryk inkom. Hierdie Tyd is juis om hulle, wie deur die benoudheid van gees, hulleself tot My sal wend, te red, soos om rokende stompe uit die vuur te ruk.

Slegs Ek kan hulle tot Lewe wek, slegs Ek kan en sal hulle red! Kom ALMAL wie moeg en oorlaai is, Ek gee RUS!

Sowaar as wat EK LEEF, Ek sal My Plan uitvoer op My Tydlyn. Die mens het My Tye verander en verdraai en daar is onwaarheid aan My Volk gevoer. Groot wins word gemaak uit die mens se tydlyn en harte en gees word opgejaag soos wat voëls deur jakkalse verjaag word. Kyk mooi, sien en eien die leuen van die Waarheid. My Gees lei hulle wie aan Haar voete sit. My Kinders, moenie glo wat julle in wêreldnuus sien of hoor nie. Dis is alles ’n marionettespel. Moenie glo wanneer julle hoor Ek het gekom, hier of daar, nie. My Bruid, Julle ken die Waarheid, gee dit deur aan die Kinders.

Ek het so baie om te vertel, so baie om aan julle deur te gee! Kom, bring julle harte nader aan My, sodat Ek julle kan onderrig! Die tyd is hier vir julle om soos Een My Stem te hoor, My Instruksies te Volg en te Doen. Die wie ore het om te hoor, laat hulle HOOR!

Kom na MY, My Geliefde! EK WAG!"

Amein

## *Nr 34 - 27 en 28.01.2016*

(aan Wendy) 27.01.2016 om 22h10

Skryf My Liefling, My Bruid

Soos ontkiemende saad uitswel in voorbereiding vir die eerste blaarstingel en wortel wat uitkom, so is julle nou, My Dierbares. Net omdat julle nie noodwendig iets kan sien gebeur nie, beteken dit nie Ek is nie besig met en in elkeen van julle nie. My Wonderwerke is aan die gebeur in julle GEES, daardie Geesdruppel waarvan julle vanoggend hoor praat het. Moenie met "halwe ore" luister en lees nie, hierdie tyd is vir julle uitgekoop en mag nie verspeel word nie. Julle sal julself vir ewighede verwyt daaroor. Wees versiende en gryp elke oomblik en geleentheid aan!

Groot is My Genade, My Barmhartigheid teenoor elkeen van julle, My Kinders! Waaragtig en Getrou is EK, My Bruid! Gee Water aan hulle wie dorstig is, deel julle Brood uit. Alles kom vanuit MY,

wees Gasvry met die Manna wat Ek in Môredou vir julle gee.

Wees getrou in jul take en Ek sal jul Beloning wees. Ek toets die hart en die niere, elkeen deursoek EK. Getrouheid en Apartgesteldheid is wat Ek verlang van julle. My Bruid. Werk nog 'n keer met 'n fyntand kammetjie deur jou lewe, jou hart, jou siel en verafsku dit wat jou van My kan skei. Jul opofferings en ontberings tot op hede is alles voorbereiding vir wat gaan kom. Elkeen se lewensreis hier was anders en daar is ander vaardighede aangeleer. Julle sal mekaar aanvul en ondersteun, soos 'n multidimensionele legkaart is elke stuk uniek en pas slegs op 'n sekere manier in die groter prentjie in. Plaas jouself in My Hand om jou in die regte plek in te skuif op die regte manier, op die regte tyd. Wees kalm, wees bedag op My. EK IS jul Herder en Leidsman, EK IS jul Beminde wie verlangend na julle uitsien, My Liefling, My Bruid!

28.01.2016 om 10h55

My Kinders, julle moet werk aan die Kalmte van jul gees. Dit ontbreek nog. Situasies gaan skielik verander en jul samelewing gaan in 'n war verval. Dit is dan wanneer julle die Bakens van Kalmte gaan wees na wie die verdwaalde en verwese gaan kom, die Lig wat vir hulle die Pad na My sal wys. Julle sal dan ook reeds jul take ontvang het, want dan het julle reeds tot My Diens toegetree in hierdie finale deel van die Skeppingsera. Daardie Kalmte kom van Vrede wat net by My te vinde is. Kom soek na hierdie skat, dit is besonder nodig vir julle sieleheil in die dae wat kom. Dit is 'n kenteken van Myne, hulle wie My Merk dra.

Geloof, Hoop en Liefde. Maak vir julle daarvan bymekaar en stoor dit. Daar is geen vervaldatum nie. Onbederfbaar, Ewig en Duursaam. Werk dit in julle kleed in, omvou julle daarmee. Julle sal nooit beskaamd staan nie! GLO MY, HOOP IN MY en WORD LIEFDE!

Sowaar as wat EK LEEF en Julle vanuit My kom, EK IS SAL My Bruid kom haal in die middernagtelike uur en by Haar ingaan. In die na-nag sal Sy Haar nuwe rol as Moeder opneem en vir Ons Kinders sorg, versorg, veg. Wees Gereed!

Laat Lofsange julle ore tintel soos wat jul monde, jul harte oorloop van Liefde vir My! Laat die Gees in julle opstyg op vlerke soos

wat die Wind, Gees van Waarheid julle oorspoel. Wees oordadig in jul Liefdebetoning aan die skepping, aan jul naaste. Die Tyd is OM! EK is HIER!"

Amein

## *Nr 35 - 29 en 30.01.2016*

(aan Wendy)

Skryf My Dogter, My Bruid

Ek wil dat julle vir My gaan kyk na julle geestelike voorbereiding, daar skort die een of ander en Ek wil hê dat alles in plek moet wees. Dit is soos 'n bergklimmer, wie die aand voor sy laaste klim na die kruin, sy toerusting weer en weer nagaan. Nie omdat hy aan die kwaliteit twyfel nie, maar net om seker te maak dat alles daar is wat hy nodig mag kry, op die regte plek, geen skaafmerke of krake nie, koorde is reg opgerol sodat dit nie op 'n kritieke tyd sal knoop nie. So wil Ek hê moet julle weer deur julle geestelike voorbereiding gaan. Waar iets aandag nodig het, bring dit na My. Ek het dalk vir jou 'n ander stuk toerusting wat een of meer van joune sal vervang. Dit sal ook ligter en sterker as joune wees. Die ander is dalk so eenvoudig soos 'n ritssluiter wat nie mooi toe is of 'n klappie wat nie toegeknoop is nie. Gaan kyk sorgvuldig. Jou "klimvaardigheid" is wat Ek jou gaan gee. Jy het nie op eie krag of wysheid gekom tot waar jy nou is nie. Vertrou op My om jou tot bo, tot by die bergpiek te bring.

Soos die weer- en terreinomstandighede onherbergsaam is daar aan die onderkant van die piek, wind, sneeu, klip, geen plantegroei om te sien nie, so sal en moet dit om julle wees. Daar is nie baie wie die durf en moed het om die Bergpiek uit te klim nie. Kom, ontmoet My DAAR!

Ek sing vir Jou 'n Lied, My Liefling, van Trou en Liefde, van Geborgenheid en Vreugde. Laat jou hart toe om dit te hoor! Te lank was jy daarbuite in die wind en weer, EK IS jou Herberg, Jou Vesting. Nooit ooit sal Ek Jou kan laat gaan nie. Jy is bloed van My Bloed, vlees van My Vlees. Jy is My Bestemde Vrou. Rus daarin!

Alles sal wees soos wat EK die bestem het. Ek weet immers alles en het van die begin geweet wat sal gebeur. Ek het ook My Kinders vertel wat sal gebeur, daar is niks om te vrees nie. Die Weg lê helder en reguit. Niks sal of kan gebeur wat Ek nie reeds gesien en beplan het nie. Rus in My Voorsiening.

Kom, neem die beker op van die tye wat voorlê, daarin gaan wees die hartseer van mense, die skok, vrees, benoudheid, siekte en ellende. Ook die woede en ontnugtering van hulle wie in die strikke van My teenpool beland het en dan tot 'n mate van Waarheid sal kom. Ek sê dit is 'n beker wat Ek aan elk van julle gee, want dit wat daarin gaan sal Ek verlos, heelmaak, verkwik en tot Lewe bring soos wat julle die beker ledig. Nooit sal julle self daarvan siek of geteister word nie, Nee. EK IN Julle sal dit vermag. EK IN JULLE bring Hemel tot by aarde en Ek sal hulle ontruk wie na My uitroep, My aangryp. Julle moet gaan dink, nie met julle harsings nie, hoe Ek dit deur julle gaan doen. Wanneer Ons EEN is, My Vrou sal Jy en Ek die brandende klere van die vlugtendes doof, die vodde verwyder, skoon maak, heel maak. Saam, ONS IS ’n SPAN, Ons is EEN. Hoor My Lied in jul are, My Bloed, My Lewe.

Kom almal na My toe wie moeg en oorlaai is, EK GEE RUS!

Kan julle die vroeë môre Verglansing keer? Kan julle die koor van voëls beheer? Ek is Skepper, Ek is Redder en SAL My Kinders na My Huis bring. Ek is Beminde en Man en SAL My Bruid, wie haarself nougeset voorberei het, kom haal, by haar ingaan en EEN WORD. Wie kan My keer?

Sewe dae in 'n week, 4 weke in 'n maand, 12 maande in 'n jaar, 100 jaar in 'n eeu. Hierdie is die einde van week 1 se skeppingsdae. Eeue en Ewighede lê voor wat Ons SAAM gaan deurbring, skep en ons verlustig in Mekaar. Ek wag kreunend van verlange om Jou in My arms te omvou.

Begin julle die prentjie kry van "Huwelik"?

My Bruid se smagtende hart gaan soos die geur van wierook op en verbly My, dit trek My aan. My Beminde is Lieflik, haar verblindende helder glimlag en skitter oë het My Hart aangegryp. O, My Liefling, My Bruid! Ek sien Jou in elke doudruppel, in elke sonstraal, elke blaar, elke korrel sand. Jy is die rede vir die Verloss-

ingsplan. Alles net vir Jou! In Jou kom al die res saam.

Laat alle gedagtes van onwaardigheid soos mis voor die Son verdwyn. Ek ken die einde van die begin. Ek ken jou, JY IS MYNE!

Maak seker van julle toerusting, jul voorbereiding, vertrou die res aan MY. Ek wag vir JOU! EK IS!"

Amein

## *Nr 36 - 01.02.2016 om 12h00*

(aan Wendy)

Skryf My Liefling, My Bruid

Neem julle kleding en kom was dit in My Bloed, My Kinders. Dit is al wat die vlekke kan uithaal. Julle loop die gevaar om self nie die Bruilof by te woon nie. Hoor My, voel die dringendheid van My versoek.

Ek wil julle iets vertel wat julle dalk nog nie weet nie. Daar kom 'n tyd wanneer dit net Ek en My Bruid sal wees, en dan gaan ons Kinders voortbring. As Moeder sal Sy skep en hoe wonderskoon gaan dit nie wees nie! My Liefling, My Vrou!

Maak werk van al die Woord wat julle reeds ontvang het. Werk elke stukkie Brood weer deur en maak seker dat julle by My kom hoor, daar waar julle nie seker is nie. Hierdie Venster in Ewighede is uniek en is amper toe. Dalk sal julle nog betyds julle Bruilofskleed kan kry voordat die Bruilof begin. Hulle wie nie die Stem van die Herder gehoor het nie en nie ag geslaan het op My Woorde nie, sal nie betyds deel van My Bruilof kan wees nie, behalwe deur uitermate deursettingsvermoë en doelgerigtheid en dalk, dalk sal hulle, as hul ore horend word, by die Bruilofsmaal kan wees. Dit is moontlik, maar baie onwaarskynlik omdat harde harte slegs meer verhard, dowe ore in klip verander, blinde oë swart gate word.

Neem die tyd, My Liefling, om die natuur in te neem. My Skepping werk in harmonie saam, so wil Ek hê dat julle, My Bruid, saam moet werk. Julle moet jul verskille tersyde stel en net op My fokus. Ja, My teenpool hou julle besig met allerlei beuselag-

tighede, dit is sy plan om julle van jul kroon te beroof. Waar julle geteister word, roep uit na My! Ek is binne 'n oomblik daar om jou saak te bevoordeel, mits jou wil met My Wil in lyn is. Moet nie dat julle verwar word, dinkend dat julle kleed skoon en heel is, en dit is nie. Asseblief, My Dogter, My Bruid, neem die tyd om baie duidelik te besin oor julle hart lewe, jul siele. My verlange na julle is onuitspreeklik!

Hoe verbaas gaan julle wees wanneer Ek met julle verenig het! Niks wat julle al aan kon dink of droom kan julle voorberei op dit wat om julle gaan ontvou nie en soos vuurwerke gaan julle julle verwonder. . . Ek is op "hete kole" soos julle sê, opgewonde om julle gesigte te sien wanneer dit gaan gebeur!

Sowaar as wat EK LEEF, julle moenie dink dat daar iewers 'n agterdeur na My Koninkryk is nie! Hulle wie nie op Die Weg is nie, sal nie by My uitkom nie! Daar is nie 'n "hack" wat gedoen kan word nie. Ek lees en eien elke hart wat aan My behoort. My Merk is 'n Waarmerk wat nie gedupliseer of nagemaak kan word nie, omdat My BLOED in julle die Waarmerk is! Niks anders nie!

Wees sigbaar vir My Volk. Hulle het julle in die verlede verniel en gaan nog meer te doen en te sê hê, maar as julle nie soos Bakens uitstaan nie, sal hulle nie weet waarheen om te gaan wanneer hulle tot hul sinne kom, wanneer hulle in nood na My wil uitroep nie. Ek sal hulle gebede hoor, hulle wie My vanuit hul harte aanroep. Hulle gaan hulp, julle hulp, nodig hê. Julle sal die antwoord op hul gebede wees. Julle sal hulle na My bring. Hulle wie in verlatenheid en dodelike nood verkeer en wat My sal aanroep, sal Ek ontruk en na My bring. Ek wil hê dat julle tot die besef kom dat alles binne 'n oogwink vir julle gaan verander. Moenie gesus word deur elke dag se "onveranderdheid" nie, daar is reeds groot dele van My Plan in werking. My teenpool was besig en het hard gewerk om sy planne in beweging te bring. Wat hy vergeet het of kies om nie te erken nie, is dat Ek ALLES voorsien het en het sy plan in Myne opgeneem, ten goede van hulle wie My aanroep en hulle wie aan My Huis deelagtig is. MY WIL SAL GESKIED!

Hoe Groot en Deurlig is U, My Beminde, My Meester! Daar is Niemand soos U! Wie kan U verhinder, van U rekenskap vra? Hoe uitermate Goed en Wonderlik is dit om U Bruid te kan wees,

in helderwit kleed en skitter juwele, verglans en verlig! U in my die 7, My Beminde, My Hart!

Ek is jul oase in die wildernis, jul Tuiskoms en Rus. Dadelbome en helder water is hier, klein bokkies en voëls geniet die koel briesie, verkwikkend in die hitte van die dag. My Liefling, My Bruid, kom na My Tent. Ek het alles vir jou voorberei.

Ek IS julle Lig in die duisternis wat oor die wêreld toetrek. Julle sal deurgaans verlig wees, My Bruid, want EK sal IN JULLE wees! Julle, die Bakens van Lig vir My Verlore Skape. Julle sal soms voel dit word oorweldigend, die nood, die hartseer, die nadraai van wreedhede gesien, ervaar. Ek IS jul kalmte, jul stilpunt, jul verkwikking, jul LEWE. Ek sal julle té midde daarvan kom haal en na My rusplekke neem. Die verlorenes sal nie eens daarvan bewus wees nie, maar Jy, My Liefling, My Bruid, sal as My Vrou kan kom en gaan soos Ek, JaHshua gedoen het voordat Ek opgevaar het. Dink jou dit in en begin uitsien daarna, want EK is HIER!

Kom na My, My Liefling, My Bruid! Maak seker van jul voorbereiding. Ek SAL die res doen! Ek is LIEF vir jou! Jy is Myne! EK IS!"

Amein

## *Nr 37 - 03.02.2016 om 06h20*

(aan Wendy)

Skryf My Liefling, My Bruid

My kinders Ek wil dat julle skrander werk aan julle self, Ek het dit nou al 'n paar keer vir julle gesê. Wees bedag dat julle nie fokus verloor nie, want hierdie is 'n toetsing wat jy eenmalig sal slaag of te lig bevind kan word. Daar is nie 'n "oor skryf" of hereksamen nie. Soos wat My Moses sy toetsing gefaal het en julle slegs van die Berg Nebo kon sien, so sal julle ook nie uit die wildernis in Kanaän ingaan nie. Hierdie is 'n maak of breek situasie en Ek wil hê dat julle nie onder 'n waan verkeer nie. Bruidskap is die "ultimate" soos julle sê, en nie almal sal dit behaal nie.

Hoor My Lied vir Jou, My Liefling! Kan Jy dit voel bruis in jou are?

Wie is hier soos My Nehemiah? Wie treur soos My Ezra oor My

Volk? Wie huil saam met My Hart vir die verlore skape van IsraEl? Sit julle oor teen My Bors en word stil...wag. Soos die geraas van die vlees verder wegskuif, sal julle My Hartklop begin hoor. As julle daar bly en dan My Skepping werklik gewaar, sal julle sien daar is harmonie met My Hartklop. Kom so in harmonie met My.

Kom doop julle in die Jordaan en was die wildernis van julle weg. Regdenkend van die Hart sal julle s’n word.

Kom, loop die Pad van Verlossing, word die Redding vir ander, My Bruid. Dit is waar dat julle die Bron gaan wees van die Wet en Geregtigheid. Nasies sal na julle kom, julle sal aan die some van julle kleed gegryp word om hulle wie honger en dors het na My toe te bring. Soos My Volk in Kanaän die Weg na My moes aanwys, so sal julle, My Bruid, hierdie rol met sukses volbring. Ek IS die Weg, die Waarheid en die Lewe. Alles buite My is DOOD.

Kyk na jou hand, jou lewe en die verloop daarvan staan daarin geskrywe. Net Ek ken elke asemteug wat daarmee saamgegaan het, elke teleurstelling, elke oomblik van geluk en vreugde. EK KEN JOU. Geen "waarsegster" kan jou vertel waar jy jou hart verloor het nie, wanneer hy in klip verander het nie, of wanneer Ek My Water daarop begin gooi het nie. Sy sal ook nie vir jou kan vertel watter skatte Ek in jou verberg het nie, skatte wat Ek gaan uithaal en vir jou wys wanneer jy volledig Myne is! Dit gaan vir ons albei heerlike opwinding wees, Julle verbasing sal My met genot vul. My Liefling, hoe verlang Ek na Jou!

Gee ag op wat My Profete gesê het oor die weer en natuurgebeurtenisse. Vir hulle wie net na die fisiese gebeurtenisse kyk, sal hulle sterk aanduidings hê van hoe en wanneer eskalering sal gebeur. Ek maak die prentjie duideliker en sal aan hulle insig skenk. Wat daarna sal gebeur, is vir hulle redelik duister en dit sal so bly, tensy hulle hulleself in daardie besef na My wend vir antwoorde. Ek is Barmhartig en sal almal antwoord wat tot My nader. Soos in die dae van My dissipels, toe Ek nog met hulle was en Ek vir hulle gesê het daar is baie kennis wat hulle nog nie kan vat nie, is dit ook nou so. Daar is hulle wie My in diep Liefde soek en dien, My Stem hoor en daarvolgens handel, maar hulle het nie nou die kapasiteit vir die dieper leer nie. Wees bedag op en vir

hulle, want Ek sal hulle baie vinnig inlei en dit aan hul openbaar wat nog ontbreek. Ek KEN die Skape van My Weide, vertrou op My!

Daar is niks, nie diepte of hoogte of breedte of vêrte wat jou kan skei van My LIEFDE nie!

Salig is hulle wie in onbewustheid van die werking van My teenpool kan leef, hulle vir wie hy nie meer die reg het om hulle te teister deur hulle vlees nie, want hulle het die vlees afgesterf. Hulle het dan waarlik soos kinders geword.

Desondanks die jare in die woestyn, die daaglikse wonderwerke wat Ek gedoen het vir die kinders van hulle wie deur die Rooi See gegaan het, wie die plae aanskou het en by elke dag se voorsiening aangesit het, het hulle in die woestyn beswyk. Julle het al gewonder hoe dit moontlik kon wees? Ek het dan tog Self na hulle vanuit My Hemele gekom om met hulle 'n verbond te sluit! Dit wat Ek aan Moses gewys het, die Tempeldiens, die wette, die verordeninge was omdat hulle nie by My sou bly nie. Ek het dit van die Begin af geweet en My Moses het dit gesien en verstaan. Die Redding van My Volk moes vir julle, My Bruid, die toonbeeld wees, die padgids wees, sodat julle by My kon uitkom. Die uiterlike Eksodus is die pad na die innerlike daarvan. ALLES is GEES! Kom NA MY!

Hoe kry mens die Reguitlyn op of oor enigiets wat julle teëkom? JaHshua, EK is die Loodlyn. Leer om die Loodlyn reg te kan aanwend en jul vrae en dubbelsinnighede sal verdwyn. Hoe kry julle die Loodlyn? KOM NA MY! Ek sal julle reg wys, Ek sal julle die regte koers gee. Ek sal julle in jul geheel versorg, want EK IS die Man, Besitter van jou siel.

Kom dans met My, My Liefling, My Bruid! Daar is hemelse musiek aan die speel en Ek wil dit graag met jou deel. Styg op, op vlerke van die arend en KOM NA MY!

Daar is oomblikke vir julle oor om klaar te maak. Wees gereed, Ek kom jou haal!

"Welgeluksalig is hulle wie na My gekom het in die dae wat Ek te vinde was, want Ek het hulle harte gehoor, hulle honger en dors

versorg en aan hul klere gegee. Ek het by hulle ingegaan en 'n maaltyd saam met hulle geniet." Dit gaan die woorde wees wat aan hulle gesê gaan word wie voor die toe Deur te staan gaan kom. My Geliefde is Myne, en EK is Hare! My Banier oor Haar is LIEFDE!!

Groot en Geloofwaardig is My Woord, want Ek sal dit volbring! Die beloftes aan die vaders gedoen oor hulle nakomelinge sal Ek nakom vir My Naam se onthalwe. EK IS ALTYD dieselfde, by My is GEEN verandering nie. Vir julle, My Bruid, is die beloftes gedoen.

Geloof sy en Waar dit is wat deur die profete aan julle gegee is. Soos wat die uittog uit Egipte beduidend vir julle was, is ook alle ander Skrif nou vir julle. Kom vra My om julle sig oop te maak, julle ore horend en Ek sal julle die Verhaal der verhale vertel. Kom sit by My Voete, My Kindertjies sodat Ek julle kan vertel!

Genade en Barmhartigheid is daar vir almal wie My in hierdie laaste sekondes aanroep! Kom gou, moenie nog draal nie! Julle het amper jul kans verspeel, die Kans der kanse. Kom My Kinders, roep My NOU aan!

My Bruilofskleed, my Vader, het ek van U Hand ontvang! U is die Redder van my siel, My Meester, U is dan ook my Man! Hoe sing my hart tot U, my siel dans in HalleluJaH-lied! Mooi en sterk is U, getooi in U Bruilofskleed, hartverwekkend Mooi. U sing vir my U Lied van Liefde en Trou, van toekoms-Ewighede van Skeppingsdade. U is myne, Ek BEHOORT AAN U!

Soos die wind begin optel voor die storm, wanneer die "stilte" verby is, so is dit nou My Bruid. Julle gaan die boomtakke sien swiep en buig, blare gaan verby jul gesigsveld waai. Julle is knus in My verberg, niks sal julle aanraak nie.

Julle is Myne, Ek is Getrou en sal julle Beloning wees, julle wie die wêreld verloën het vir MY! Ek is Lief vir julle, hou uit! Ek is Hier!"

Amein

## *Nr 38 - 04.02.2016 om 11h30 aan Wendy*

Skryf My Liefling, My Bruid

Ek wil dat julle deur jul selfondersoek onthou dat EK julle van Ewighede af KEN, moenie moedverlore raak en wil tou opgooi oor die paar dingetjies waarmee julle nog sukkel nie. Kom net na My daarmee en Ek sal jou help. My skryfkneg het Ek gehelp om suiker en toe koffie en later aartappels te los, sy het geen smaak daarvoor nie. Net so sal Ek vir julle ook geen smaak oorlaat vir dit wat julle voete nog verstrik nie. Ek ken alles van die Begin af, en het geweet ons sou ook hier wees. Kom na My, My Bruid, net Ek kan jou help.

Wees nie bevrees dat julle dalk nie die paal sal haal nie, julle wie julle harte verskeur ten aanskoue van jul swakhede nie. EK IS jul Redder. Ek het julle losgekoop. Julle wil kom in lyn met Myne, Ek weet wie My Bruid is, en het die Vuur in hulle aangesteek.

Loof en Prys die NAAM van JAHSHUA, ons Beminde! Welriekend en Wonderskoon is Sy Nabyheid, Sy kleed van fynste linne en goud. Juig My Siel, jou Beminde is HIER!

Genieting en vreugdes van die vlees sal julle weghou van My. Wees gefokus om hierdie tyd aan My af te sonder, My Liefling. Daar is baie wat Ek julle nog wil vertel , julle wil wys. Die tyd is min, maak oop jul geestesoë en sien die nabyheid van die Tyd van Toetsing. Waardig en Geloofwaardig is EK. Julle wie My uitverkies het bo enige ander, SAL My BEËRWE!

Genesing is in My Vlerke, kom na My toe met jul kwale, jul wonde en Ek sal julle genees. Moenie in moedelose gate verval nie, hierdie Tyd van Skoling is amper verby. Die "gradueeringsdag" is op hande. Soos die lewe van 'n student handomkeer verander wanneer hul klaar met studies is en begin werk, so gaan dit vir julle wees wanneer julle "afgestudeer" het. Die blye opgewondenheid is 'n sweempie van dit wat My Bruid ervaar in haar afwagting op die tye wat kom. Nie oor die pyn en ellendes wat die mensdom gaan oorkom nie, maar dat Sy IN MY gaan wees en doenig gaan wees om die verlore skape na My te bring.

Om My Naam ontwil het Ek die oorblyfsel in My Oog gehou, die belofte wat Ek aan julle voorvaders gemaak het. Moenie julself

waardeloos skat nie, EK is die Een wie werklik julle waarde ken, want julle is Myne. Kom weg van daardie denke af, dit was reg vir die tyd waarin dit neergepen is, maar nie vir nou nie. Nou is dit die Tyd van die Bruid!

Jubel, o Dogter van Sion! Juig julle in Jerusalem! Jul Koning Het Gekom! Blaas op die Ramshorings, laat julle stemme opstyg soos 'n lofoffer, want Die DAG het gekom! HALLELUJAH!

My Bruid, skud die linte van jul tamboeryne uit en kom voor My in sang en dans! Lofliedere sal op julle lippe wees, My NAAM sal nie daarvan verdwyn nie. My Geliefde is Myne, en EK IS Hare. My Banier van LIEFDE is oor HAAR!

Julle moet die boodskap begin uitdra dat die Tyd om is, hierdie bedeling waar Ek te vinde was vir enige een wie My sou aanroep. Dit sal weer wees soos dit was voor die Trooster, My Gees van Waarheid na julle gestuur is. Roep My aan terwyl Ek nog te vinde is, sodat Ek jou kan antwoord, jou kan red vanuit die moeras van jou lewe en jou voete op die Rots plaas. Hierdie uitnodiging wat vir 2000 jaar geldig was, gaan verstryk. Laat hulle wie ore het om te hoor, dit hoor!

Hou julle hande omhoog in aanbidding en jul oë op My, EK IS Aleph Tav, Begin en Einde en SAL julle in My verborge hou terwyl die storms oor jul koppe donder. Laat julle harte nie bevrees wees nie. Soos 'n duif in die nes moet julle wees, glad nie verstoor of verskrik nie. Al hierdie dinge moet gebeur sodat die Sabbatsrus kan begin.

Ek is julle Heil-land, jul plek van Lewe, VREDE en VREUGDE. Plaas My op My Regmatige plek en alles sal binne My Orde kom.

Kom neem en eet van My Spyse, dit is vir julle tot gesondheid en Lewe. Dit wat julle jul in verlustig in die vlees lei tot die dood. Laat staan julle grille en verskonings. Daar is nie meer tyd daarvoor nie. Ek Wil julle in My Arms toevou, julle aan My Bors vasdruk.

Genade onbeskryflik Groot is daar vir ELKEEN wie My aanroep. Roep my aan in die Dae waarin EK nog te vinde is en Ek sal jou rus gee.

Die geknakte riet sal Ek nie afbreek nie, die smeulende kerspit nie uitdoof nie.

Maak julle moed bymekaar en kom na My, Ek wag om aandag aan jou saak te gee. Sonder voorbehoud hoor Ek elkeen se hart en antwoord jou. GLO IN MY.

My Bruid, My Liefling hoe pragtig is Jy in die vroeë moredou! Neem jou gerf en gaan bak 'n Brood vir My. Gee vir My om te eet dit wat jy met hande berei het. Laat jou LIEFDE vir My die Brood versoet. Sag en Hemels is die warm binnekant, die room en sagte vye daarmee saam. Hoe smaaklik, hoe heerlik is die maal om saam met Jou geniet!

HalleluJaH! Groot en Magtig is JaH, ons Elohey. HY IS Skepper en Heerser van die Heelal. HY IS My Beminde en EK IS Syne! Gedug is U en Leidsman van U Volk. My Koning, My Meester. . . U is ALLES wat ek het en ooit wil hê. Sal U by my die avondmaal kom eet?

My Bruid, My Bruid, hoe graag wil Ek dit doen, maar wag nog net 1 oomblik, net 1 oomblik, die tyd is amper "NOU" . . . EK is HIER. Ek KOM.

EK IS"

Amein

## *Nr 39 - 07.02.2016 aan Wendy*

Skryf My Liefling, My Kind

Dit is nie so seer dit wat julle nog nie het nie, maar dit wat julle nog aan vashou wat julle van My skei. Ondersoek wat julle nog in die hand het, die verrotte denkwyses en herinneringe van onregte en dit waarvan julle beroof is. As jy weier om dit te laat gaan, jou hande te was in My Helder Water, sal jy nie dit kan aanneem wat Ek vir jou het nie.

Voorwaar Ek sê vir julle daar is min wie die fokus en deursettingsvermoë het om die werk te doen wat Ek van julle vra, nou en later. Daar is van julle wat julself as Bruid sien maar dit nie kan wees nie. EK KEN JOU, My Lief-Kind en weet wie jy was in die voortyd en nou, weet Ek ook wie jy is na die Tye van Toetsing. Kom na My en Ek sal jou vrae beantwoord. Daar kan slegs 144 000 wees en die lewe gaan nie 'n partytjie wees nie. Julle, My Bruid, gaan die ergste en vieslikste sien en deurgaan, om Ons

Kinders daar te gaan uithaal waar hulle vasgeval is. Julle sal veilig in My geborge wees, daar sal geen vrees julle kan aanraak nie. Wees duidelik oor die Werk van die Bruid, die Werk van die Vrou. Moeder se fokus IS die Kind, is jou fokus daar?

Grond kan julle nie besit nie, kom weg van daardie denkwyse. Die grond en alles daarin en daarop is MYNE. Julle is as bewaarders daarvan aangestel, inderwaarheid het julle jul wil teen Myne verset en julself hoog gewaan as Eienaar. . . Verstaan mooi, Ek is Die Skepper, Die Heerser en ook Die Eienaar. Dieselfde geld vir julle ander materiële klater-vodde. Alles hier is gemaak om verganklik te wees, dit is deel van My Verlossingsplan. Kom in lyn met My Wil, My Orde en Ek sal dit aan julle openbaar wat nog moet kom.

Almal van julle, My kinders het 'n rol gehad, 'n Ewigheidstaak gehad voor My Verlossingsplan in werking gekom het. Verskillende take op verskillende vlakke. Ek ken elkeen by jul Voor-Name, ook julle huidige name, ook wie julle werklik is. Soos wat julle hierdie boodskap lees, weet Ek julle harte is vermurwe. Ek wil hê dat julle na My toe moet kom, slegs Ek kan julle troos en julle die hoekoms en waaroms vertel. My skryfkneg se hart is seer vir julle, sy weet daar is die van julle wat graag Bruid wil wees, maar julle harte deins terug vir die werk wat vorentoe gedoen gaan moet word. My Lief-kind, jou sagte gees sal nie die pynlike en verwringende toestande wil deurstaan nie en is jou terugdeins juis vir jou die sleutel tot wie jy in My is. Ek het vir jou ander Werk, werk wat jy met jubelende hart vir My en jou broers en susters sal verrig.

Vir julle wie met lang tande, of glad nie My Woorde aanvaar nie. Verklaar julle vir My hoe julle gedink het My profesieë oor My Bruid, voor My koms op aarde gaan werk? Sommige sukkel nog om die leuen, deur die wêreldstelsel aan julle verkoop, bymekaar te kry met dit wat Ek aan julle openbaar. Hoor mooi, die "kerk" is nie My Bruid nie. Hulle wie Ek sal kies is doelmatig daarop gerig om apartgestel te leef, hul kleed skoon te was, ekstra olie bymekaar te maak. Klink dit soos die "kerk", die drek wat nou in daardie moeras aangaan? Dit is nie te vergelyk nie! My Bruid se oë is slegs op My. Kyk mooi waarin julle glo. Gryp die toue aan wat na julle uitgegooi is, om julle te red uit die moeras. My

Kinders, moenie vergaan tussen die drek nie, KOM UIT! EK SAL JOU skoonmaak. Daar is Kos en Water en Rusplek. Kom Na MY! In die tweede diktaat aan My skryfkneg was daar 'n deel in Engels, dit was spesifiek om uit te staan, sodat julle wie nie My Woord wil aanvaar nie, kennis sal neem. (Dit lui as volg: "Mapping your church freedoms will prove how wrong you have been. HEAR Me, declares the LORD. I am coming, not in the storm or the fire, but in the soft breeze. Have the ears to hear. Beware proclamations of My arrival. I come in a manner of My choosing to delight My Beloved!" ). Vir julle wie al begin wakker word het en afgestoot is deur die verbastering wat in die "kerke" aanvaar word, maar julle kry nie "vat" aan die Liefdesleer nie, ondersoek wat julle glo in die Lig van Liefde. My Liefde kan julle nie begin om te verstaan nie, vra jouself dus die volgende vrae af:

1) JaHweh is Liefde, suiwer LIEFDE: Waar pas haatdraende oordeel in JaHweh se Wese in?

2) JaHweh is Lig, suiwer LIG: Waar pas die vrug van Duisternis by Sy Wese in?

3) JaHweh het ALLES geskape, dit het uit Hom uitgegaan. Dit volg dan dat Hy alles weer met Hom sal wil verenig hê. Hoe pas die verhaal van Die Verlore Seun in die prentjie in. Alles het dan tog 'n deel van Hom in?

4)JaHweh het Adam geskape na Hul beeld en gelykenis. JaHweh het Adam aan die slaap gemaak en Eva vanuit hom gehaal. As JaHweH slegs manlik is, waar kom Eva vandaan? Adam en Eva is dan 'n beeld van die Hemelse.

5) Hoe lank is 'n Bruid dan Bruid? Net totdat Sy verenig het met Haar Man. As My profete dan van My Bruid praat, hoe dink julle gaan Ek met haar verenig? Ek het vir 40 dae na My Opstanding tussen My mense rondbeweeg. Sekerlik gaan Ek nie weer vleeslik kom nie, Ek kom terug in die Gees en sal met My Bruid verenig in die GEES. Sy sal dan soos Ek wees, want Ons is dan EEN. Julle wie die profete op julle hart geskryf het, sonder hierdie insig, gaan lees dit weer en laat toe dat My Trooster, wie nog onder julle, My Kinders, werksaam is, as Gees van Waarheid, laat toe dat Sy jou hart onderrig. Dit is deur die Bruid wat Ek My Koninkryk gaan oprig, My Bruid se fyn linnekleed is wit en sy dra

skitter juwele. Sy is REIN, SAGMOEDIG, MINSAAM en openbaar die Sewe Geese in haar lewe. Julle wie die "kerk" ken, en hulle wie hulself daaraan deelagtig tel; is die kleed skoon, wit, sonder skeure en distels? Is haar Kuisheid bekend? Is sy nederig en sagmoedig? Is hul fokus op My, het hul LIEFDE vir My Kinders, ja ook My Verlorenes?

Kom luister na My Woorde wat Ek in hierdie laaste oomblikke vir julle gegee het. Hoe weet julle wat van My is? Die toets is waaragtig en maklik: KOM DIE WOORD IN LIEFDE, SPREEK DIT LIEFDE?" EK SAL NOOIT teen My Wese ingaan nie. EK IS Lig, Liefde, Lewe. Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

Deelagtig is julle aan Duisternis as julle jul laat intrek in dit waarmee Duisternis besig is. Wees noulettend dat julle wie Ek opdrag gegee het om wêreldgebeure dop te hou, nie jul harte laat kontamineer daardeur nie. Dit begin as die fynste sweempie van dynserigheid en as julle nie oplet nie, is dit binnekort 'n mistigheid. Pasop dat julle nie oorval word deur 'n misbank en julle harte verdwaal nie.

My Bruid, Ek sien jou gesig, dit skitter! Jou oë brandend van Liefde. Daar is nog 'n traan in wanneer julle na binne kyk en aan julle tooisels werk, jul lampies nog meer olie ingooi. Hou aan om jul Geloof, Hoop en Liefde te vermeerder in My teenwoordigheid. Dit is die proses wat sal aangaan totdat Ek by julle ingaan. Moenie moed verloor nie! Ek IS LIEF VIR JOU, Ek het jou uitgekies, Jy is MYNE!

EK IS"

Amein

## *Nr 40 - 10.02.2016 aan Wendy*

"Skryf My Dogter, My Kind

Ek neem julle nie kwalik wie nou tot die besef gekom het julle is nie bestem vir die taak van Vrou nie. Julle het ook spesifieke take en sal dit van My ontvang. Bly julle naby My, my Kleintjies, want EK IS julle Beveiliging, julle Skans en jul Vesting. Pa sorg vir alles wat Sy Kinders nodig gaan kry. Vertrou op My, vertrou in My. Ek sorg vir jou.

My Liefling, My Bruid, vibreer julle in elke vesel met die trompetgeskal wat Ek uitstuur oor die aarde? Ek wek My Kinders op om Ramshorings te blaas; wees gehoorsaam wanneer Ek jou daartoe beweeg. Julle verstaan nog nie wat dit in die onsigbare realm doen nie. Wees net gehoorsaam, die res sal duidelik word soos wat Ons aangaan. Julle gaan nog verwonderd staan oor hoe gehoorsaamheid in die klein dingetjies julle van waarde gaan wees in My Ryk.

Kom neem byvoorbeeld 'n pak papier en maak daarvan 100 papier waaiertjies. Hulle lyk almal soort van dieselfde, maar elkeen is uniek gevou, op sommige is daar bietjie verf, en prentjies en ontwerpe. Ander het patroontjies daarin uitgesny. So My Kinders, My Bruid, is julle elkeen ook uniek en het julle dan ook so elkeen 'n taak wat by julle gaan pas. Soos My Bruid opgemaak is uit baie dele, Haar liggaam waarvan Ek die Hoof is, so kan slegs die mond praat en die hand optel en vashou. Dit is nie 'n "een grootte pas almal" nie. Almal dien in nederigheid, in LIEFDE en in VREUGDE! Net soos wat die trompetgeskal elke deel van jou opwek, so word My Bruid in elke deel opgewek. Kom, My Bruid! My Liefling, dit is Tyd!!

Waaragtig en Getrou is My Beloftes aan elkeen van julle. Moenie bevrees wees dat Ek julle "vergeet" het nie, dit kan Ek nie, Ek maak ook nooit 'n fout nie. EK KEN JOU, Ek weet wat Ek en jy saam gaan vermag. Vee jou herd skoon, pak al die skottelgoed weg. Trek die binnedeure toe nadat julle die vensters op knip gesit en die gordyne toegetrek het. Dis tyd om te vertrek.

O Kom na My, My dogter, My Bruid! Laat ons in die laning afloop in die laatmiddagson. Die skaduwees maak lang arms en die vroeë aand voëls begin hul regskud vir hul sang beurt. Hier en daar word nog goggas gevang as kos vir die kroos in die nes. Die pas verlangsaam, die Aarde sug en raak stil. Dit is die oomblik voor die son sak en alles kry gouer kleur. Die stof in die lug gee effense appelkoos kleur aan die wolke en die kleurpallet verdiep soos wat die son groet. Dis vroegaand en die kriekekoor begin, ook die paddas by die dam. Die sirkel om ons verklein totdat dit net Ek en Jy is. Die kleure en vorms raak weg in die verdiepende skemer. Ons is nog nader aan mekaar. So sal dit wees wanneer

die donker gekom het. EK EN JY!

Ek wil dat julle vir jul sulke prentjies opbou, van tye wat Ek al by jou kom kuier het, tye wanneer Ek jou gehelp het, met jou kom praat het onder die boom by die dam. Die prentjies wat in jul harte gebêre is, van beloftes en woord en Seën gaan julle deurblaai in die dae wat kom. Dit gaan belangrik wees, want al kom julle op 'n plek waar julle van My afgesny voel, sal Ons onthou tye jou deurdra, soos die foto'tjie van geliefdes in die beursie van die soldaat op die gevegsfront. Daar is NIKS wat jou van My kan skei nie, onthou dit in hierdie Tye van Toetsing. NIKS KAN JOU VAN MY SKEI nie, Ek is met jou, My Liefde is oral en hulle wie vaste vertroue in My het, sal nie deur die donker oorval word nie. EK, die Lig in jou, sal die Baken wees vir hulle in die donker wie smag na Lig. Hulle sal na jou kom, My dogter, My Bruid, hou jou oë op My, jou hart in My verborge. Ek is jou voorsiening in ALLES. Ek ken jou hart, Jy is MYNE.

Bid vir julleself vir Lig en Liefde, Krag en Sterkte van wil wanneer Ek julle besoek, Guns, Genade en Vrede. Ek is die Gewer van alles goeie gawes wat aan julle sal gee.

Hou julle oë op My, maak seker van jul Bruidsgewaad, jul kleed en tooisels en WAG OP MY. Ek is HIER, My Liefling EK is HIER.

EK IS" Amein

### *Nr 41 - 13 en 14.02.2016 aan Wendy*

"Skryf My dogter, My Bruid

So lank as wat julle, wie Myne is, nog hier is, sal julle toetsings moet deurgaan. Met elkeen daarvan word julle ook geleer. Bring dit wat julle geleer het na My toe, dat ons dit kan deurwerk. Ek IS Liefde, In My is GEEN Duisternis nie. Lees weer hoe Ek met die mense om My omgegaan het toe Ek op aarde was, en kom na My.

Krankheid van gees deurtrek My Volk; hulle benodig Die Geneesheer en tog nader hulle nie tot My nie. Kom na My toe, My Kinders! Ek herstel jou liggaam, jou gees. Groot en Genadig is Ek en wys niemand weg nie.

14.02.2016

Bewaar en Beskerm jul harte, want vandaar kom die Fontein van Lewende Water. Ek is die een wie elke les na jou bring, My Bruid, om jou in te oefen. Laat jou hart in My verborge word en sien die geestelike in die storms en donderslae wat oor julle begin losbars. Ek is die Lig in julle, bring alles wat julle nie verstaan nie, na My. Ek is jou Leermeester, Ek sal jou die weg voor jou wys, die pad wat jy moet loop. Soms gaan Ek jou net 'n paar tree vooruit wys, ander kere weer die rigting ook daarby soos wat 'n mens 'n voetpaadjie se skadumerk oor die veld kan sien van 'n hoogte af. Ek sê weer, BRING ALLES NA MY. Ek het alreeds die uiteinde van elke voorval, elke uitval, elke inval en elke "toeval" gesien en niks sal julle wie in My GEBORGE is, kan skaad nie. Ek is besig om die laaste paar skerp kante en dowwe kolle uit te sorteer. Ek is jul Voorsiener, Ek is jul Aanvoerder. EK IS.

My Liefling, My Bruid. Ek juig oor jou! Hoe pragtig is jy, getooi in al jou fynste klere en juwele, jou stralende gesig en wonderskoon, liefde aangevuurde skitteroë. Jy is geheel en al na My gedraai, jy merk My beweging en begin pas hou met My, soos 'n vêraf dans. Hoe het Ek nie uitgesien na Hierdie Dag nie! Jy is MYNE!

Alomteenwoordig, Alwetend is EK. Ek sien die planne en leërmag van My teenpool. Selfs al is julle geestesoë geopen, sal Ek julle teen die ergste daarvan beskerm, julle verskans teen die felste, die mees boosste. Selfs My engele beskerm Ek op hierdie manier. Ek is die Vader van die Huis.

Nomenklature is die meganisme om boeke te orden en sorteer. Net so het Ek ook 'n stelsel wat orden en sorteer, wat struktuur en vorm gee. My Skepping staan op Orde, word gerig en vorm gegee deur My Wil en Erns. Saam met Wysheid is daar Geduld wat dit onderhou en Liefde en Barmhartigheid gee dit funksie en rigting. Deurdink dit.

In die oorlog wat tussen Lig en Duisternis heers, sal elke skermutseling in My vir julle 'n oorwinning wees. Daar sal hulle wees wie selfs hul lewensasem sal verloor, maar is en sal nie verlore wees nie. Vir My het en sal elkeen offers bring. Ek mors nie met My Leërmag, fisies of hemels nie. Elkeen is kosbaarder as wat julle kan begin besef! Julle moet soos My Hemelse leërmag weet hoe en wanneer om te Beweeg, en hoe en wanneer om te Staan,

op My instruksie, My Woord aan julle. 'n Wankelende gedagte sal maak dat jy dalk 'n instruksie mis en kan jy dalk die oorsaak wees van verliese aan lewens, gebied. My Kinders, Ek praat baie ernstig met julle, vermaan julle soos 'n pa 'n seun. Hierdie is die Tyd, die Uur. Julle is juis in hierdie Tyd gebore en julle is nou hier vir hierdie Wonderwerk wat Ek gaan verrig om in te deel. Sowaar as wat Ek Leef, Ek ken die sterkte van elkeen van julle en sal julle wie in My Bloed gewas is, nie plaas in situasies wat julle sal oorweldig nie. Wees gefokus op My, wees bedag op My elke beweging.

Vir hulle wie nie in My Leërmag is nie, wie soos bote op die stormsee ronddobber, sal dit vir hulle ’n toetsing wees. Sal hulle na My uitroep? Sal hulle in geloof uit hul bote kan klim en op die golwe loop? Daar is redding vir hulle en Ek sal hulle ook kan aanwend in My Diens. Elke siel gered uit die Verdoemenis, is daar jubelsang in My Hemele. Selfs nou is daar hulle wie die besef het van wat voorlê wat na My toe kom. Ek sal hulle onderrig in alles wat belangrik is, hulle by die grysaards plaas om te leer op die Pad. Moet geeneen van Myne as gering ag nie. Elkeen is uniek, elkeen het spesifieke werk, deur My aan hulle toegeken.

Hoor die Ramshorings! Hoor die brullende Leeu!

My Bruid, My Liefling dit is Tyd. Ek is HIER. "Amein

My Vader, My Beminde

Met die voëlsang styg my hart, my siel op na U. U is my oordenking bedags en deur die nag. Gryp U my uitgestrekte hande aan, My Meester, want slegs U is my Redding, my Hulp, my Liefling, my Man. Wys my waar daar nog skort, waar my kleed nog nie reg is nie. Ek bring my hart, my siel, my liggaam om in U Bloed gewas te word. Was my asseblief skoon, my Meester. Laat my gereinig wees van alles wat nie U is nie, laat U Lewensvonk daarin ontbrand en soos 'n baken vlammend hoog opstaan. Verteer die materiële in U Vuur en kom in na my, My Vader, my Beminde. Omvorm my na U beeld en gelykenis sodat ek U take kan verrig. Dankie, Dankie Dankie, my Koning, my Hoëpriester, my Geliefde, my Man!

## *Nr 42 - 21.02.2016 om 05h20 aan Wendy*

"Skryf my Dogter, My Bruid

Die orde en dissipline wat Ek nou by julle neerlê My kinders, is sodat julle die instruksie van My Mond sal hoor en uitvoer sonder redekawel, sonder huiwering. Ek het ook vir My ander knegte gesigte gewys wat in My Hemele gebeur, want Ek praat deur wie Ek wil en sal bruikbare instrumente gebruik vir die taak wat nodig is. Elkeen van julle is kosbaar, elkeen in My Hart verberg. Kom verberg julle ook in My en kyk nie links of regs na julle broers en susters nie, wie hierdie of daardie gawe ontvang het nie. Ek sien die krysing van jul harte, Ek het jul nie vergeet nie. Jul take is op hande en Ek gaan jul opwek. Hou geen voorbehoud in jul innerlike nie. Ek bemagtig soos wat Ek weet julle dit sal kan uitvoer.

Die Odes wat jul spys is in hierdie dae is vir julle om self elkeen tot My te nader vir verheldering. My Woord is ewig nuut en daar is oneindig nuwe openbaringe vir julle daarin. Neem die tyd, word stil en laat toe dat Ek jou die voeding kan gee wat jy nodig het. Julle sal nou nie eers alles besef wat Ek daardeur in julle gaan plaas nie; onthou, Ek onderrig deur die hart. Soos 'n spons wat nooit vol word nie moet julle harte wees. Ek is die Leermeester, die tyd is min. Kom nader aan My. Elkeen van julle kan getuig van die gewaarwording dat Tyd uitgeloop het. Moet geen vrees toelaat om nes te maak in julle nie. Hierdie is waarvoor julle, julleself so deeglik en nougeset voorberei het. Ons maak nou die laaste paar dingetjies vas. Dit is Ek en Jy, My Geliefde, My Bruid!

Jul Bruidskat is julle vooruit en word vir julle in skatkamers in My Hemele gehou. Niks op aarde kan begin om te vergelyk met wat op julle wag wanneer julle dit aanskou nie. Julle My Bruid, is MYNE!

My Kinders van My Huis, vir julle gaan Ek elkeen ook 'n taak gee en julle gaan dit ook met oorgawe en vreugde verrig, Ek sal jul beskerm. Wanneer julle die pyn en leed gaan aanskou, sal julle daar wees om verligting te bring. In hierdie "nagmerrie" waarin die slapendes wakker gaan word, sal julle vir hulle My Lied kan sing, die Weg na My kan wys. Ek sal elkeen na julle bring, wees gereed om te help, soos wat Ek jou sal wys. My Leërmag omsluit

baie funksies, elke taak moet verrig word, elke instruksie uit-gevoer word. Almal onder My bevel.

Basuine is geblaas, basuine word geblaas, basuine gaan geblaas word. Elke keer tot rede op die regte Tyd. My Geliefdes, My Hemele het lank op hierdie Tyd gewag, almal staan reg om take wat aan hulle gegee is, uit te voer. ALMAL in My Ryk wag, - wag julle ook dan met geduld. Die wie reeds uitgestuur is, het begin met hul take, so sal elkeen hul beurt kry. Net soos wat die individuele musikante hul beurt afwag in die uitvoer van 'n simfonie, net so is julle My Geliefdes, ingeoefen om die Komponis en Dirigent se instruksie en tydsberekening te volg. Kinders van My Huis is binne My Orde. Julle wie Ek as My Bruid gaan kies, het julle daarop voorberei. Versorg al My Kinders.

Kom na My vir versterking en verheldering daar waar julle nog sukkel. Sommige van julle voel nie My nabyheid nie, en julle is besig om te leer dat EK IS steeds met julle is, dat julle nie verskrik moet gaan le nie, maar moet uitstap in My, vol vertroue dat Ek die grond onder julle voete sal sit, die Pad gelyk gaan maak. Julle moet vertrou, vol Geloof wees.

My kinders, My kinders! Julle wie steeds hardhorend en siende blind is, voel aan dat die Winde verander het. Ontwaak uit jul doodslaap, staan op uit jul versteende stofhope. Die Storm is hier! Hardloop in na My. Ek is jul toevlug, jul veilige hawe. Die stormwinde bring nie net water en hael nie, maar ook gediertes wat soos stof maal in die wolke. Hierdie storm gaan nie lafenis bring nie, maar vernietiging. Hardloop my Lief-Kind, kom! Kom in!

My kinders, My Bruid neem julle plekke in.

EK IS"

Amein

## *Nr 43 - 02.03.2016 om 04:30 aan Wendy*

Kom LOOF JAHWEH, AL die KNEGTE van JAHWEH!

Kom LOOF JAHWEH, AL die KNEGTE van JAHWEH, wie Snags IN DIE HUIS VAN JAHWEH STAAN!

"Skryf my Lief-Kind, My Dogter

Dit is nou die tussen-hartklop tyd en die Tye is hier. Die gelykenis

van die Saaier sal vir julle nou al nuwe betekenis gekry het. Moenie verbaas wees nie, het Ek julle nie gesê dat dit gaan gebeur nie? Ek het ook gesê dat die Saad op Goeie Grond tot 1000 keer meer sal lewer.

Wees versterk in jul innerlike en weet dat alles is soos wat dit moet wees. Die sifting van die groepe het begin, daar waar mense hul vergader. Wees onderrigbaar, wees naby My Voete en kom neem die kruis op. Die kneg is nie verhewe bo sy Meester nie. Daar is min van My Knegte wie in die Tempel staan en die nagwaak hou. Kom vra My hieroor en Ek sal jou onderrig.

Hef op julle hande na My Apartgestelde Plek, en LOOF MY!

Kom My Kinders, moenie swaar van hart wees wanneer jul sien wat aan die gebeur is nie. My teenpool is soos 'n tierende wilde dier wat deur lammers beweeg, en sovêr hy gaan byt, verskeur en laat stukkend agter, dood. Die winde vanuit die vier hoeke is losgelaat. Dit is skokkend vir julle, My Kinders, maar Ek maan julle om jul oë op My te hou, want dit gaan vererger, en vinnig. Dit wat My teenpool verhinder het, is weggeneem en hy sal hom wreek op My skepping, My maaksel. Wees nie bevrees nie, Ek het oor hom triomfeer en hy maak dieselfde fout as toe. ALLES is binne My Plan om hierdie skepping terug te bring na My toe. Ek is jul Redder, Ek is jul Voorsiening, julle is Myne!

Nou is die tyd vir julle om elke oomblik, elke gedagte aan My te wy. Aan elkeen van julle is ’n "laaste kans" gegun om julle nog meer in My te verdiep. Wees baie duidelik oor die volg van My instruksies. Ek sal met elkeen van My Kinders praat in jul innerlike. As jy nog nie My Stem kan hoor nie, kom nou na My toe. Daar is nie meer tyd nie, jul geleenthede daarvoor is haas uitgeloop. Hoor die Roepstem!

Ek is hier, My Liefling, My Bruid! Hou moed, hou vas. Bly gerig op My. Ek kom vir jou. Ek kom na jou. Jy is Myne!

Ek Is"

Amein

*Nr 44 - 08.03.2016 om 17h20 aan Wendy*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek neem julle aan wie nou nog na My sal kom in ootmoed en afgryse oor jul sondebesef. Kom neem van My om te eet en drink en word versterk, julle wie uitgemergel is deur My teenpool.

Daar is niks wat julle kan oorkom, julle wie In My is, en julle sal op slange en skerpioene trap.

Voorwaar Ek sê vir julle daar kom die dag wanneer julle bekragtig gaan word en julle sal verwonderd wees oor die tyd toe julle nog daarna gesmag het. Let op! Die Werk begin dan en dan gaan daar nie tyd wees om terug te sit nie. Julle word nou reeds gelouter deur werksdruk, emosionele en geestelike druk wat maak dat julle julle taak goed sal kan volbring.

Moenie sit en wonder wat julle take gaan wees nie, julle kan aan die neus gelei word deur jul eie denke en die hoogmoed kan weer opstaan in julle. Wees tevrede dat julle in My Diens is en dat julle My Geliefdes is.

Ek sal jou nie 'n taak gee wat jy nie sal kan doen nie.

Die woorde aan My knegte Nicolaas en Johanna is nou nog meer in jul gedagtes en dit is reg. Ek herinner mense aan gesigte soos wat Ek ook mense herinner aan Skrif uit die Bybel. Hulle wie nog altyd glo die Skrif is die enigste Woord van My, moet begin insien dat so ook is My knegte se woorde van My, Nicolaas en Johanna, asook die ander neergeskrywe woord wat Ek aan My getroues deurgegee het en wat verwerp word. My Waarheid is ewig en sal bly staan.

Gaan en neem My Woord op en saai dit in jul harte, maak eers die lande skoon, rol die klippe uit en maak seker die kluite is opgebreek. My saad kom vinnig op en lewer gou oeste. Wees getrou om die onkruid uit te roei.

EK IS jul Man, EK IS jul Vader, EK IS Waardig en Geloofwaardig. KOM NA MY, die tyd is min. Moenie rondkyk en wonder "wat nou, waarheen nou" nie. Julle moet wegkom van die een wie aan die stuur van sake wil wees. Ek IS die Heerser, EK IS die Koning!

Kyk hoe kan 'n klippie in jou skoen jou skaaf en rasper totdat jy

baie vinnig nie meer kan of wil loop nie, om nie eens te praat van draf of hardloop nie. Julle kan nie "klippies" met julle saamdra nie, dit wat buite My Orde is, MOET julle van ontslae raak. Ek praat ernstig met julle, want Ek sien daar is nog dit en dat wat julle dink nie 'n probleem is nie, wat 'n klippie in julle skoen gaan wees. Eers bring dit net ongemak, later voel dit soos 'n rots. Maak los jou veters, trek jou skoen en kous uit as jy moet en sorteer die saak voor My uit.

Die wa-wiel het begin draai en dit wat daaraan vasgepak het, is besig om los te kom. Wees bedag, kyk uit, want julle lewens gaan baie skielik verander. Luister baie mooi na My Stem.

My Bruid, My Liefling, Ek is nader aan julle as wat julle kan dink. Moenie moed verloor nie, moenie julle ore uitleen vir die influistering van Duisternis nie. Al, Al, Al My Beloftes aan julle SAL EK DOEN! Wees getrou en BLY in My GLO. Ek is nie 'n mens dat Ek vir julle sal lieg nie. Ek laat hierdie ook toe, want Ek wil hê dat julle ook hierin geoefen en getoets moet word. My Woord is EWIG, en STAAN VAS VIR ALTYD. GLO my, Vertrou My!

Sing My Lofsange, Hef My Naam op, sing luidkeels van My Dade, want julle is My Kinders, My Liefling. Ek is jul Losser en het reeds vir julle betaal. Duur gekoop en Kosbaar is julle! Dit is nou nie meer lank nie. Kom nog nader aan My, wees geborge in My. Kyk net na My en julle sal nie mislei kan word nie. Ek hou Myne veilig, luister net na My Stem, My instruksies. Ek is Lief vir julle!

EK IS"

Amein

## *Nr 45 - 11 en 12.03.2016 aan Wendy*

"My Liefling, My Bruid!

Kom neem die pen op in vaste vertroue in My, Ek gaan jou nie mislei nie. Bly in My Lig. Jy weet wie jy is.

Soos wat Ek gesê het, het Abraham en Abimelek 'n verbond gesluit oor 'n put en het Abraham vir hom sewe ooi lammers gegee as deel van die verbondsluiting. Neem waar, Ek doen dinge op 'n manier wat teen die normale orde ingaan. Om ’n verbond te sluit is nie 'n ligtelike saak nie en Ek maak hoe Ek WIL.

Soos 'n tsunami gaan die golf van geweld hierdie land oorspoel. Veilige plekke gaan daar wees, daar My Hand My Kinders sal oorskadu. Hierdie is nie onverwags nie. Waarsku Ek nie al jare deur My profete van die Tye wat kom nie? Hierdie golf is nie net tot Suid Afrika beperk nie, maar gaan die wêreld oorspoel. My Aarde kreun in barensnood, sug vir die verligting van haar pyn. Ek kom vir Myne. Ek kom, om hulle wie nog gered kan word, te ontruk soos smeulende stompe vanuit die vuur.

Moenie dat julle emosies onstuimig word nie, My Kinders, moenie sondig nie, bly IN My. Hou julle oë op My. My teenpool gaan poog om julle van balans te gooi. Onthou die giroskoop. Bring die sewe in balans in jou innerlike en laat die arms begin draai, staande altyd op My Orde!

Weer nie bevrees nie, want Duisternis sypel in die hoekies van jou siel in wanneer jy vrees in jou toelaat. Ek is jou Beskermer, Ek is jou Voorsiening, Ek is jou Man.

In My Huis is daar Lig, is daar Liefde, is daar Lewe.

12.03.2016

Besin oor dit wat uit julle uitborrel en kom na My met dit wat nie-Lig, nie-Liefde en nie-Lewe is. Ek sal julle help, Ek sal julle die regte perspektief gee. Julle is Myne. Dit is besig om donker te word en dit kan oortrek in julle siele as julle nie daarop gaan let nie. Wees geanker, vas op die Rots. Hier by My kan die Winde en gedonder julle nie raak nie. Alles verloop volgens My Plan.

Hef Lofliedere op na My! Ek is suiwer Lig en daar kan geen Duisternis wees waar EK IS nie. My kindertjies, wees geborge IN MY. My Bruid kyk uit, EK IS HIER!

EK IS!"

Amein

### *Nr 46 - 12.03.2016 om 14h00 aan Wendy*

"Skryf My Geliefde, My Bruid!

O My Geliefdes! Julle wie nou na My gryp neem Ek aan! En julle wie reeds deur My gewas is en in My Huis is, voel hoe My Gees in julle opwel. Leer om na die Gees te luister en trap enige denke van vrees en ongeloof plat. Die roering in julle is die begin. Groot

en Magtig is Ek, JaH van die Leërskare! Niks gebeur sonder dat Ek dit sien nie, niks. Word versterk in jul innerlike deur My Gees. Ek is jul Brood en Wyn.

Binnekort vier julle Pasga, laat Ek julle geestelike oë open daaroor in hierdie tyd. Keer binne na My, sonder af tot My. Julle sal My Stem nie hoor tussen die wêreldse gebrabbel nie.

Julle mag dink dat Ek tog nie die dood van soveel van julle volksgenote kan goedkeur nie. Julle uitkyk is nie Myne nie. Dit is goed dat julle harte verskeur word daardeur, want daardeur word julle oop om My Stem te hoor. Hoor My weer wanneer Ek sê: Jou siel leef vir Ewig en kan nie sterf nie, nie soos die vleeslike kleding waarmee julle nou in hierdie wêreld omgaan nie. Alle lewe is uit My en Ek hou alles in stand. Ek ken die hart van elkeen van julle, jul volksgenote s'n is nie toegesluit vir My nie. Hulle wie reeds ontslaap het, het nader aan My gekom in hul laaste oomblikke. Geeneen van hulle se dood is verniet nie. Ek LIEF my skepsels, My Kinders. Hulle wie hul harte ver van My gehou het, is na die duister ryke, maar hulle sal uiteindelik na My keer! Kyk weer na die woord "ont-slaap". Hulle is nou almal werklik WAKKER!

Laat geen woede wortel skiet in jul harte nie, dit wurg Liefde in jou dood en daar bly net donkerheid agter. Bring julle hartseer, julle skok, julle wrewel na My toe en Ek sal julle help daarmee. Kom wees 'n Kind in My Huis. Ek IS jul Ewige Pa en sal jou help met alles wat jy nie kan doen of verander nie. Jy moet net vir My VRA.

Kom verlaat julself op My. EK is jul sekerheid, Ek is jul Verlossing. Is enigiets te moeilik vir My? Ek is JaHH, jul Elohim wie julle uit Egipte gelei het, julle gered het van die Doodsengel en verlos het van Egipte deur hulle voor julle oë weg te veeg. Gaan weer deur die verhaal van die Pasga en kom leer van My.

Deugsaam moet julle maagde wees wie wil reg wees om by die Bruilof in te kan gaan. Die Bruid se enigste fokus is die Bruidegom. Daar is geen oomblik wanneer sy nie aan Hom dink nie. Is Ek so in jul gedagtes? Is Ek julle s'n? Haal nie julle oë van My af nie. Elke Hartklop behoort aan My, My Geliefdes.

My Kinders, kom sit aan by My Tafel en eet, vleis en groente en geniet die beste wyn. Die tyd vir melk is verby.

Daar is nie eens meer sekondes voor middernag nie. Kyk uit vir die gebeure wat Ek deur My profete aan julle verkondig het. Soos 'n basuin het Ek My woorde aan julle deurgegee en tog het min hulle daaraan gesteur. Slegs hulle wie die Liefdesvonk in hul harte het, word na My aangetrek.

Genadig en Barmhartig is Ek aan almal wie My aanroep! Roep my aan Waaragtig vanuit jou hart en Ek sal jou noodkreet hoor en jou kom help. Geen ander manier sal werk nie!

Geen geoefende gebede, dit wat jy iewers op papier gekry en geleer het, gaan werk nie. Ek moet in Waarheid en Gees aanbid word. Gebede vanuit die hart moet na My opstyg. My koninkryk is van die Gees! Die tyd is verby om nou te wil uitwerk wat jy moet doen. Roep My aan vanuit julle hart en Ek sal julle antwoord, julle red. Ek sal julle alles leer wat julle nodig het en julle by grysaards plaas waar julle in nederigheid sal moet leer. Jy sal vinnig moet leer ook. Die Tye is op julle en die gevaar is al om julle. Leer om na My Stem te luister. Luister baie fyn na die grysaards, hulle sal jou in My Weë onderrig. Werk hard om My Stem te hoor, My Kleintjie! Ek het werk vir jou om te doen in My Koninkryk.

Barensnood ken die moeders wie hul kinders gebaar het in My Orde. Dit is vir julle, My Dogters, 'n simbool van wat My skepping nou deurgaan. Die dringendheid en dwingendheid kan nie gekeer word nie. Net so is dit met haar, My dienende skepsel.

Ek sê weer, julle toetsing sal voortduur tot julle bemagtiging. Hou moed en maak werk van elke puntjie wat nog nie reg is voor My nie! Kry die onkruid uit jou lande uit. Jou oes sal groot wees!

Kom My Kinders, julle wie nog hier en daar jul eie weg wil gaan. Kom nou in My Orde en julle sal die seëninge om julle sien vermeerder. Werk hard aan julself en julle kan dalk nog Bruidskap kry. Alles hang af van jul keuses.

My Liefling, My Bruid, My Kinders, My Lammers! Hoor My Roepstem! Ek IS HIER! Ek is Lief vir julle!

EK IS "

Amein

## *Nr 47 - 14.03.2016 om 02:50 aan Wendy*

Skryf My Lief-kind, My Bruid

Kom LOOF My in die middernagtelike ure, hef julle hande omhoog en Seën My met danksegging, want EK IS julle Skepper, EK IS jul Verlosser, Redder en Beskermer.

Wat gebind is op aarde is, is gebind in hemele, wat gelos is op aarde is gelos in die hemele. Kom en verstaan mooi waaroor dit gaan. Alle "tegnieke" wat nie vanuit algehele Liefde ontstaan nie, is nie van My nie. Ek is Liefde, Ek is Lig, Ek is Lewe. Sit die fyn tand kammetjie deur jou gedagtewêreld en verstaan van waar julle rympies, julle dogma, vandaan kom. In My is GEEN DUISTERNIS nie! Wees leerbaar, wees duidelik oor hierdie punt: My Bruid is hier vir My kinders, die skones, die stofbesmeerdes en die wie vir jare in die bos wegkruip, vuil, vol peste en verwilderd. Jy moet na My Stem luister en doen. Dit is nie vir jou om te kies wie Kind mag wees nie. Jy was self in die bos en daar het Ek jou kom uithaal, skoongewas en aangetrek en geleer om mens te wees. Kritiek is om op die regterstoel te sit en niemand het die reg daartoe nie.

My kamp is Rein, andersins kan Ek nie daar wees nie. Wees versigtig om nie drekgode, idole in jou huis te begrawe nie. Die straf en moontlike dood van jou mense in My Kamp sal op jou wees. Moet My nie vertoorn nie. Moet nie deur ongehoorsaamheid aan My Stem die vyand van julle siele ingang in My Kamp gee nie. Soos in die dae van Moses sal Ek Myne beskerm teen jou rebellie. Julle is onder bevel.

Soos sagte reën die aarde verfris en versterk, so is My Gees vir julle siele. Kom staan in die Reën en laat My Lewe in julle gedy, My Liefde in julle blom en My Lig julle deurskyn. Alles is soos wat dit moet wees. Ook julle nou in hierdie Tyd as Kinders van My Huis.

Laat die HALELUJAH's uit basuin vanuit julle siele, 'n refrein van Lewe, Lig en Liefde! Voel die diepgesetelde Bron in jul harte dit laat opborrel en uitklink soos die geskal van Ramshorings! EK IS HIER!

My Liefling, Ek is HIER! EK IS" Amein

## *Nr 48 - 15 en 16.03.2016 aan Wendy*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Wee hulle wie wegdraai van My, want die skokgolf nader en gaan hulle heeltemal uitmekaar ruk. Dit is voorwaar 'n pyniging wat Ek hulle graag, baie graag wou gespaar het. Maar hul keuse, hul wil is nie te oortree nie. Tog sal Ek bly roep, bly soebat, want die lyding gaan baie lank aanhou voordat hulle eindelik na My sal draai. O My kinders, My kinders! Hoe graag wou Ek julle nie onder My vlerke bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens, MAAR JULLE WOU NIE. Nogtans sal EK die Weg oophou, die rigtingaanwysers oral los, sodat hulle wie in die verskriklikheid tot hul sinne gaan kom, na My sal kom.

Skarlakenrooi is jul sondes, My kinders en tog is dit net Ek wat dit kan bewerk om dit so wit soos sneeu te kan word. Het julle al sneeu tussen julle vingers gehou en dit bekyk, gevoel hoe dit maak, sodra druk daarop geplaas word? Hoeveel pret was daar nie al gewees met sneeuballe rol en die speletjies van mekaar peper met sneeuballe. Sneeu verander vreemdelinge in kamerade, vreugde is aan die orde van die dag! Elke sneeuvlokkie is uniek, hoeveel duisende sneeuvlokkies gaan daar in 1 sneeubal? Rein soos sneeu was Ek jul sondes weg! Die rooi toutjie aan die Tempel deur word wit wanneer die rooi toutjie van die vrygelate sondebok daarby gebring word. Albei wit! Deurdink dit, ook soos wat die as van die sondeoffer verdwyn het, toe die silwer graaf dit by My altaar gaan plaas het. Aanvaar! Aanvaar! Julle wie skuld bely en offers bring, met jul harte, Ek SAL julle aanvaar! Kom My dierbares, My kleintjies wie nog sukkel om te loop. Moet nie moed opgee nie. Kleintjies steier mos maar bietjie rond totdat balans gevind word. Kom leer van My aan My voete en julle sal gou julle voete vind in My realm. My realm het reëls waarby gehou moet word, My Geduld is lank, maar die reëls staan vas. Nee is altyd nee, en ja is ja. Daar is nie iets soos "rebelse tieners" nie, daar is geen rebel in My Ryk nie, slegs LIEFDE!

Bring die kindertjies na My toe, want dit is hulle wie in My Ryk kan ingaan. Geleerdheid is vir julle 'n hindernis, want dit is deur die HART wat julle ingaan. Jul gedagtes wat ’n oorsprong het van dit

wat julle geleer is , is vir julle struikelblokke. Dit veroorsaak dat julle mank loop, dat julle sonder hande, voete, oë en ore is. Soos 'n kleintjie, My geliefde, soos 'n kindjie moet jy word. 'n "Groot Meneer", 'n "Ryk meneer", 'n "Slim meneer", nee! Soos 'n kindjie moet julle word voor My en Ek sal julle gebede verhoor. Nog 'n eienskap van 'n kindjie is onskuld en ongekunsteldheid. Ondersoek julself voor My en deurstaan die toets!

16.03.2016

Sirag 1v2 - "Die sand van die see en die druppels van die reën en die dae van die ewigheid - wie kan [dit] tel?

Sand, druppels, dae is slegs uitvloeisels van My Voorsiening aan julle en jul geleerdheid, jul slimmigheid kan dit nie eens bepaal nie. Kom tot die besef van die leuen waarin jul geleef het! Julle twee grootste kriteria vir "aanvaarbaarheid" in jul samelewing is 'n klug. Die enigste kriteria wat werklik tel is jou HART. Kom My kinders, kom kry Wysheid by My en verlaat dit wat julle aangeleer is in hierdie wêreld. Dit is van geen waarde vir julle in die hiernamaals nie.

My Dogter, My Bruid, My kinders, kom neem julle plekke by My voete in en word onderrig in die Waarheid, die Wysheid. Daar is GEEN ander Weg na My behalwe deur die Hart nie!

Soos 'n kanarie in 'n hokkie die myners van ouds daarop gewys het van die teenwoordigheid van giftige gasse, en hierdie diens aan die myners dikwels hul lewens gekos het, so My kinders word My Skepping gebruik en misbruik in diens van jul versugtinge, jul gierighede. Ek weet wie die skuld dra aan watter deel van die onreg aan haar gedoen en dit sal verantwoord word voor My. Ek slaap nie, Ek sien Alles!

Sirag 3v17-31 : Gaan leer van Ootmoed, julle harte bly trots in jul sogenaamde ootmoed voor My. Ek slaap nie, Ek sien alles!

My Genade is groot My Kinders en My Geduld is lank, en dit sodat julle gered kan word van elke kans, elke geleentheid wat gebied en aangegryp word, gered kan word van julself, jul hartstoestand, jul kop gestremdheid, jul gees gebreke. Kom vra My vir die prentjie van hoe julle werklik daaruit sien en Ek sal julle wys. Ek sal jou ook wys hoe om tot volkome gesondheid te keer,

na "heelwording". Wees dan nie moedeloos vir die taak wat voor julle lê nie, My Kinders! Gebruik julle nie die voorbeeld van 'n ui op ontvouende heling, om waarhede aan jul te verduidelik nie! Laat Ek dieselfde doen! Hierdie ui, My Kinders, is soos een van daardie wat 'n "ring", 'n "uieblaar" het wat verkleur en ongesond is tussen die gesondes en dit moet vinnig verwyder word, voordat die hele ui verlore gaan. Hou moed, My Kinders, julle nader die binneste deel van die ui wat lyk soos 'n saadhuisie. Julle sou nie tot hier gekom het sonder My nie. Moenie glo julle is verlate nie. Ek is hier, Ek is jul Pa en julle is My Kinders!

Kraakvars en heerlik verfrissend is My Woord aan elke honger siel wie na My smag, My Reën, die lafenis vir dorheid. Gelukkig, welgeluksalig is hulle wie, nadat hulle geklop het, die deur voor oopgemaak is en hulle kan inkom. As julle nie soek nie, sal julle nie vind nie, as jy nie vra nie, sal geen antwoord gegee kan word nie. Kom vra My, My geliefdes. Ek wag vir julle. Kom in ootmoed en Ek sal julle aan My voete onderrig!

Majesteit en Luisterryke Verhewendheid is die plek waar Ek beweeg, en dit is wanneer jul harte begin verstaan wie Ek dalk kan wees in jul beperkte vermoë van verwonderde verstaan, jul geremdheid van die vlees laat nie toe dat daardie hartsgedagtes, daardie flitse van uitgestygde onuitspreeklike, deurligte saligheid van siel en gees tesame in My Teenwoordigheid behoorlik vorm kan aanneem nie. Indien dit waar sou kon wees, sou julle nie verder hier wou gewees het nie, en sou vanself wou oorgaan na My realm, My Koninkryk. Ek sien jul versmagting, My Kinders, My Liefling, My Bruid. Daardie flitse, beelde, word deur My aan julle geskenk, sodat julle nie gemaklik sal raak in dit wat julle al agter-gelaat het en van losgemaak is nie. Daar is altyd meer en dieper insig, meer verhewe Waarhede wat Ek vir julle sal gee in hierdie "tussen-oomblik" voordat Ek tot julle kom. Hou moed, hou uit! Ek is HIER!

Julle My Kinders, My Bruid is kosbaar, so kosbaar vir My! My laaste druppel bloed het Ek in Liefde vir julle gegiet om julle los te koop vanuit julle vonnis. Vir julle wie My Offer erken en aanneem, vir julle is daar Lewe in My Ligryke, is daar doelmatige diens in Liefde. Daar is nie leeglêers in My Ryke nie. Begin om daardie

gedagte wat aan julle oorgedra is met wortel en tak uit ruk. Is daar nie 'n Volk spreekwoord wat lui, "Ledigheid is die duiwel se oorkussing" nie? Kom My Kinders, word werksaam, dien jul naaste op elke moontlike geleentheid in Liefde voordat hulle vir die hulp kan vra. Dit vereis 'n harts-toestand van aktiewe Liefde, nie ingekeerde, ongeïnteresseerde eieliefde nie, soos hulle wie met toe-oë deur die lewe gaan, want julle sal die hiernamaals blind ingaan indien julle nie nou hieraan begin werk nie.

Gelukkig, welgeluksalig is hulle wie reeds in hierdie lewe streef na ware Kindskap in My Huis. Ek sal hulle hier verwelkom.

Die tye wat aangekom het, moet julle nie toelaat om julle lam te lê nie. Moenie gefrustreerd raak oor vaardighede wat julle nog nie het nie. My Bemagtiging sal julle alles gee wat nodig is, wanneer julle dit nodig het, betyds. Herken die lering vir julle siele wat nog ontbreek en stel die laaste dingetjies reg voor My. Kyk op, My Kind, Ek is HIER!

Die geskrifte, verhale, Tye vanaf Adam loop op 'n punt uit in die Hier en Nou. Ses dae het Ek gearbei en al My werk gedoen en die Sewende Dag het Ek gerus. Hulle wie IN MY is, sal saam met My RUS. Laat daardie waarheid in julle ontvou. Vra my daaroor en Ek sal julle onderrig. Net Ek kan dit vir julle in jul hart, siel en gees oopmaak. EK IS.

My liefling, My Bruid. Hoe skitter wit en Rein is JY nie!

Ek is HIER!

EK IS"

Amein

### *Nr 49 - 17.03.2016 om 20h40 aan Wendy*

"Skryf, My Liefling, My Bruid

Kom werp jou sorge op My, My juk is lig. Die wêreld druis in op jou en Ek sien jou hart, jou smagting na My. Ek weet hoe graag jy aan My voete wil sit. Doen jou take en versorg jou mense in My Liefde en jou bruilofskleed sal verfyn en sal selfs verder versier word. Dit is 'n offer wat jy bring en dit is kosbaar vir My!

Groot en Magtig is My Naam, My Weë verhewe bo die van die mens. Sal Ek verantwoord aan 'n mens, sal Ek My "saak" ver-

duidelik op aandrang van My maaksel? Jul perspektiewe is uit as dit is wat in jul harte sit. Ek deursoek die harte en niere van elke mens en niks kan van My versteek word nie! Kom julle voor My en buig jul harte neer in ootmoed. 'n Wederstrewige hart kan nie geleer word nie, 'n stywe nek wil nie voor My buig nie. Tot jou hart nie in volle oorgawe tot My om hulp uitroep, om redding, om vergifnis nie, KAN Ek jou nie help nie.

My profete het oor die eeue met My Volk geworstel om na die Goeie Weë terug te keer, hul vermaan en gewaarsku. Hier is ons weer en word My Volk weer teruggeroep na My, My Weë. Nou, soos eens, is hul ore verhard, hul oë blind. Die enkelinge wie die ore het om te hoor en die oë het om te sien, se siel sal verhelder deur My Lig, My Liefde, My Lewe! Nougeset moet My Liefdeswette onderhou word wat op hul harte geskryf gaan word en wat deur My Gees uitgeleef gaan word. Dit vereis elke greintjie krag, moed, durf en fokus. Alle ander passies en liefdes word in die tweede plek geplaas in die Lig van My Liefde. So kom My Kind dan in die gehoorsaamheid van "Wees Lief vir Vader met jou hele hart en jou siel en jou verstand en AL jou krag". Eers in daardie totale oorgawe aan My kan hulle dan as uitvloei daarvan My Liefde, My Gees bedien aan hul naaste. Hulle is dan My hande, My voete, My arms, My bene en My mond wanneer Ek dit so gee, en My hart, waar die wêreldling nie My Hartklop kan hoor nie. Daar is soveel wandelende dooies van siel dat My Hartklop 'n vreemde klank vir hulle is. My Kinders, My Kinders! Wees My sigbare Liggaam vir My Volk. Hulle gaan julle aanval, julle beskuldig, julle vloek, verskree, verneder, slaan, martel en selfs dood. Hoe dan anders? Sal die kneg se pad anders wees as die van sy Meester? Vir julle, My knegte, My Kinders, sal dit 'n Liefdestaak wees, want julle is vas in geloof in My. Julle siele leef vir ewighede en is by My geborge. Of julle lewe, of sterwe, wen julle, want julle is IN My! Vreugdevolle sang en lofliedere styg op na MY van My Kinders, My Geliefde, My Bruid! Nie een van julle, My dierbares, sal die lewe hier neerlê sonder rede nie. Jul lewens is in My Hand en Ek ken die lengte van jou lewe hier tot op die millisekonde. Jy is MYNE!

My skryfkneg vra vir woorde van versterking en bemoediging vir

julle, woorde wat julle sal bybly in die tye wat kom. My woorde vir julle is die: "Jy SAL My STEM HOOR!". My vraag aan julle is: GLO Jy My? Of sit jy nog op die spreekwoordelike draad? Sonder geloof sal JY NIKS ontvang nie. Elkeen van julle moet voor My kom en Sake met My uitmaak. Voorwaar, Ek sê vir julle, die lou-warm siel SAL Ek uitspoeg en groot gaan jul tranebesef wees wanneer dit te laat is om iets daaraan te doen. Julle sal nie kan sê dat julle nie geweet het nie. Laat staan jul redekawel, jul twis en stuiwende drifte van vergelding en weerwraak. Laat staan jul hoogmoed en "wag en sien" hartshouding. Jul eie-ek sit nog op die troon van julle harte en daar is nie plek vir My nie. Hoekom sal julle dan in My Koninkryk wil ingaan? Daar kan slegs EEN Koning wees. As julle volhard in jul besluite om self oor en in julleself te heers, sal julle die Ryk van Smaad beërwe, daar waar die geween oor versmaaide kanse tot die Ligryk sal opklink en daar knersende tande van selfverwyt sal wees. Dit sal dan te laat wees. Die Sabbatsrus van Vrede sal dan aangebreek het en Ek sal dit met My Bruid, My geliefdes, in vreugde deurbring.

Kom na My, My kinders, julle wie nog nie sekerheid in julle het nie, by wie die vyand van julle siele nog inspraak het, waarin ge-fluister word van donker en duisternis. Kom en maak skoon jul lewens voor My en word verlos van die kettings wat julle nog vashou. Vir elkeen wie My vanuit die diepte van hul harte aan-roep, in ootmoed SAL Ek hoor en help. Ek kan nie 'n kind van My, wat uit My gekom het, se roep hoor en nie dadelik tot hulp en red-ding kom nie! Elkeen van julle smag Ek na, soos die Vader van die Verlore Seun gelykenis! Is jy nog die Verlore Seun? Kom na My, My kind! Besin daaroor dat daar in My Huis geen honger siel is nie, geen naaktheid nie! Daar is Liefde, warmte, aanvaarding en geborgenheid. Jul aardse families is een en almal in daardie opsig verdorwe, gebroke, gekraakte beelde van hoe dit hoort te wees. Moenie vrees vir harde woorde nie, vir stief behandeling nie, vir verwyte nie. Is dit hoe Ek My aan julle deur die eeue openbaar het? Nee, nog altyd het Ek gewaarsku wanneer daar uit My Orde beweeg word, in Liefde vermaan Ek en soebat Ek dat daar teruggekeer moet word na My en My Weë. EK IS Liefde, EK IS Lig, EK IS Lewe. IN My is GEEN DUISTERNIS nie!

Neem My Hand, My Beminde en wandel saam met My in die vroegaand Tuin. Die vuurvliegies dartel in die paadjie voor ons uit en die aandblomme deel hul geure met ons. Die diertjies in die ruigtes naby ons sing na hartelus en ritsel die blare effens soos wat die voëls hul rusplek vir die nag inneem. Dit is die "tussentyd" en julle kan die afwagting, die pasverandering tasbaar voel. Die gevoel van vrede is vir julle siele, onthou dit. Daar is op die oomblik 'n pasverandering aan die gang, hierdie een nie tot rus en vrede in die wêreld nie, inteendeel. Die golf is hier. Wees en bly geborge in My! Ek is jul Redding, jul Beskerming en die Een wie vir julle sal veg. Ek is jul Aanvoerder!

Hou die nagwake in my Tempel, hef jul hande op in Lofprysing en aanbidding tot My Apartgestelde plek! Groot en Magtig is Ek, verhewe is My Naam bo alles!

My Bruid, My geliefde! Hoe stralend is jou gesig na My gedraai, jou oë blinkend op My gerig. Jy is in My Hart versteek, verwag My Hand op jou hart. EK IS HIER!

EK IS"

Amein.

### *Nr 50 - 19.03.16 om 19h05 (aan Wendy)*

"Skryf My Dogter, My Bruid!

Ek wil dat julle weer na die hegtings gaan kyk aan julle kleed, daar waar die dele oormekaar vou. Die voue is nie suiwer nie en daar sit miskien iets daarin vas wat nie daar hoort nie. Die sigbare kolle en skeure aan julle klere is meestal skoon en reg, My Dogter. Maak net seker daar het nie 'n onsuiwerheid tussen die voue bly sit nie. Dit is nie opsigtelik nie en daarom het julle dit dalk gemis. Ek sien dit, daarom herinner Ek julle om weer te kyk en dit reg te stel. So mooi, so skitterend is julle, net die laaste, laaste dingetjies . . .

My kinders, waar daar nog gate in jul geboue is, moet julle werk maak daarvan om dit toe te kry, want die Winter is op hande en die koue gaan julle oorval. Winter kom gouer as wat julle dink.

Daar is 'n meer tussen klowe waarheen Ek julle sal neem, My Kinders, om te rus wanneer die stryd vir julle erg gaan wees. Dit

sal vir julle stilte te midde van die storm wees en julle gaan versterk daarvan terugkeer na jul take. Vertrou My! Ek is Liefde, Ek is Lief vir julle!

Daar kom dae wanneer julle nie die einde van een dag sal sien uitloop sonder die begin van die volgende nie. Raak minder geheg aan slaap en meer so aan My, want Ek sal jul krag gee. Ek is Krag en sal julle bekragtig.

Daar is van julle wie die donker vrees en bevange daarin staan, My Kinders. Ek is LIG, nooit sal jy in die donker, duister wees nie, want Duisternis vlug van My. Ek in jou verlig jou en skyn vir hulle om jou wie nog beangs die Donker instaar. Kom na My!

"Selah" se julle wanneer julle saamstem en niks by te las het nie. Julle My Kinders, hoort by die plek te kom waar "Selah" jul elke antwoord is, want dan is Ek in My Regmatige Plek in julle en julle in jul regmatige plek, aan My Voete in nederigheid.

Waardig en aanvaar is julle wie doelmatig julleself aan My Wy, julself in ootmoed voor My buig en uitroep to My, Vader en Man. Ontbrand in My Liefde en word opgeneem in My.

Selah

Tot in ewighede sal My Liefde vir julle, My Skepsels, My Maaksels, My Kinders, My Bruid nooit ooit met die kleinste moontlike maat kan verminder nie. Dit kan nie, want EK IS LIEFDE en is Sonder Begin of Einde. Julle wie deur die wêreld geskaaf, gekraak en gebreek is, kan nie begin verstaan hoe Groot, hoe Hoog, hoe Diep, hoe Ver, hoe Lank my Liefde vir julle al was, nog is en nog sal wees nie. Ek verander nooit nie, EK IS Dieselfde GISTER, VANDAG en ELKE MORE. Kom plaas julle vertroue in My en Ek sal julle nie teleurstel nie. Hou julle harte en oë gevestig op My alleen! Ek sal jou rig, Ek sal jou leer, Ek sal jou lei. Kyk of Ek dit nie sal doen nie. My Beloftes is Waar en Seker!

Daar is gevra oor die bevestiging van die versameling van My Dogter van Sion, hulle is Hebreërs en raseg! Gebede gaan op om Wysheid om te verstaan wat in lesse en klasse verduidelik word. Afhangende van die studiemateriaal gaan dit julle niks in die sak bring nie. My Leer is LIEFDE en Ek sal jou siel onderrig as jy My net sal vra. Alles wat jy nodig sal kry sal Ek aan jou gee wanneer

jy dit nodig het. Ek breek My Brood, My Woord in jul harte en sal julle met My Wyn, My Bloed, My Liefde daarin omvorm word. Kom verstaan hierdie Waarheid en wees onderrigbaar.

Ek is jul Voorsiening, Ek is jul Bevestiging van Waarheid. Ek is jul Beskerming.

Neem sorg oor die instruksies wat Ek reeds aan julle uitgegee het en wees seker om elke deel daarvan te doen en af te handel soos Ek jou aangedui het.

Vir My kinders het Ek die water opeen laat staan en het hulle deurgeloop. Toe my kinders oor die Jordaan trek het My Leviete in die rivier gaan staan met My Verbondsark. Vir hulle wie ore het laat hulle hoor, sien die Verlossing en Magtige Date wat Ek gedoen het in die oe van die wêreld en in die harts-oe van My Kinders.

20.03.16 om 03h15

My Liefling, My Liefde vir jou is onvergaanbaar en is daar niks wat kan gebeur wat Ek nie reeds weet nie. Neem waar en sien hoe Ek seëninge oor jou vermenigvuldig en My Liefde tasbaar om en oor jou word. Jy is Myne, My Liefling, Myne!

Die Dae is Hier, kom neem skuiling in My en bly in My verborge. Ek is Lief vir julle!

EK IS"

Amein

## *Nr 51 - 20.03.2016 om 20h40 (aan Wendy)*

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid!

Kom nader aan My en julle sal geen vrees hê nie. Die naderende onheil kan julle verbygaan deurdat julle in My verberg sal wees soos 'n swemmer wat deur 'n golf duik om die krag daarvan te ontsnap. So sal Ek julle teen die krag van die onheil beskerm en julle sal drenkelinge tussen die stormsee rommel moet gaan help. Soos wat elke lewensredder weet, moet jy wag totdat die drenkeling uitgeput is voordat jy hulp kan gee. Terwyl hulle nog in eie krag hulself probeer red, sal hulle nie redbaar wees nie. Ek sal julle sê wanneer dit die regte oomblik is, luister net na My Stem.

Dit is voorwaar die "tussentyd" net voor die Begin van die Dae,

maak seker julle lampe is vol en hou die ekstra olie byderhand.

Daar gaan van julle geliefdes Huis toe geroep word in hierdie tussentyd, want hulle take is volbring en dit is nie vir hulle om die Tye hier deur te gaan nie. Julle wie getrou voorberei het, julle siele wat deur die grootword stadiums geworstel het en julself bevind waar jul kleed skitterwit is en jul tooisels asemrowend mooi versier, julle wie Ek tot Bruid verkies, is saam met My om hierdie take en dade te verrig en te volbring om soveel kinders as moontlik te red in hierdie laaste oestyd. My Geliefdes, lank bekende en getroue knegte, Saam gaan Ons die oorwinning hier tegemoet. Juig My Bruid! Jou Meester en Beminde is HIER!

Erbarming. Deurdink die Woord, want julle gaan op nuwe manier daarmee vertroud raak.

Ervaar die RUS wat soos 'n warm kleed op 'n koel dag oor jou vel streel en jou omvou. Jou spiere ontspan, jou siel haal diep asem en daar kom vernuwing soos Moeder se kus op jou voorkop. Jy is Tuis! Die dae waarin julle uitgeput gaan voel, is baie en julle sal by My sulke oomblikke kom haal. Bly altyd naby My, wees geborge in My. Julle is Myne, Ek is jul Voorsiener, jul Aanvoerder, jul Geliefde. Glo in My.

Jul geliefdes wie julle vooruit in My Ligryk ingaan, gaan julle vandaar versterk. Hulle het slegs na 'n beter posisie gegaan om julle die beste hulp moontlik te kan gee. Almal van julle is in My Diens. Ek is julle Krag en Vertroosting, met jul pyn en verlange sal Ek julle mee bystaan. My Liefdevolle arms sal julle dra. Weet dat die volgende fase van My Verlossingsplan in werking gaan en dat daar altyd ’n "Wedersiens" sal wees. Ek is die Balsem wat Heling bring. Ek is julle ALLES! EK IS LIEFDE! EK IS!

Moenie persoonlike verlies vrees nie, My Kinders. Ek doen niks alvorens Ek Myne daarvan vertel het nie. Alles hier is tydelik, verganklik. Dit wat in jul harte, jul siele is, is EWIG. Julle het vanuit My LIEFDE uitgegaan en julle sal weer na My terugkeer. Julle rykdomme is hier by My en alles wat vir julle steeds kosbaar is wat aan hierdie materiële wêreld vas is, sal julle met pyn vervul wanneer dit van julle ontneem word. Stoor vir julle rykdomme hier by My, waar mot en roes nie kan kom nie. Ondersoek weer jul harte in die lig van wat wat Ek julle vertel het van jul geliefdes en

kom voor My met jul vrae, jul ontnugtering by die besef dat julle steeds verknog is aan iets of iemand anders as Ek. Ek is JaHshua van die Skeppingsleërmagte!

Kom My Kinders, wees sterk, versterk en vol goeie moed. Sien dat die Verlossing Hier is. Wees geduldig My Bruid, enige oomblik nou gaan Ek jou aanraak. Luister na My Stem!

Ek is HIER, EK LIEF JULLE!

EK IS!"

Amein.

### *Nr 52 - 23.03.2016 om 06h00 aan Wendy*

"Skryf My Dogter, My Bruid

Die omvang en waarde van jul gehoorsaamheid gaan julle nie nou kan bereken nie. Dit is waar dat Gehoorsaamheid = LIEFDE. Ek wil dat julle iets verstaan wat almal van julle dalk nog nie onder die knie het of gehoor het nie. In My Ryk is daar slegs Gehoorsaamheid. (Selah)

My Liefde vir julle, My Kinders, is so groot dat julle dit nie kan bereken nie, want julle het nie die regte definisies nie, nóg die maatstaf om dit te kan meet. Deur julle wil neer te lê en My Wil op te neem, kan Ek julle begin onderrig, hoewel julle nie in julle vleeslike liggame selfs die kleinste greintjie daarvan sal kan inneem nie, behalwe die mate wat julle julself al in Gehoorsaamheid geskool het. Net omdat julle nie nou kan verstaan nie, beteken nie dat My Reëls vir julle aangepas gaan word nie. Aanvaar dat, soos 'n kleinding nie mooi kan verstaan hoe lief pappa en mamma hom of haar het nie, en weet wanneer sekere handelinge met vertroeteling of tugtiging beantwoord sal word. So is dit ook met julle hier aan hierdie kant van die gordyn. Kies Lewe, Kies Liefde, Kies Lig! Deur julle wil neer te lê en Myne op te neem, begin die Gehoorsaamheidsonderrig. Omdat julle dan die keuse gemaak het om gehoorsaam te wees, sal julle dan die pad loop om daarin gesuiwer te word. Vra My vir krag om julle in hierdie taak te help. Ek sal julle duidelik wys waar ongehoorsaamheid nog vassteek. Dit is soos sade in 'n kombers. 'n Mens moet elkeen uithaal en dit neem tyd en deursettingsvermoë. Luister na My

Stem in jul binneste. Ek sal julle uitwys waar julle nog werk het om te doen voordat julle vry daarvan is. Hou moed My Kinders, aan die "sade" kom daar ook 'n einde, want die sade is van oorsprong die vlees.

Welgeluksalig, Gelukkig is hulle wie reeds op hierdie pad van vrymaking is, want aan hulle kan Ek openbaringe begin gee. Soos die kindjie wie in gehoorsaamheid leef, nadergetrek word in vreugde van die ouers en geheimenisse vertel word, soos vooruitskouings van plekke waarheen hulle gaan, en heerlike kosse wat hulle daar gaan geniet. So sal Ek julle begin vertel van die heerlikhede wat Ek reeds Ewighede terug vir julle beplan en toeberei het! Ek wag self in opgewondenheid om al hierdie saam met julle mee te maak. My Bruid, jy en Ek, Ons gaan die wonderlikste dinge saam verrig en beleef! Kan julle dit al begin sien, die flitse van wat nog gaan kom? Die saligheid van saamwees? Hou uit en moenie moed opgee nie!

Die Tyd is NOU!

Geloofwaardig en Goed is My Woord wat na elkeen van julle uitgaan, wie die ore het om te hoor. Soos die son nodig is vir saad om te ontkiem, so is die ontkieming van My Woord in jou siel afhanklik van My Gees. Om 'n Waarheid te probeer verstaan in jou kop, gaan jy jou vasloop in onwaarhede wat deur die vyand van julle siele vir julle in gereedheid geplaas is. My Waarheid moet in en deur jou HART verstaan word, dit is daar waar jou siel uitroep na My en verhonger deur julle verbete vashou aan die wêreldse manier van onderrig. Laat My toe om jou siel te voed, jou te onderrig en julle sal verstom wees, verstom omdat julle sal besef al die woorde uit boeke en leraars stommiteite is. Slegs EK IS WAARHEID!

HALLELU-JAHH, HALLELU-JAHH! Aan Hom is alle Lofprysing, Aanbidding en Dank! Laat die Hemele uitbasuin Die Liefde, Die LIG, Die Lewe! Groot en Magtig is U, Onderdringbare en Nimmereindigende LIG! Onmeetbare en Ewighede Liefde! IN U IS LEWE!! HalleluJaHH, HalleluJaH!

Ek is jou antwoord op jou elke vraag. Word stil en onbevrees en jy sal My Stem, die fluistering in jou hart hoor. Net soos 'n Pa nie sy kind sal verbrysel as hy ongehoorsaam was nie, sal Ek jou ook

nie verbrysel nie. Jy is dan My Kind. Jou keuses maak vir jou 'n toekoms waarvan Ek jou baie graag wil red. Dit is jou keuse om aan My gehoorsaam te word om die toekoms te begin verander. My Liefde vir jou het geen perke nie. Soos die Vader dag vir dag gewag het op die Verlore Seun, so sal Ek vir jou wag totdat jy na My sal terugkeer.

Ek is Liefde en in My is GEEN DUISTERNIS. Die uur is laat, dit is eintlik amper verby. Kom, wees soos die man wie langs My op die kruis was, wie My vanuit sy hart aangeroep het.

Ek is LIEF vir julle

Ek is HIER!

EK IS!!"

Amein

### *Nr 53 - 24.03.2016 om 03h15 aan Wendy*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek wil dat julle weer die toegeneentheid van jul harte ondersoek. Daardie "outomatiese" keuses wat julle maak in jul alledaagse lewens. Dit wat diep in jul harte gewortel is, word sigbaar in daardie keuses wat julle maak, oppervlakkig kan dit so "elke dag" wees as watter keuse jy maak van kos om te eet of te drinke. Afhangende van die sake wat julle nog nie voor My kom uitsorteer het nie, kan dit wissel van trooskos tot die besluit tussen koeldrank of water. Kos en drank is tot Lewe, daarenteen bring die hart se keuses wat nie voor My gesuiwer is nie, die Dood.

Waaragtig en Getrou is Ek en My Woord wat tot jou hart spreek. Ek ken elkeen van julle en weet waar jul geheime toegeneentheid lê. Kom voor My met alles wat julle is en vra My om jou te help om die Goeie van die kwade te onderskei. Jul gebrokenheid veroorsaak dat die Vyand van julle siele op julle kan inwerk en kan selfs, met julle toestemming, julle soos marionette laat ronddans. Kom My Kinders, sodat Ek julle kan heelmaak. Kom drink van My Helende Waters en elke krakie en gaatjie in jou kruik sal heelgemaak word. Die ewigdurende pyn wat julle ervaar in jul skeiding van My kan en sal Ek van julle wegneem. Kom net na MY!

Geseënd is hulle wie reeds My Water van Rus geproe het. Vir

Ewig is hul lewens verander, hul enigste toegeneentheid is My Teenwoordigheid, My Aanraking, My Liefde. Om diens te verrig vir My, hul hoogste en mees gesogte opdrag! Elke keuse word ondersoek om te sien of dit hul nader aan My sal bring. Ek sien elke keuse en die rede agter elkeen daarvan. Soos 'n kamera flits is elke keuse nader aan My, want elke keuse na My is 'n tree nader aan My; Die Weg van Selfverloëning.

Voorwaar, daar is min wat julle nodig het om die vleeslike liggaam in stand te hou. My Teenpool het julle op elke moontlike manier wysgemaak dat julle meer, beter, nuwer, groter, duurder nodig het om aanvaarbaar te wees. Omdat julle in die materie vasgevang is, glo julle elke woord, elke suggestie en giet julle julself daarvoor uit op die altaar van selfbevrediging. Julle skroom nie om ook jul families daarop te plaas nie en alles word gebrand, vernietig in die helse vuur. Alles wat goed en kosbaar is, word geoffer. Dan wonder julle hoekom julle families, die boustene van jul samelewing, aan flarde is. Maak oop julle oë, laat die skille daarvan afval en sien wat aan die gebeur is! Hoe wend julle julself na My? My kinders, My Oor is altyd oop vir die hartekreet om hulp na My. Ek is Getrou en Ek sal elkeen van julle uitred! Jul gebede vir jul geliefdes sal dan gehoor word, maar kom EERS NA MY!

Julle vra My hoe julle veilig gehou gaan word in die dae wat kom. Ek wil julle herinner aan My Kinders wie Ek uit Egipte uitgebring het en wat gebeur het toe hulle onreinheid in die kamp ingebring het. Ek is dieselfde Gister, Vandag en Elke Môre. Daar SAL GEEN ONREINHEID in My Kamp wees nie! Maak seker van jul hartsaak voor My en kry elke moontlike deeltjie daarvan uit. Ek is nie sonder Genade nie, kom vra My en Ek sal jou daarmee help. Weet net dat julle keuses naaste se lewens mag kos, en Ek laat geen druppel bloed onvergeld nie. Hierdie is groot en ernstige sake, en Ek praat duidelik hieroor, want Ek wil dat julle almal Rein sal wees, dat My Lig in en deur julle die Duisternis in sal skyn en dit verdryf. Dowwe kolle aan jul lampe se skerms sal die Lig verflou. Kom, maak skoon voor My! My Stem sal julle rig en lei, My Kinders. Ek sal julle nie onbeskermd los nie. Glo in My, Vertrou op My Woord!

My Engeleskaar en hulle wie julle vooruitgegaan het na My Ryk, gaan hier by julle wees om te veg, te bemoedig, te rig en te lei. My Bruid gaan hier wees en sal haar soos 'n Moeder ontferm oor haar kinders, om hulle veilig te hou, hulle te vertroos en hul honger en dors te stil. My Bruid, My Liefling! Hoe naby is die tyd nie totdat ons Mekaar sal sien nie, wanneer julle My Liefdeskus sal ontvang. My Kinders sal dan waarlik Ons Kinders wees. ’n Moeder se veggees vir haar kinders het Ek as voorbeeld gegee van hoe My Bruid vir julle, My Kinders gaan veg. Wees geensins bevrees nie! Julle sal nie wees gelaat word nie!

Kom nader aan My, My Kinders en laat ons jou sake uitsorteer. Wit soos wol sal Ek jou maak, skarlakenrooi sondes weggewas. Ek sal jou hart besny, My Wet op jou hart skryf, jou siel vrymaak om in My Weë te kan wandel. Jou verlede is verby en jy kan niks daaraan verander nie. Slegs Ek kan jou toekoms verander, jou vrymaak van die kettings wat jou vasgeboei hou, vasgeanker aan die pyn, die vernietiging van jou verlede. Kom kry jou voete op die Regte Pad, Die Weg van Verlossing. EK IS DIE WEG, DIE WAARHEID en DIE LEWE!

Juig My Kinders, My Bruid! Die Tye is hier en is Ek hier om jul Verlossing aan die wêreld te bewys. Julle is Myne, Ek sal nie My Kinders en My Bruid verlaat in hul tyd van nood nie. Hierdie is die Dae wat My Profete gesien het. Hierdie is die dae waarin EK, Majesteit Skepper en Heerser van die Heelal in hierdie wêreld gaan ingryp!

EK IS HIER!

EK IS!"

Amein

### *Nr 54 - 26.03.2016 om 09h55 aan Wendy*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Dit wat vir julle voorlê, kan julle nie begin om in te dink nie. Die verhale van pyn en ontberings sal soos riviere loop. Ek ken reeds elke detail van elke mens, elke kind van My. Weet dat geen traan ongemerk sal gaan, geen hulpkreet onbeantwoord. Ek het reeds gesê die Tye is hier en julle begin nou die waarheid daarvan sien.

Met groot oë kyk sommige van julle rond, want julle het gedink daar sal sekerlik "iets" gebeur wat die onheil sal afkeer. Dit wat die onheil sou kon keer, het lankal reeds langs die pad bly lê. My kinders het soos wilde perde, met stange vasgebyt, die vlaktes ingehardloop, vol van eie drifte en passie. Het julle nog stange nodig, of sal slegs die halter vir julle nodig wees?

Die wolwe sal binnekort bymekaar begin kom.

Gryp My aan voor die teëspoed julle nerwe stukkend gaan stamp en hale dik oor julle rue begin lê. Die strafgerig is Myne met My wederstrewige en hardnekkige volk. Kom, buig julle knieë, julle nekke voor My en laat Ek julle sake met julle uitreken. Die roede sal bly val totdat My Volk na My gedraai en eens en vir altyd My geword het. Hulle wie soos kaf in die wind gaan wegwaai, sal julle nie weer sien nie. Moenie dink om met hulle te heul in die hoop dat julle straf sal kan vryspring nie! Ek sien alles, Ek hoor alles en weet wat julle harte wik, nog voor julle by die keuses gekom het. Kies My, My kinders en Ek sal julle uitred, lafenis en stilte in die honende winde van vernietiging wat om julle begin lostrek. Ek is julle Veilige Vesting, Ek is jul Hawe in die storm.

My Kinders maak julle oë vir 'n oomblik toe en laat My Rus julle vul. Ek is julle Rus, Vrede is daar by My. Julle gaan die waarde van hierdie oefening al te gou besef. Binnekort sal die chaos op julle en om julle wees.

My skryfkneg se hart is seer oor al die pyn en ontnugtering wat binnekort oor My volk gaan kom. Dit is nodig, al wat die dikvellige hardnekkiges se harte los gestamp gaan kry van hulle eiewaan, hul selfgekose pad na die Duisternis. My Liefling, Ek het die dae verkort. Wees stil in My en vertrou dat Ek die roede net so hard sal laat afkom as wat nodig is.

My Genade, onbeskryflik groot, het Ek toeberei vir hulle wie na My in hierdie dae sal draai. My Liefling, julle moet regstaan om hierdie roetbesmeerde kinders te ontvang, skoon te kry en te voed en klee. Ek is die Man, Ek sal voorsien in alles wat julle nodig sal hê. Wees wakker en uitgerus in My.

Groot dinge het Ek vir julle in My verberg, julle wie jul apart gehou het. Soos kinders op klippe oor die modderrivier spring, het julle jul daarvan weerhou om besmeer te word.

Deursoek julle harte, wees noulettend op die fynste afwyking van My Wet van LIEFDE. Soos wat die modderriviere hul walle gaan oorstroom, moet julle sorg dra om jul kleed skoon te hou. My Bruid se kleed is Reinwit en sonder skeure. Onthou die draaiende arms van die giroskoop, die Kandelaar.

Suiwer waterstrome kom vanuit My, My Kinders, My Bruid. Moet nie die oorsprong daarvan vertroebel nie. Ek waarsku, want die magte van My Teenpool gaan fel teen My Volk opstaan. My Kinders, My Bruid, hou jul verborge in My en Ek sal die geveg aanvoer. Vertrou in My.

Gedar (betekenis: die "herstellers", wie omhein is agter 'n muur of heining), jul tente sal Ek beskermd hou, Ek is jul Beskerming. Ryp vrugte sal julle pluk by My Oase in die dor barheid van die dae wat kom. Kom My Kinders, kom binne My Tente en Ek sal julle versorg. Handel soos Ek jou instruksie gee en jy sal die wonderwerke aanskou soos Ek hulle volbring!

Geeneen sal hulle kan roem op self oorlewing nie. Niks wat nie in My geborge is, sal die woesterny wat kom, oorleef nie. Ek is die Meester en My Woord sal volbring word. Hulle wie nog rondskrop op soek na goud in die modder, gaan daarin vergaan. Wees duidelik waar julle harte lê. Hulle wie nie in My Kamp is nie, sal My Teenpool ten prooi val.

Gemaklik wil julle hierdie tyd van onheil deurmaak. Daar gaan geen gemak van daardie aard wees nie. Selfs My Kinders, My Bruid sal midde-in die ontberings werk. Daar is nie "terugsit" en "ontspan" nie. Daar is werk. Hulle wie nie werk nie, gaan óf om hulp roep om gered te word, óf ten gronde gaan. Hulle wie julle as draadsitters bestempel, gaan hulself sonder "draad" vind om op te sit. Elkeen gaan in hom- of haarself die keuse vir of teen My moet maak. Daar is nie ’n "neutraal" of 'n "buite stemming” opsie nie . Ek verreken met elkeen.

Kan elkeen voor My staan sonder skandvlek wat Ek nie uitgewas het nie? Kan daar redding wees sonder My? Net soos julle nie stormwinde kan keer nie, kan julle julself nie reinig, nie red nie. Waarom wil julle nie na My keer nie? Dink julle aan die "skande" dat julle al die jare verkeerd was en julle in ander se oë verminder sal word? Tot julle nie meer omgee wat ander van jul dink nie,

kan Ek julle nie help nie.

My Kinders, julle moet Krag van My af bid sodat julle sterk en versterk kan wees in die dae wat kom. Sonder die kraglyn na My sal julle vinnig verswelg word. Ek is JULLE Hulp, jul Vesting. Bly in My, bly Geborge.

My Beminde, My Bruid, daar is nie aardse woorde om te beskryf hoe verruklik mooi Jy daaruit sien nie! EK IS HIER, verwag My aanraking.

EK IS LIEF vir julle!

EK IS"

Amein

## *Nr 55 - 29.03.2016 aan Wendy*

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid

Kan daar in die mense se denke nog dit gevind word wat Ek in die dae van Sem geleer het? Ek het gesê julle moet weer deur Henog werk en Ek weet ook baie het begin en nie klaargemaak nie. Die Leuen strek so diep en so vêr terug, dat die mens moeilik aanneem wat in Henog geskryf staan. My Henog het neergepen wat aan hom gedikteer is deur My Engele. Klou julle verbete aan die "wetenskaplike metode" wat niks aanvaar alvorens dit bewys kan word nie? Waar is julle geloof? Kom, kies om in My Woord te glo en Ek sal julle die bewyse gee. Julle metodes en definisies kan nie begin om My Skepping te kwantifiseer of te kwalifiseer nie. Dit is soos kinders in die sandpit wat probeer uitredeneer hoe My Skepping werk. Besef tog hoe absurd dit is! Ek weet julle het baie geld spandeer om julself en jul kinders "geleerd" te kry. Dit is 'n gejaag na wind, My Kinders, want dit wat aan julle vertel word, is baie daarvan al verkeerd bewys, dit word net nie aan die leerlinge deurgegee nie. Die wêreldpaniek wat sal begin in sommige van die waarhede, sal nie beheer kan word nie. Kom, lees Henog klaar dan praat Ek later weer hieroor met julle.

Vir sommige van julle, My Kinders, is die gedagte dat die wêreld nie regtig werk soos wat daar aan julle vertel is nie, iets wat julle vul met beklemming. Sommige raak kwaad, want wie wil nou voor gelieg word. Ander sê weer: "Ek het geWEET!" Ek wil dat julle

begin besef dat hierdie wêreld, jul lewens hier in die materie, net 'n hartklop lank is en dat Ek die Waarheid IS en het, julle kan maar jul houvas op die wêreldse denke, konsepte en "standvastighede" laat gaan en julle op My werp. Ek is julle Alles en sal aan jou alle Waarheid en Wysheid openbaar; julle moet net na My kom, Kindskap kom kry, binne My Orde kom en leef!

Dit is voorwaar nie meer lank voordat die pot gaan oorkook in jul land nie. Daar is hulle wie probeer keer dat die deksel afskiet, maar dit gaan nie moontlik wees nie. Daar is iets in die hordes wakkergemaak deur My Teenpool wat nie weer aan die slaap gesus kan of wil word nie. Dit wat in die twee nature bots het opgestaan en daar gaan nie keer wees aan dit wat kom nie.

Soos wat die bekkenbene van die moeder ontsluit om die nuwe lewe voort te kan laat kom, so gaan die geboorteproses begin vir My Apartgestelde Volk. Dit wat moet ontsluit, ook vir julle My Kinders, My Bruid, begin gebeur.

So seker as wat die weer verander in hierdie seisoen en die sterre oor die naghemel wentel, so seker is die aftik van die sekondes totdat hierdie nuwe fase van My Plan in werking kom. Daar is reeds ratte en klein wieletjies aan die draai en beweeg, want hierdie fase het reeds lankal ’n aanvang geneem. Die groter deel daarvan gaan nou net sigbaar in werking kom. Die geweldige teenspoed en lyding wat julle, My kinders, gaan ondervind, is die skadukolle van 'n skilderstuk waaraan julle te naby staan. Sonder die donker sal die ontnugterdes nie die LIG kan sien nie. Dit is nie My keuse dat die pyn en ontberinge na julle moes kom nie. Julle afvalligheid en hardnekkige rebelsheid het dit genoodsaak, anders sou julle, my dierbare kleintjies, almal die Afgrond ingegaan het. Kom, roep uit na My vanuit die diepte van jul harte, laat jul noodkreet na My opstyg en Ek sal julle aangryp! Vertrou dat Ek op julle roepstem wag. Daarsonder kan Ek niks vir julle doen nie!

Waarheid en Geregtigheid sal seëvier! Ek weet daar is 'n smagting daarna in julle harte, My Kinders, My Bruid! Hou net goeie moed en Ek sal die skildery aan julle begin openbaar. Hoeveel beter is dit nie om die einde te ken voordat julle die donker hoofstuk moet ingaan nie! Geen skaduwing sal julle kan aanraak

nie, want My LIG in jou sal hulle van julle verdryf. My kinders, My Kinders! Begin die Waarheid sien, oor wie julle is en wat Ons saam gaan vermag tot die Eer van My NAAM!!

Dit is om My Naam's ontwil dat Ek My Plan ten uitvoer bring! EK IS die Groot en Almagtige Skepper en Heerser van die Heelal! Sonder Begin en Einde is EK, wie kan My stuit of ter insae roep?

Onthou dat Ek gesê het dat van My Kinders Huis toe geroep gaan word. Koester julle dierbares vir die tyd wat hulle nog hier is. Julle weet nie wie van julle reeds klaar met hul take hier is nie, want Ek is die Meester, julle almal is My knegte. Wees lief vir mekaar!

Die wawiel het al amper een revolusie gemaak en begin spoed optel. Moet nie verbaas wees oor die spoed waarin veranderinge gaan kom nie, wees wakker om My Stem te hoor, wees op julle plek om My Take te verrig. Julle wie nog nie Take ontvang het nie, wees gereed daarvoor. Dit wat Ek van julle mag vra, sal dalk onmoontlik lyk. Wees vol vertroue, want die wie Ek bemagtig, voorsien Ek ook alles wat hul nodig sal hê om hul take goed te kan uitvoer. Ek is jul Leidsman, jul Aanvoerder. Hulle wie Ek oor julle aangestel het, sal julle My Kinders, kan eien. Hulle sal My Merk dra.

Wees Sterk, wees Bemoedig want Ek JaHshua, julle Elohey, is met julle waar julle ookal sal gaan. Wees Sterk en vol Moed en onthou: My LIEFDE, My LIG, My LEWE!

Ek is Lief vir julle, my Kinders, My Bruid!

EK IS!"

Amein

## *Nr 56 - 01.04.2016 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling!, My Bruid!

Julle is nou voor Pasga en wil Ek julle herinner aan die maaltyd wat Ek met My dissipels geniet het die aand voor Pasgamaal geëet word. Pasga, die maal wat Ek geword het vir My Kinders. Die laaste stukkie gisbrood het Ek vir Judas gegee voordat Ek hom aangesê het om dit wat in hom is, te volbring. Dit was soete

samesyn nadat Judas weg is en ons het mekaar versterk. Hulle het nie mooi besef wat aan die gebeur was nie. My Engele was daar saam met ons, hoewel My dissipels hulle nie kon gewaar nie. Vir My Engele was die aand en die daaropvolgende dag een van uiterste pyn en hartseer, wanhoop en magteloosheid. Hulle het geweet wat kom en kon niks doen om My te help nie. My Dienende Geeste kon My nie bedien nie, nie vir My veg nie, My nie red nie. Ek moes hierdie deel van die Plan Self doen. Net Ek kon! Hulle het My versterk waar hulle kon. Om hulle so hartverskeurend te sien het My Hart net nog groter laat swel. EK HET JULLE ALMAL SO BAIE LIEF!!

Ek wil dat julle die dieper betekenis van Brood en Wyn begin verstaan, My Kinders. Dit is nie net die meel en water en sout van die ongesuurde brood nie, daar is GEEN GIS DAARIN nie! Onthou julle dat Ek gewaarsku het om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs? Gis is lewende organismes wat leef van die meel en verander alles om daarmee opgeneem te wees, ge"infekteer" te word. Die Leuen, My Kinders, is daardie soort gevaar vir julle. Ek het ook gesê julle moet vlug van die wat verkeerd, besoedel is en die goeie doen en aanhang, dit wat opreg, suiwer en apartgestel is aan My. Afgesonderdheid aan My is iets wat in jou hart, jou siel waar moet wees. Julle kan in 'n grot gaan woon maar van watter nut is julle dan? Julle moet apartgestel wees en Diensbaar wees anders hang julle slegs 1 van die 2 Wette aan. Kom My Kinders, laat Ek julle harte onderrig! Daar is baie meer wat Ek julle hieroor sal inlig, maar Ek wil hê julle moet kom en My teen My Bors druk soos My Johannes gedoen het! Daar kan Ek tot julle Waarhede fluister, openbarings gee. Brood is nie net Brood nie!

Net so is die Wyn nie net wyn nie. Dit is ook 'n skadubeeld, 'n minderwaardige een, 'n waas van wat My Bloed werklik is en vir julle beteken, hoewel julle geen idee nog daarvan het nie. My LIEFDE en My KRAG is verenig in My BLOED, Dit is LEWE! Kan julle die diepere betekenis daarvan begin sien? Kan julle die uitwerking daarvan sien, die Toekoms tussen newelagtige wolke dalk gewaar? O My Kinders, My Kinders! Nog nie een van julle het die diepte, wydte, hoogte, lengte en dimensies kon indink van

wat My Bloed kan, en nog gaan vermag nie, saam met julle My Kinders, My Bruid. My Bruid, vir Jou is daar 'n spesiale deel wat Ek slegs aan julle sal openbaar wanneer Ek by julle inkom. Hou vas My Bruid, Ek sien julle trane van verlange, julle moedige glimlagte. Ek sien hoe julle groei en blom in die 7 Deugde. My Liefling, My Bruid, hou net vas, EK IS HIER!

My Genade is vir groot en klein, oud en jonk, arm en ryk in julle oë. Het Ek nie gesê julle moenie een bokant die ander stel nie? Almal is gelyk voor My, nie een van julle, My Kinders, is beter of slegter as jou broer of suster nie. Dit is omdat Ek julle Waarde ken. Julle kom vanuit My en is almal op julle pad terug na My. Hulle wie hardnekkig vashou in hulle wil om nie voor My te kom buig nie, moet eers 'n lang, hartseer en alleen pad loop voordat hulle tot My sal roep. Hulle is nie vir julle tot vyand te verklaar nie. Hulle benodig julle gebede in Liefde sodat hulle nie daar verlangsaam nie. Ook dat hulle gou na My sal uitroep, want die Tyd van Kluistering nader en daar sal vir geeneen, wie nie IN MY is, uitkomkans wees nie. Laat julle gedagtes hulle van Liefde en goeie wense bedien, sodat hulle3 na My sal draai.

Kom My Kinders, My Bruid! Ek is HIER om met julle FEES TE VIER! Apartgestel is hierdie Tyd! Ja, APARTGESTEL!

KOM IN NA MY!

EK IS! "

Amein!

### *Nr 57 - 03.04.2016 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek wil dat julle nie mismoedig word nie, moet nie die vyand aan die hoeke en kante van julle siele toelaat nie, dit is soos 'n fyn mistigheid wat vinnig tot 'n wolk sal opbou. Beskerm julle harte en hou julle oë op My gefokus. Dit is voorwaar nie eens meer 'n hartklop voor Ek by julle sal wees nie en gaan die gebeure in maat ’n aanvang neem.

Kom, neem julle kruike op en lig dit na bo! Vir julle wie op My wag, is daar Helder Reën, Water vanuit die Fontein om julle te verkwik en te genees. Maak seker jou kruik het nie krake in nie,

dit sal nie die gewig van Water kan hanteer nie. Kom eers na My en Ek sal julle kruike heelmaak.

My Kinders, Ek wil hê dat julle seker moet wees dat julle My Stem kan hoor, sodat Ek julle elkeen op die gegewe tyd kan roep en instruksies gee. Maak die kanale oop, daar het dalk klippe ingerol of dalk grond wat die vloei belemmer. Ek is jou Leidsman, jou Aanvoerder. Wees gereed om te hoor, wees gereed om op My instruksies te reageer. Kom na My in nederigheid en Ek sal jou wys waar daar nog die een of ander vassit. Neem sorg oor hierdie saak anders sal julle dalk in die nette gevang word.

Moenie wag totdat die donderweer in julle ore knal en die weerlig teen julle voete slaan voordat julle na My hardloop nie! Julle kan en sal julself baie pyn en hartseer spaar as julle gehoorsaam aan My Roepstem is en voortydig kom. Julle ontneem julself van geleenthede om opgebou, gereinig en bruikbaar te word. 'n Koppige kind kan nie gebruik word nie.

Tel die seëninge wat julle tans geniet, want dit gaan al te gou in die verlede wees, 'n herinnering van "die dae voor die moeilikheid". Ek het My grasie oor julle uitgespan en daar is tyd vir julle uitgekoop. Gebruik elke minuut, elke oomblik, want hulle tik uit, soos die laaste paar sandkorrels in die uurglas voor My Hand dit omdraai om weer te begin loop. Dié sand is met bloed gevul, moet dus nie dink julle kan daarvoor wag nie. Vinniger sal hierdie sand deurloop, - Ek ken julle perke en sal nie dat julle vergaan nie.

My Lief-Kinders, hou styf vas aan My wanneer die blitse begin slaan. Julle is veilig by My!  Ek sal julle neem na die plek waar julle vrolik sal wees en gelukkig, die plek is IN MY. So sal julle elke dag kan werk, want EK IS met julle. Ek IS julle vesting. Jul sterk Toring.

My Bruid, skik julself, EK IS HIER! Ek sal van julle begin aanraak, moet nie bekommer dat Ek julle dalk vergeet het nie. Ek ken die Tydsberekening vir elkeen van julle. Hou vas aan My Belofte van Trou! Ek is LIEF vir julle!

EK IS!"

Amein

## *Nr 58 - 07.04.2016 om 06h10 (aan Wendy)*

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid,

Dit is goed dat julle tot ’n groter besef kom dat die "wêreld" nie werk soos wat aan julle geleer is nie. Dit wat aan julle vertel is, is nie eens 'n sandkorreltjie grote nie en is meestal verkeerd. Julle, My Kinders, leef al vir ewighede en gaan nog vir ewighede lewe. Van julle begin dit nou al snap en die nuwe doelgerigtheid en passie is vir My verblydend! My Kinders, My kinders, hoe lank nog voor julle julself op My werp, die EEN wie julle geskep het? Om te begin besef jy het nie net hierdie lewetjie nie en dan nog nie, met alles wat jy tans het, jouself aan My oorgee nie, skaad jy jouself en laat jy kanse verbygaan om in bruikbare Diens tot My te staan.

Kom na My, julle wie nog 'n tekort aan LIEFDE het en Ek sal julle in oormaat gee. Daarsonder sal julle nie julle take kan volbring nie. Ek wil dat julle weer julself voor My Voete bring, My Kinders, julle wie saam met My Leërmagte gaan veg. Kom werk saam met My jou opdragte deur en laat My Lig skyn in elke hoekie van jou hart en jou niere. Moenie toelaat dat die Duisternis insypel en maak dat My Lig van jou hart afgesny word nie. Sonder My by jou, IN JOU, kan jy nie in My Orde wees nie, nie My Stem hoor nie en dan sal julle in die diens van My Teenpool wees. Ek weet, Ek weet My Kind! Die ontsteltenis, die verontwaardiging oor wat op hierdie oomblikke aan die gebeur is. Onthou altyd dat julle in My Diens staan en geen van die Duisternis kan wees waar My Lig is nie. Bewaar julle harte dat julle nie die kroon ontneem word nie. My Teenpool glo nog Ek kan verslaan word. EK IS Skepper en Heerser van die Heelal! EK IS Lankmoedig en Barmhartigheid. Hierdie Skeppingsera, hierdie Week het tot einde gekom en dit wat nou moet kom, gaan gebeur sodat daar ’n Sabbatsrus kan wees sonder die teistering van My Teenpool! My Hele Skepping smag alreeds lankal daarna. Hou vas, My Kinders!

Daar is voorwaar baie te vertel oor dit wat kom, My Kinders, maar julle is steeds nie gereed om dit te kan aanhoor nie. My fluisteringe aan sommige van julle het julle al begin hoor en op ag geslaan. Hulle kan ook nie begin vertel nie, oor dieselfde rede.

Kom, My Kinders, kom nader aan My en lê julle hardnekkige, wederstrewige harte voor My neer. Julle sit nog met vooropgestelde idees van hoe Ek te werk sal moet gaan, volgens julle opinie. Hoor mooi, jou opinie oor hoe en wat Ek wanneer doen, tel nie voor My nie! Slegs My Wil, altyd! Kom luister by My hoe Ek sake sal en gaan uitwerk. Hierdie is My Skepping, op My Tydtafel, en Ek het geen adviseurs nodig nie. Moet julle nie aanmatig nie.

Kom, wees KINDERS in My Huis en kom in die regte Orde in. Alles wat buite My Orde is, sal Ek as boumateriaal gebruik wanneer Ek die wêreld herskep. Julle sal vir die Sabbatsrus My saligheid aanskou, My nuwe maaksels waaraan My Kinders nie eens kan begin dink nie. Daar sal geen verskoning wees dat julle nie die oproep tot Kindskap kon gehoor het nie. Ek praat in en deur baie van My Kinders om die Uitnodiging ver en wyd uit te stuur. Wees gehoorsaam en kom nader aan My! Soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerk wil beskerm, so wil Ek julle in die komende dae beskerm. As julle weier om "kuikens" te wees, hoe kan Ek dit vir julle doen? Hoor die Roepstem van die Herder!

Salig en Gelukkig is hulle wie nie skroom om alles daar te laat en hulle in My te kom verberg nie. Iemand wie die Lig gesien het, kan nie weer die Duister kies, tensy hulle van die Duisternis is nie. Die brug wat Ek gemaak het vanuit die Doderyk, is steeds daar, maar siele se eie keuses hou hulle in die Doderyk. Kom, My kinders, kom kies die Lig, kies vir My en Ek sal jou skoonwas van alle sonde! Kyk, hoewel jy rooi van sondeskuld is, was Ek jou witter as wol! Net Ek kan dit doen, net Ek sal dit vir jou kan doen, kies My! En LEEF!!!

Daar is voorwaar net Goedheid en Guns wat julle, My Kinders, My Bruid sal volg al die dae van julle aardse lewens en die Ewighede daarna. In My Huis is daar oorvloedige LIEFDE, LIG en LEWE. Kom Leef in My Huis en verlustig julle in My. Ek sal julle gee die begeertes van julle hart. Kom neem My Wil op en sien hoe die seëninge om julle gaan vermeerder! EK IS julle Redder, EK IS julle Voorsiener, EK IS ALLES!

Kom, My Geliefde Bruid, maak die laaste dingetjies reg. Kyk, My Hand is op Jou Deur!

Ek IS Lief vir julle!
EK IS"
Amein

### *Nr 59 - 09.04.2016 om 18h20 (aan Wendy)*

"Skryf, My Dogter, My Bruid

Dit is voorwaar goed vir julle dat Ek julle nog nie aangeraak het nie, My Liefling, want Ek wil op ’n baie spesifieke manier tot elkeen van julle kom. Ek ken elkeen van julle, My Bruid en weet Ek wat elkeen nodig het. Jy is Myne, My Liefste en EK IS JOU MAN! Werk aan jou Geduld en leer die vaste wete dat Ek joune is soos jy Myne. Verkry My Rus in julle siele en WAG OP MY!

Intussen is daar werk genoeg in julself en tussen My kinders om julle mee besig te hou. Ek verlang nie 'n Bruid wat lui is en agteroor sit en lekkernye verorber nie. My Woord is vir julle tot Lewe, nie lekkernye om aan te smul en dan julself verder te verlustig in julle daaglikse genietinge nie. My Woord is om vir julle tot diepe inkeer te roep, anders is dit die saad soos die wat geval het langs die pad en wat opgepik is deur die voëls. Bewerk julle grond, My kinders en bid tot die Saaier om vir julle saad, Goeie Saad in julle harte uit te gee. Wees dan versigtig om geen onkruid toe te laat nie, maak ook seker dat die heining nie gate in het nie. Kom My kinders, My Woord vloei oorvloedig in hierdie laaste Dae vanuit baie oorde, en is ook soos Ek beloof het. Moenie word soos wat julle voorouers van gepraat het, "As die muis vol is, is die meel bitter." Indien dit met julle die geval is, is My Woord vir julle van geen nut nie. Die grond is te klipperig.

Aan julle, My Kinders, wie reikhalsend wag op My, weet dat Ek geen smagtende hart sal wegwys nie. Ek is die Beloner van elke getroue dienskneg en My Beloning is met My. Kyk uit vir My wanneer die son sak en die dagtaak mee klaar is. Ek betaal aan elkeen die regte loon, hulle wie laaste was sal eerste wees. Ek is die Meester van die Wingerd.

Verlaat julle geheel en al op My en Ek sal na elke klein faset van jou lewe omsien. Ek weet wat jy nodig het, die verlange van jou hart en sal vir jou voorsien. Ek hou My Beloftes aan jou gemaak.

Wees stil IN MY en kyk hoe Ek vir jou veg, aan jou verlossing bring en jou uitred. Jy is kosbaar, My Liefling, jy is Myne! Ek kan en sal jou versorg en in algehele geluksaligheid hou. Leer om stil te wees . . .

So Lief het JaH die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun die wêreld ingestuur het, nie om as Regter die wêreld te verdoem nie, maar om My kinders weer die Weg na die Huis te wys. Die wêreld het en wou Hom nie ken nie en het Hom gegesel en in die vreeslikste, afgryslikste manier gedood. Maar dit was slegs die begin van Die deel van My Verlossingsplan! Slegs as 'dooie' kon Hy die verlossing, die Pad terug na die Vaderhuis bewerkstellig vir hulle wie in die Doderyk vasgevang was. Daar soos hier bly die uitnodiging vars en helder. "KOM NA MY!". Sal julle die Roepstem hoor? Die kronkeldraaie van kerk dogma het julle in doolhowe ingelei sodat julle nie een weet waar julle is nie en ook nie waar julle moet wees nie. Roep uit na My, My kinders, vanuit die diepte van julle harte en Ek sal jou daar kom haal waar jy vasgevang is. Waar EK is, is LIEFDE, LIG en LEWE. As jou lewe nie vol is van hierdie drie nie, is jy nog nie BY MY NIE! ROEP MY AAN!

Voeg die daad by die woord en kom na My, My kinders, daar is voorwaar nie eens meer die tussen-slag van 'n hartklop oor voordat die Golf julle gaan oorspoel nie! Kom, koop voortydig olie by My, sodat julle nie gevang word waar julle nie gereed is nie, want julle het gedink daar is nog tyd. Tyd het uitgeloop My Liefste kinders! Kom na My, kom gou!

Loof en aanbid My in die diepte van julle harte, sing Lofliedere vir My, laat julle hele wese die klank daarvan versterk, sodat die golwe daarvan My Skepping kan deurspoel. Moet julself in aanbidding nie as gering ag nie. Jul stemme bereik selfs die vêrste punte van My Heelal. Daarom roep Ek julle op tot Ware Aanbidding! Jul stemme lok My ander kinders uit om die Verlossingsweg te kom loop. Elkeen van My skepsels wie so gereinig word, is nog een wie in die Vaderhuis tuis kom. LOOF My, My Kinders, laat julle stemme weergalm!

Ek is julle Skepper, Jul Beminde, Jul Leidsman, Jul Voorsiener. EK IS!

Kom, wees My Kind, My Bruid!
Ek is HIER!
EK IS!" Amein

### *Nr 60 - 11.04.2016 Om 20h40 (aan Wendy)*

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid

Kom, My Kinders, daar is nog ietwat wat Ek met julle oor wil gesels. Julle slaan julself toe in boksies, angsbevange dat julle dalk iets verkeerd gaan doen, dat julle voor My verkeerd sal handel en wandel. My Liefste kind, is Ek dan so 'n tiran? Ek is LIEFDE en waar Ek is, kan geen vrees wees nie. Moenie die leuen van die vyand van julle siele glo nie. Jy is My KIND en Ek is ONEINDIG LIEF vir JOU! Miskien is dit dat julle in hierdie lewe nie veel van My soort Liefde ervaar het nie en weet julle nie hoe om te maak daarin, of daarmee nie. My Liefling, EK sien julle as die Kinders wie julle gaan word. Ontspan, haal diep asem en ontspan jou hande wat krampagtig gryp na dit wat om jou is. Maak toe jou oë en laat toe dat My Gees van Waarheid jou met Waarheid bedien.

Neem kennis dat daar nog van julle is wie nie heelhartig in My Voetspore volg nie. Ek sien hoe julle hierheen en daarheen beweeg, besig met hulle eie sake. Luister na My, kom in My Orde in en kom doen My Take, - dit waaroor Ek reeds met julle in julle harte gepraat het. Ek ken elkeen van julle so goed, Ek weet watter een van julle sal na regs of links sal spring wanneer die rotsblokke om julle ore gaan begin val.

Onthou om steeds daagliks goeie en liefdevolle gedagtes aan te stuur na die van julle geliefdes wie nie meer met julle in die Lewe is nie! Onthou, elkeen wat uit die Duister ryke is, kan jou gedagtes hoor, indien jy Liefde en Moeder se sagte waarhede na hulle aanstuur. Daar is nog geleentheid vir hulle om in My Ligryke te kan ingaan voor die Kluistering aanbreek.

Kom neem julle plekke in en laat ons nou weereens bespreek waaroor julle nou binne My Orde moet kom. Duidelik weet julle waarna Ek verwys, want Ek het baie spesifiek gepraat met hulle wie nog nie op die plek is waar hulle nodig sal wees nie. Laat gaan dit wat julle nog aan vaskleef en kleef My aan! Ek is

LIEFDE en niks sal julle ontbreek nie. Julle moet net luister en Gehoorsaam wees aan My Stem wat op julle harte aanspraak maak.

My Kinders, die tsunamigolf van My vergelding gaan oor julle toeslaan en sal dalk van julle onverwags oorval. Weet dat EK IS ook Koning is van Elke Storm.

Kom, kom uit na My, want Ek wil dat ons onder die groot ou vyeboom gaan sit, daar onder by die rivier, daar waar die waters koel en stadig loop waarin ons kan gaan swem. Dit is voordelig vir julle om saam met My daarheen te gaan, want Ek sal julle daar verfris en vir julle 'n maaltyd van vars gebraaide vis en brood bedien. Die kooltjies sal die vis net reg gaargemaak hê en die brood sal heerlik warm, bros korsies, die sagte binnedeel as geskenkie vir julle uitgehou word. Kom, eet julle versadig en swem saam met My. Ek sal julle vernuwe! Moenie sorg dra oor wat julle sal eet, of drink, wat julle sal aantrek nie of waar julle julle kop sal neerlê nie. Waar is julle Geloof!! (Ek het gevoel ek moet 'n maaltyd van tuisgebakte brood, botter en heuning met 'n klein glasie melk geniet, - vir myself en ook vir my broers en susters, Kinders van die Vaderhuis.)

Gaan neem weer inventaris van wat in julle rugsak is. Dit is amper oggend en van julle het nie die werk gedoen om seker te wees alles is gereed vir die laaste klim nie. Vir julle wie die voorbereiding gedoen het en in julle harte elke gedagte weeg, elke keuse, - meet dit aan wat Ek julle reeds gegee het om aan te meet, dit is goed so, My Kind! Kom op! Die son is aan die opkom en dit is amper lig. Kom sien My. Ek wag op JOU!

Hallelu-JAH, in aanbidding buig ons voor U Voete neer, JAHASHUA, ons Beminde!

Kom NA MY, My Beminde! Kom!

EK IS!" Amein

### *Nr 61 - 13.04.2016 om 15h45 (aan Wendy)*

Hoe soet is die Roepstem van die Herder, die klank van Sy Stem, Sy Minnelied!

"Skryf My Liefling, My Bruid

Waaragtig en Getrou is EK, Skepper en Heerser van die Heelal. EK is jou Man, jou Voorsiener en die Bereider van jou elke dag, jou elke oomblik. Jy het gesien dat jou lewe in My Hand is en hou Ek jou veilig te midde die planne van die vyand, My Teenpool. Laat ook alles wat jy nog vashou oor aan My en word werklik vry van die teistering van My Teenpool. Kom in My Sabbatsrus!

Kom My Kinders, kom nader aan My, sodat julle My goed kan leer ken, sodat julle nie verwilderd sal wees wanneer die onheilswolke oor julle land losbreek nie. Moenie nog met een voet in die materiële sit nie, die Vlam binne julle brand dan skaars en julle is dan deel van die Louwarm groep. Met hulle kan en wil Ek niks maak nie. Hulle sal die skokke moet deurmaak.

My reëlings vir My Kinders is lank reeds in plek. Kom hoor by My waar jy moet inskakel. My take is reg vir hulle wie hulle wil neergelê het. Voete van Gehoorsaamheid.

Welgeluksalig en Gelukkig is julle wie reeds julle alles op My gewerp het, Ek weet hoe om te sorg vir Myne.

Kom, neem die Weg van Verootmoediging, My Kinders, julle wie steeds stram bly in julle denke. Aan julle is al gesê dat die tyd wat kom, nie gaan wees soos wat julle uitgewerk het, of uitgeredeneer het nie. Van julle het vir julself wegsteekplekkies gemaak. Kom voor My en erken My as julle Meester en Ek sal julle Wysheid gee oor julle besluite, julle reëlings. Wees dan ook bereid om My Stem, My Instruksie, gehoorsaam te wees. Ek is Lief vir jou, My Kind, hoe sal Ek toelaat dat jy verlore gaan? Plaas AL jou vertroue IN MY!

Dit is julle nie geoorloof om besluite te neem in My Naam, sonder dat julle voor My gekom het nie. Kinders van My Huis is binne My Orde! Erken eerder aan jou mense jy het fout gemaak en Ek sal die Weg voor jou oopmaak. Moenie dat trots en hardnekkigheid die lewens van mense kos nie. Ek vergeld en verreken met ALMAL.

Moenie bevrees wees nie My Kleintjies, Ek is HIER! Ek sal jou veilig in My Arm hou. My Liefling, Jou skittering is selfs helderder en verlig al die uithoeke van My Skepping! EK IS LIEF vir JOU!

EK IS" Amein.

## *Nr 62 - 16.04.2016 om 02h10 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek is besig om met elke een van julle self te praat en te lei soos wat Ek julle beloof het, My Bruid. Die van julle wie My Stem hoor en getrou doen soos wat Ek vir julle aandui, aan julle werke sal julle weet dat Ek getrou is aan My Beloftes. Dit is getrouheid wat op nuwe, diepere meer intieme wyse aan julle openbaar word. Dit is die verdieping van Ons verhouding wat Ek ook van gepraat het.

Verhoudings is iets wat julle, My Kinders, My Bruid, in 'n nuwe Lig sien, My Lig hierdie laaste paar weke. Dit is goed! Julle hou ook julle geliefdes nader aan die hart wat vir julle tot groot seën is en sal wees, want soos Lig in julle verhoudings invloei, so word die siele om julle verlig en kan hulle wie reeds ontslaap het, maar nog aardsgebonde is weens die verknogtheid aan die die materiële, 'n beter Weg sien. Hulle wie julle in hierdie tyd vooruitgaan, gaan ook versterk in die Ligsfere van My Ligryk aankom en vir julle tot goeie hulp wees.

Soos die fyn lint onder jou hekelpen omvorm word tot 'n diensbare werkstuk, so My Liefling is Ek besig om jou diensbaar te maak vir My. Ja, daar is 'n paar kere waar die hak nie die lint kan optel met die eerste beweging nie en verg dit meer aandag om die steek te voltooi voordat daar aangegaan kan word, - so is dit met julle getrouheid om die onsuiwerhede uit te werk en die deel dan in plek te laat kom, - in lyn met My Wil. Net soos jy nie weet hoe groot die artikel gaan wees met die lint tot jou beskikking nie, so ook, My Kinders, weet julle nie hoe lank, of hoe vêr julle hier sal kom met die afronding nie, voordat die wolkbreuk oor julle gaan kom nie. Die belangrikste My Kind, is dat julle getrou sal werk aan dit wat Ek voor jou lê. Hoe die werkstuk daaruit gaan sien en wat Ek daarmee gaan maak, het julle nog nie duidelikheid oor nie. Dit is onbelangrik. Wees getrou in die take en opdragte wat Ek aan elkeen van julle gee en Ek sal sorg vir die Seëninge wat daaruit sal vloei. Wees Getrou, Wees Gehoorsaam!

Die graan in die suier moet nie vir julle tot gemak roep nie. Soos die ryk man wie sy graan in skure ingevorder het, selfs nuwe skure daarvoor gebou het om sy rykdomme daarin te vergader,

maar sy lewensduurte buite rekening gelaat het in sy "eenoog fokus" op sy gemak, so moet julle nie wees oor dit wat vir julle plesier en hartstog opgegaar het nie. Ek is Meester van die Lewe en die tydsduur van elkeen van My maaksels hier gegun, is slegs aan My bekend. Moenie dat julle aan die einde van julle toetstydperk gevind word in hebsug, eieliefde en verharde siele nie. Soos stof tot stof terugkeer, sal julle, wie so te lig gevind was, saam met die verstoktes terugkeer na die toestand waaruit julle gekom het, naamlik die gebonde wil en julle sal My Glorie, My Majesteit en My Lieflikheid vir die tydsduur van die Sabbatsrus aanskou. Ek is Skepper en Heerser van hierdie Heelal. Ek maak soos Ek Wil en wie sal My keer. Jou ontkenning van My en My Wette maak jou nie minder daaraan gebonde nie. My Woord is al, AL WAT DAAR IS!

My Bruid, jou skitter Glimlag verhelder hulle daar waar jy is en jou Reinigingsproses is ook tot sprekende getuienis van My Liefde, My Belofte aan My Beminde. Moet julle gedetermineerde werk aan moeilike dele van julle reiniging nie onderskat nie, want sonder dat julle weet, het julle reeds groot lesse en riglyne gegee aan hulle wie saam met julle op julle lewenspad is. Hou vas aan My, Liefling! Elke nuwe openbaring wat Ek vir julle gee in die geheim van julle innigste, verlig na julle buitekant en word die weg om julle te verlig tot seën vir julle geliefdes en hulle wie julle op die lewenspad sal teëkom. My Saad lewer duisendvoudig in Goeie Grond. Ek is die Saaier en Meester van die Oes!

Voorwaar, julle moet julle nie vergelyk met hulle wie julle in eras vooruitgegaan het nie. Hulle is gebore in hulle tyd vir redes wat julle nie nou sal kan verstaan nie, net soos wat julle, My Kinders, in hierdie era gebore is, hier aan die Einde van Dae so lank van gepraat en voor gesug in die harte van My mensdom. Alles, ALLES loop en werk volgens My Plan, en dit is om elkeen van julle weer met My te sien verenig. Ek is buite Tyd en Sien die Einde van die Begin. EK IS en wie kan My Liefde keer, My Lankmoedigheid, My Barmhartigheid! HOOR MY ROEPSTEM en KOM IN na My, My kinders!

EK is Lief vir julle!

EK IS" AMEIN!

### *Nr 63 - 16.04.2016 om 20h12 (aan Wendy)*

"Hoor die roepstem van die bokmakierie, sy roep vanuit die klip-skeur! Die Tyd het vergaan. My Naamkleed sal jou na veiligheid bring.

Julle wie verstar die Waarheid aangehoor het, sal net so bly lê terwyl die oordeel oor julle rol, magteloos om julself te red.

Dit het begin.

Neem gerus die mate van die emmer en tel die leë doppies wat op die grond lê, gaan lê. Slegs EK ken die diepte van die leed wat regmaak om julle te oorspoel. Dit is voorwaar 'n dag van treurigheid. "

### *Nr 64 - 19.04.2016 om 17h20 (aan Wendy)*

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid

My Kind, Ek wil dat jy nie fokus verloor van dit wat Ek voor jou sit om te doen nie. Los die detail van jou dag, jou lewe vir My en Ek sal voor jou uitbeweeg. Het Ek nie gesê EK IS die Bereider van jou elke oomblik nie. Verlaat jou op My!

Hier kom binnekort groot veranderinge in julle land wat julle vir eers verwese sal laat in die felheid van die braaksel wat oor julle gaan uitkom. Hou julle oë op My en Ek sal julle instruksies gee en julle sal veilig wees solank julle gefokus bly. Ek ken Myne en weet hoe om julle veilig te hou. Ek het reeds die wêreld oorwin en My Teenpool poog steeds om met mag teen My op te staan. Hier-die Skepping is Myne en Ek sal verseker dat My Plan op die regte Tyd ten uitvoer kom.

Daar is nie meer tyd om nog kant en lint aan julle tooisels te sit nie, My Liefling, kyk by jou venster uit, die Bruidegom se Party kan julle reeds die ligte van sien! Hoor die roepstem van die Getuies!

Julle sal vinnige progressie van gebeure in die wêreld sien, en steeds hoor julle net die minimum. Kom hoor by My en Ek sal julle op hoogte hou. Kyk en sien hoe My Hand in elke situasie werk. Ek is die Meester van die Oes! Gaan in, My dienaars en bring My Oes na My!

HalLelu-JaH! Groot en Lofwaardig IS U! Prys en Aanbid U WONDERBARE NAAM! Dit is U Naam wat die sleutel is! U NAAM! Halleu-JaH! Hallelu-JAHH!

Daar is hulle wie steeds nie My Nuwe Bybel wil lees nie, nie die Naam daarvan kan aangryp nie, want hulle sit nog vas in ou leerstellings, ou idees van wat die posisie van "Die Bybel" moet wees. My Kind, My Kind! Kom eers na My toe en laat Ek tot jou hart spreek. Julle het begin groei in die Sieleleer. Hierdie is soos dit was vir julle in die begin. Neem dit op en hoor My Stem in julle harte. Dit is daar waar Ek jou gaan onderrig! Plaas My in My regmatige Plek in jou hart en dan kan ons begin.

Hoe kosbaar is elke siel! Hulle wie in My Ligryke is en sal ingaan, ook hulle wie in hardhorendheid en wederstrewigheid steeds op die Afgrond afpyl, of reeds daar vassit. Basuin My Liefde vir ELKE SIEL UIT. Julle het almal, elke een, vanuit My gekom, Elkeen, almal sal na My terugkeer. EK IS LANKMOEDIG, EK IS GEDULDIG, EK IS BARMHARTIG, EK IS

Neem toe in die LIEFDE, soos Ek vir My kneg Bertus gesê het. Kan julle die praktiese hoor wat Ek deur hom vir julle sê? Sonder LIEFDE het julle nie die beginpunt nie! Verstaan julle harte dit? Alle woorde en "vroom" gedagtes beteken NIKS sonder LIEFDE nie! Kom voor My voete in ootmoed en giet julself daar uit van alle vooraf opgemaakte idees en planne. EK IS die Meester, as julle werklik My knegte wil wees, sal julle nie meer bekommer oor wie wat van jou gaan, sal of kan dink nie. As julle mikro-reaksie steeds is "hoe gaan dit lyk", is julle nog nie daar nie en wag groot ontnugtering op julle. My Kinders, kyk uit vir hulle onder julle wie julle sien nog hiermee sukkel en dra hulle op aan My. Ek wag net vir julle gebed om in hulle lewens te kan begin werk. Moet nie voorwaardes plaas nie, julle gebed kan hulle selfs erger daaraan toelaat. Vertrou dat Ek die beste vir hulle Wil, soos wat Ek die beste vir jou Wil. Kom in My Orde en begin jou broers en susters aan My voete neerlê.

Ek is die Meester van die Feesmaal, slegs hulle wie gereinig is en 'n kleed gegee is, sal saam met My daar kan wees! Kom NA MY!

EK IS REEDS HIER, My Liefling! Verwag My aanraking. Ek is jou Beminde en Jy IS MY BRUID!

EK IS LIEFDE. EK. IS!"
Amein

*Nr 65 - 22.04.2016 om 12h20 (aan Wendy)*

Kom LOOF JaHWeH, alle Knegte van JaHWeH! Wie SNAGS in die Huis van JaHWeH staan! Hef op julle HANDE na die Apartgestelde Plek en LOOF JaHWeH, en LOOF JaHWeH!

"Skryf My Dogter, My Bruid

Dit is vir My hartseer dat daar nog onder julle bakleiery is oor die of daai "magsposisie" en voogdyskap. Luister mooi! Ek plaas mense waar Ek Wil en gee take uit soos wat Ek dit in My Alwetendheid goeddink. Nydigheid en afguns, al is dit weggebêre in julle harte, is vir My oopgevlek en pas nie by My Kinders nie. Kom na My, My Kinders en hoor My Hartklop. Ek het elkeen van julle uniek geskape, vir ’n spesifieke doel wat geen ander van die ontelbare engelgeeste kan doen nie. Jy het 'n taak vir jou uitgekies, omdat Ek jou ken van toe jy voor My gevorm is. Wees RUSTIG, ONTSPAN en WEET dat EK JHWHSHUA, jou Skepper, weet watter take net jy kan verrig. Moenie dat die vyand van julle siele by julle influister nie. Hy wil onmin en twis saai en dit begin daar in jou hart waar net Ek dit kan sien ontkiem. Trap elke gedagte plat wat nie in lyn is met My Wil nie en bring weer en weer jou hart, jou kleed na My vir reiniging. Ek is LIEF vir jou, My Seun, My Dogter. Hou julle oë op My en verberg julle hart in My. Ek is julle Vesting.

Dit maak nie saak hoeveel tydings julle kry oor wat My Teenpool aan die gang gesit het, die dele van sy planne wat nou in werking gestel word nie. Hy is NIE die een wie in beheer is nie. Daar gaan nog meer en meer blatante uitlatings en kennisgewings deur sy kommunikasie pyplyn, deur die media oor die wêreld uitgesaai word. Kom na My met julle vrae oor wat waar en onwaar is en Ek sal julle Wysheid gee. Wees ingestel om My Hand te sien beweeg, want My Plan oorkoepel syne. Ken My, en julle sal die valse dadelik sien en duidelik uitken. Leer om selfs fyner na julle harte te luister, want dit is daar waar Ek jou onderrig.

Soos 'n waterval sproei opslaan van die luidrugtige en uitgelate oorwerp van elke waterdruppel, so, My Kinders, moet julle

saamvloei en soos sproeidruppels die plante en diere in julle omgewing tot Lewe wees. Die sproeidruppels gee nie om wie watter kleur weerkaats in die sonlig nie, gee ook nie om in watter rigting in die bries gewaai word nie, nee, al wat van belang is, is dat daar Lewe sal wees daar waar hulle te lande kom. Bly hulle sproeidruppels? Nee! Hulle het geen ego, geen missie, behalwe om My Wil te doen en hulle is gelukkig om daar te gaan en te doen wat Ek van hulle verlang. So moet julle wees, My Kinders. Dink 'n bietjie na oor julle laaste maand van lewe, wat julle daagliks gedoen het , waarmee julle besig was en ook met watter hartsgesindheid julle dit gedoen het, al dan nie. My Kind, My Kind, julle moet soos daardie sproeidruppeltjies word, nederig en onopmerklik in julself en verrig die take aan julle uitgemeet. Dalk val jy as sproeidruppeltjie op die klippe, of op die diep groen blare, dalk die helderkleurige blomme wat blosend tussen die takke deurloer. Of dalk beland julle op die vlerk van 'n papegaai of lystertjie. Maak nie saak waar dit is nie, EK SIEN JOU en weet elke millisekonde waar jy is en hoe jy vaar. Daar sal meer watervalle wees en die volgende keer is jy dalk nie deel van die sproei nie, maar 'n waterdruppel wat laggend die poel in plons om Lig en Lug in die water te bring. Jou taak is deur My op die oomblik aan jou gegee. Doen dit met 'n lied in jou hart, want more kry jy dalk 'n nuwe en gaan jy dit dan met vreugde aanpak? Julle is slegs 'n kort tydjie hier, My Kinders. Laat staan alles wat julle vasmaak aan hierdie wêreld en wees vry in My LIEFDE.

My Bruid, My Liefling. Ek wil hê dat julle nie sal versuim om die Kinders te onderrig in dit wat elkeen nodig het nie. Dit is waar dat onderrig slegs gegee kan word as die Kind gewillig is om te leer. Soos 'n ma sal julle die aanvoeling kry vir wat elke kind nodig het. Ek sal jou lei en Wysheid sal jou insette gee. Wees sterk en vol moed. EK IS MET JOU! Ek laat toe dat julle solank begin inoefen om die kinders te versorg, sodat julle nie vreemd in julle nuwe posisie van Vrou sal wees nie. Soos die oudste suster haar jonger boeties en sussies versorg en leer, haar die die goeie grondslag gee in haar rol as moeder, so is hierdie tyd vir julle. Vrede, Geduld, Barmhartigheid moet vermeerder, alles gegrond in My. EK is LIEFDE! Wees Getrou, wees Betroubaar.

Klaagliedere en kermliedjies begin opgaan in julle Land en oor die wêreld. "O wee" prewel die mense, "O wee" kerm die verknogtes, want hulle begin aanvoel dat die "goeie dae" op 'n einde is. Hulle ore is toegeslaan, stompsinnigheid sal maak dat hulle nie julle stemme sal kan hoor, julle woorde van waarskuwing, van leiding nie. Hulle draai op die plek in sirkels en kan geen rigting kry nie. Vir hulle is geen hulp nou te gee nie. Luister na My en Ek sal julle die uitwys wie reg is om My Stem te hoor. Gee hulle slegs die woorde wat Ek in julle monde sal plaas. Ek weet wie nog gered kan word, Ek weet wie is Myne. EK IS BUITE TYD. Neem julle plekke in en wees gereed vir My instruksies.

Kom nooi My na die plekke in jou wese waar julle tot nog toe nie deure oopgemaak het nie, My Kinders. Ek is nie die Een wie jou sal verraai of verlaat nie. My Kinders moet ten volle aan My oorgegee wees. Ek is jou ALLES, neem My hierin aan en Vertrou op My Woord. Ek is LIEFDE. EK IS JOU SKEPPER. EK IS!

Waardigheid en arrogansie pas nie bymekaar nie. Laat staan julle hardgebakte idees en houdings, My Kinders. Nederigheid is van pas in elke Kind in My Huis. Kom binne My Orde! Kom handig julle ou flenterklere in en kry 'n nuwe kleed by My. Daarsonder kan julle nie by My Feesmaal aansit nie. Kom na My, My Kinders en LEEF!

Ek is julle toerusting wat julle in die toekoms gaan nodig kry, My Bruid. Laat toe dat Ek julle harte begin onderrig in die dinge wat kom en Ek sal jou ook wys wat Ek vir jou en hulle in jou sorg sal doen, My Liefling. Daar is voorwaar geen detail wat Ek ontsien het nie. Alles is reg vir julle. Julle is Myne en Ek is julle s'n. Word sterk in die wete en moet nie meer soos verskrikte voëltjies rondfladder nie. Kom tot rus My Geliefde, alles loop volgens My Plan, ook My aanraking op jou! Ek is LIEF vir jou!

Wees slegs gefokus op My, groei in Liefde, want daarsonder sal jy geen sukses hê in jou strewe na My nie. Waar en Getrou is Ek, WAG OP MY!

Ek is Lief vir julle!

EK IS!"

Amein

## *Nr 66 - 23 + 24.04.2016 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek wil dat julle in sekere roetines begin inkom. Party van julle sluit af en begin nie julle take met die nodige nie. Hiermee bedoel Ek nie julle slaafse roetine van, so laat doen julle dié en dan so laat weer daardie nie. Kyk weer hoe julle julle hartsgedagtes rig, watter lied speel daar vir My, al dan nie. My Kinders, julle liedjies het soms onwelvoeglike woorde in en ander klink weer of die naald vasgehaak het. Ek luister nie na die preweling sonder hartsgebondenheid nie, maar gaan luister bietjie wat daaruit kom. Sien die Hand wat Ek uitreik na julle in antwoord op julle gebede. Voel hoe Ek wegtrek van julle wie sonder liefde in julle gebede, met vloeke tot My roep. My Kinders, word gevoed deur die kos wat Ek aan julle voorsien en word groot in julle lewens voor My. Swak gedrag en emosionele uitbarstings sien mens by kinders wie nie in 'n Huis van Liefdevolle Orde is nie. In My Huis is daar nie plek vir sulke gedrag nie. Elke een van julle is deur My geskape, elkeen van julle kosbaar! Jy kan enige tyd in jou dag of nag na My kom en Ek sal luister, antwoord, troos, onderrig. Kom binne My Orde, plaas jou wil by My Voete neer en kom en word onderrig in My Denke, My Planne, My Waarheid.

Neem julle uitgemete take op, My Kinders, want in julle gewilligheid lê daar vir julle kosbaarhede opgesluit! In elke deel van julle taak is Ek daar met 'n Woord en 'n Les vir jou siel. Kan jy sien hoe noukeurig Ek by julle lewens betrokke is; hoor julle My onderrig in julle harte? Moet nooit meer net deur julle dag in 'n waan ploeter nie. Verstaan op 'n nuwe, diepere wyse dat EK MET JULLE IS! Wees onderrigbaar en sal jy sien hoe vinnig jy nuwe Waarhede onder die knie gaan kry, hoe gou julle groei tot volwassenheid. Soos wat julle dan die stadium bereik, sal Ek julle met meer verantwoordelikhede kan toevertrou en julle sal jonger boeties en sussies kan begin help, leer en kosgee. Slegs babas benodig nog 'n bottel en dit vir 'n kort tydjie. KOM STAP SAAM met My en kom sien die wonderbare werke wat Ek vir julle elkeen toeberei het. Ek is LIEF vir jou, My Kind, kom neem My Hand sodat ons kan aanstap.

Julle het al gehoor van die Skape van My Weide. Ek wil julle hieroor pols en vra of julle onlangs hierdie woorde oordink het. Nie almal van julle ken skape nie, nie almal het al met hulle gewerk nie. Ook bewerk julle nie skape soos wat dit in die dae van My Dawid, My Elia, My Nehemia gedoen was nie. Neem tyd om hieroor te dink, vra My vir skatte hierin opgesluit en Ek sal nuwe dinge hieraan oopmaak.

24.04.2016 om 06h00

Dit is reg dat hierdie deel onderbreek moes word, My Dogter, want Ek moet ook nog met jou sake uitmaak. Almal hier is nog besig om hulself te rig op My en Ek bring aspekte wat werk nodig het vorentoe op die regte tyd. Dit is voorwaar die eienskap van julle wandel met My wat deur die afskil van die ui uitgebeeld word. Soms is daar trane, ja maar nie altyd nie. Soos wat julle nader aan My beweeg, is die vreugde tot en in My van groter en groter ontwaking in julle plek, in en voor My. Maak al julle moed bymekaar, want daar is en gaan nog onthullings kom, sommige gaan julle koppe hang en voor My om vergifnis vra, en ander sal julle tot Hallalu-JaHH's roep en julle sinne verruk in My Gees! Geeneen het reeds "arriveer" soos wat julle sê nie. Wees geduldig en weet ook dat Ek reeds alles weet. EK is julle Skepper.

In elkeen van julle, My Bruid, plaas Ek aanduidings van wie EK IS wat julle nie altyd dadelik opmerk nie. Neem die tyd daagliks om te sien, te ontdek watter kleinood Ek vir julle gebêre het. Soms is dit 'n belofte van iets in die Nuwe Jerusalem, of 'n herinnering aan die voortyd, 'n Waarheid van wie jy was voor jy My hier kom help het. Slegs hulle wie die kennis kan ontvang sonder dat dit hulle siele skade sal doen, sal Ek onthullings kan gee van hulle voortyd. Berus daarin dat alles op die regte tyd aan julle geopenbaar sal word. Buite hierdie aarde bestaan tyd nie soos wat julle dit verstaan nie. Julle leef vir ewig, want Ek is EWIG en julle het vanuit My voortgekom. Besin daaroor en maak julle gordels vas, trek julle wapenrusting reg en WAG OP MY!

My Kinders, laat julle verknogthede gaan en bring julle flenter lewens na My toe sodat Ek julle kan reinig. Soos vertoiingde boemelaars is julle wie nog vashou aan leerstellings wat aan julle

gevoer is deur My Teenpool. Van elke kant word julle oorspoel met onwaarhede en daar waar julle hulp moes ontvang het, het julle in die wip getrap. Goedgelowig het julle onderrig ontvang, maar die vrug drup gif. Julle word van helende voeding beroof en sal julle soos die fabel Sneeuwitjie in diep slaap verval, indien julle nie reeds daar is nie. Laat Ek julle elkeen die ontwakende kus gee en julle tot Lewe bring.

Daar is nood onder julle waarvan julle nie eens bewus is nie, My Kinders en dit is dat julle dink julle reeds 'n vlak van saligheid bereik het en glo julle het niks verder te doen aan julle heil, julle sieleheil nie. Julle beste deel is beroof deur leerstellings wat julle nie wil laat gaan nie. Wees vertrouend op My, julle Skepper en glo dat Ek heel eerste LIEFDE is. Wanneer julle daardie vertroue het, gooi dan alles wat aan julle voorgehou is deur kerklike instansies en mense-redenasies en -leerstellings en kom hoor by My wat Waarheid is. Maak jou hart oop vir My Stem en werking van My Gees van Waarheid. Sy werk nie soos julle die "Heilige Gees" ervaar het nie. Sy slaan jou nie om nie, gee jou nie kouekoors of laat jou onbeheersd giggel en honend lag nie. Sy oorval jou nie van buite nie en het nie nodig om "oorgeplaas" te word met dawerende gebede nie. My Stem, My Gees, is sag en sal nooit jou wil oorheers of jou onbeheersd laat nie. In My Huis is Orde en daar is lering vir almal, want nie een is verhewe bo die ander nie. EK is Skepper van julle almal en het julle almal ewe Lief met oneindige Liefde. Kom eers na My en Ek sal jou onderrig! Groot en vol Barmhartige Genade is EK vir elkeen wie hulle in ootmoed na My wend. Die woorde het nie suiwer by julle uitgekom nie, My Kinders. Laat My toe om julle in die Waarheid te onderrig.

My Bruid, kom hoor by My hoe julle elkeen van My Kinders kan bedien. Ek ken almal en sal julle die nodige gee, ook die woorde om elkeen tot heling te bring. Skoon en geklee is elkeen van My Kinders.  Wees Geduldig en Lankmoedig soos Ek, My Liefling. Vir almal is daar 'n tyd bepaal. Kom in My Ewigheidsbesef. EK IS die een wie Losser en Redder van elke siel is. Word stil in My.

My Kinders, My Bruid, die tyd is verby, moenie in die waan verval as julle nie direk vandag of more geraak word daardeur nie. My

Profete het die verloop van hierdie Laaste Dae gegee. Wees bedag daarop en moenie terugsak in die sagte kussings van die alledaagse nie. Hoor die draai van die ratte van hierdie Eindtydmeganisme tot Verlossing. EK is Meester van Tyd, Ek is die Magtige Skepper. My Plan SAL uitgevoer word. Hou goeie moed My Kleintjies, My Bruid. Ek sal julle nie verlate of onversorg los nie. Julle is IN MY HUIS!

Ek is Lief vir julle!

EK IS"

Amein!

### *Nr 67 - (aan Wendy) 26.04.2016 om 02h50*

"Stromboli" (dit is 'n vulkaan noord van eiland Sisilië wat vir die laaste twee - tot drieduisend jaar aanhoudend aktief is)

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid

Soos Stromboli aanhoudend opbruis en bekendstaan as die Ligtoring vir die omgewing, so My Liefling, My Kinders, is Ek vir julle!

27.04.2016 om 05h10

"Ek bruis van Lewe, Liefde en is Ek julle Ligtoring in die Duisternis wat nou toenemend oor julle toesak. Ek gewaar die ontwaking onder julle en Ek is verbly dat julle in die vreugde van vryheid IN MY begin loop. Soos die hekelpen se werk al hoe voller wordend is, en soos elke steek die nuwe aan die vorige vasmaak, so My Kinders, My Bruid, het Ek julle aanmekaar begin vasmaak. Elkeen kom binne My Orde, kom in plek, sodat Ek 'n bruikbare artikel het om in My Plan in werking te stel. My Bruid, My Liefling, kan julle die samehang begin agterkom? Juig julle saam met My Engele oor die nabyheid van My koms in elkeen van julle? Ek is hier My Liefling, EK IS HIER!

Genade sal maak dat julle wie swak, selfgesentreerde keuses gemaak het in die verlede, nog tot My kan roep om redding, maar die vuur waarin julle amper staan, gaan julle begin skroei en julle gaan nog rokend in My Ryk aankom, geskroei deur julle hardnekkige vasklou aan eiewys, eiewaan, eieliefde. Daar sal min van julle wees wat dit regkry, want julle ken nie die dag en uur nie, die tyd sal julle reeds ingehaal het en julle sal onverhoeds in julle

moddergat betrap word. Pasop dat julle nie daarin gekluister word nie! Roep My aan met jou hele hart, jou siel, jou verstand en al jou krag en Ek sal jou help! Roep net na My!

Soos drenkelinge losgesny word van die toue en droes van die reeds gesinkte skip en met alles in hulle beur na lewe op die seeoppervlak, so moet julle beur na My, na Lewe! Ek is jou asemteug, nadat jou kop deur die water gebreek het, Ek is jou ELKE asemteug. My Kind, as jy nog vassit en jy voel hoe jou krag jou begin verlaat, roep met jou hele wese na My en Ek sal jou ook lossny. Kyk na waar die Lig skyn en beur met elke deeltjie van jouself op na die LIG! Ek wag vir jou met wyd oopgestrekte arms!

Dit is voorwaar 'n Vreugdevolle, Heuglike DAG! Dit is My Sabbatsrus!

Kom Leef in My, kom ontdek jou ware wese IN My. Kom wees BY MY!

Ek is Jou LIEFDE, My Liefling!

EK IS!"

Amein!

## *Nr 68 - 29.04.2016 om 02h50*

Die nuwe Stad Jerusalem daal uit die Hemele neer. Die see en al wat skei verdwyn, JaH self kom by ons bly!

" Skryf My Liefling, My Bruid

Waaragtig en Getrou is Ek, Meester van die Oes, EK IS, JaHshua van die Leërskare, jou Skepper! En Redder!

Wees nie bevrees nie, My Kleintjies. Nooit sal Ek julle wees agterlaat, sonder enige verweer nie. Julle moet die gevoelens wat opwel in jul binneste met 'n fyn siffie deurwerk, want vrees kan kom sit in die grond van jul harte soos muf draadjies. Jou grond benodig My Lig, My Adem. Dit is nie soseer wat julle doen as wat julle nie doen nie, om My Lig op jul aarde te laat skyn. Moenie dat dit in permanente skadu wees, skadu veroorsaak deur ruigtes van onkruid wat ongesiens begin groei het, begin gedy het nie. My Kinders, julle moet jul lande bewerk en deurlopend skoon hou.

Daar waar julle in My Lande werk, moet julle nie versuim om

steeds jul eie lande skoon te hou nie. Leer die balans, vind daardie plek in My waar julle nie oorhel na die een of die ander kant toe nie. Dit neem tyd, My Geliefde om die innerlike lewe en die uiterlike Diens in balans te kry. Jou balans moet op My gesentreer wees. Ek is die Rots van Ewigheid. Doen soos wat Ek jou sal lei.

Ek leer julle om fyner en fyner te luister, My Liefling. Moenie verward raak as julle My nie soos voorheen "hoor" nie. Die Weg waarop jul wandel wentel al hoe verder die berg op. Kleuters kan nie die hoogtes bereik nie en is dit dan nie meer nodig vir My om so hard te praat nie. My Liefling, Ek fluister in jou hart, jou oor, want jy sal My Stem enige plek herken, selfs bo die wind wat soms onverwags om 'n draai jou dalk laat vashou aan die rotswand. So is dit wanneer julle die pieke klim. Ek is jou elke asemteug, die Bereider van jou elke oomblik. Wees in hierdie oomblik met My, moenie in die verlede of die toekoms leef nie.

Ja, die Stad daal uit My Hemele neer, sal jy by die Poort wees om in te kan gaan of sit jy vas in dit wat Ek in die verlede jou gegee het, die take wat afgehandel is? My Kind, My Kind! Dit wat julle tot dusvêr in jul heugenis met My deurgemaak het, is nie eens 'n watersproeidruppel in vergelyking met wat nog kom nie. Ek ken jou, Ek ken elkeen van My Kinders en weet Ek reeds van voor Tyd begin het wat jou lewe is, sal wees, al gewees het. Dit klink dalk vreemd, maar onthou dat Tyd vir julle denke op 'n sekere manier skyn te werk. Daar is baie wat julle nog nie weet nie. Hou slegs aan My vas, My Kinders en Ek sal julle begin leer. Daar is nog so baie om aan julle oor te dra, en ewighede vir julle om daarmee kennis te maak. Volbring die take aan jul uitgemeet met blye gemoed, want Ek verander omstandighede in 'n oogwink. Wees sterk en vol moed, My Liefling. Ek sien jou, Ek weet waar jy is elke mikro-onderdeel van elke sekonde. JY IS MYNE!

Lewe volgens My Wil en neem nie dit op wat Ek julle nie gegee het nie. Ek gee nie klippe in plaas van brood nie. Moet ook nie klippe optel en saamdra as Ek nie so gesê het nie. Jul natuurlike vaardighede wat julle vir My diens voorgelê het, moet julle nou slegs in My Diens gebruik. Ek sal julle versorg. Soek eers My Wil, My Koninkryk en Ek sal julle julle hartewens gee.

Kom LEEF in My, My Liefling. Gooi elke gedagte af wat jou van My weghou. Kom was jou hart weer en weer in My Bloed en sal jy My skitterend kan begroet. My Bruid, My Liefling, moenie tob oor waar jy My dalk gefaal het nie, bring ALLES dadelik na My en Leef met My in elke oomblik. Ek is jou Beminde, EK IS JOU MAN.

Moenie bedroef word oor die al slegter wordende gebeure in jul land nie. Dit is die verloop van die deel van My Plan. Die wie boos is, sal duidelik nog boser word, en hulle wie rein en apart-gestel is, meer suiwer. Kom suiwer julself in My! Ek is LIEF vir julle, My Kinders, My Bruid!

Kyk uit vir My!" Amein

### *Nr 69 - 02 + 03.05.2016 (aan Wendy)*

02.05.2016 om 21h00

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid

Hoe goed is dit om te wees waar Lig julle voed en klee! Kom nog nader aan My, My Liewe Kinders en Ek sal julle selfs meer reinig. My Bruid, My Beminde, kom kruip hier in die holte van My Arm, sodat Ek jou styf kan vashou.

Julle moet hierdie laaste paar tikke van die sekondes in jul harte nie gaan lê nie. Julle ore hoor die sekonde maat, maar Ek sê vir julle daar is by My geen meer daarvan oor nie. Welgeluksalig is julle wie Ek besig sal vind in My Oesland wanneer Ek julle kom besoek. Ek weeg die harte en deursoek die niere van elkeen. Ek weet wie Myne is! Roep My aan terwyl Ek nog te vinde is en Ek sal jou uitred. Roep net na My!

Verwese en alleen staan My kinders voor die rollende aanslag wat kom, hulle wie nie in My verborge is nie. Hoor mooi My Kinders, My Bruid, wanneer Ek julle uitwys met wie julle moet praat, hoor ook die Woorde wat Ek in jul mond sal plaas. Sê slegs wat Ek jou gee om te sê. Waak dat julle in jul harte nie opgepof raak, omdat Ek gekies het om deur jou te werk nie. Waak en bid dat julle bruikbare artikels sal bly, tot en in My Diens! Moet nie na die influistering van My Teenpool luister nie. Hy wil jou van jou kroon beroof. Bly gefokus op My, bly nederig, bly Diensbaar! 'n Hardkoppige, eiewyse kind kan Ek nie gebruik nie, kan Ek nie

met verantwoordelikhede toevertrou nie. Kom na My, My kind en bely jou wederstrewigheid en Ek sal jou daarvan reinig, jou daarvan red. Buig net jou wil en plaas dit by My Voete.

Dit is waar dat Ek julle gaan gebruik op plekke en maniere wat julle nog nie verstaan of kan indink nie, My Bruid. Ek is en sal altyd by jou wees. Jy In My en Ek in jou, onafskeidbaar! Hou aan met nader aan My beweeg, Ek is so na aan jou, dit sal jou asem wegslaan as jy maar kon sien. Op die regte oomblik sal Ek jou aanraak, My Liefling en ALLES sal vir jou verander! Maak seker jy het alles reg, jou kleed skitterwit, jou ekstra olie by jou. Die Nag is donker, My Liefling, die mag soos 'n duister wolk. Maar Ek in jou het en sal hulle oorwin. Moet nie wankel in jou vasstaan voor die vyand nie. Hulle kan niks aan jou doen nie, want Ek beskerm Myne en jy wie in My verborge is, is beskermd.

My Liefling, My Kind, sien hoe die gebeure ontvou, hier en ook in die wêreld. Alles verloop volgens My Tydtafel. Ja, die dae van Lyding nader vinnig en baie van julle volksgenote gaan hul vlees agterlaat en sal moet verantwoord vir hulself, hul keuses, hul voorliefdes. Gooi elke las af wat julle voete en harte verstrik en hardloop na My. Dit is beter om sonder 'n hand of oog in My Koninkryk aan te kom, as om jul kans mis te loop en aan jul verknogthede te moet werk in die Duister Ryke. My kind, gee ag op My waarskuwings, Ek wil nie hê dat enige van julle die Afgrond ingaan nie! Hoor My Stem en roep uit na My! Slegs Ek kan jou red vanuit die moeras waarin jy jouself bevind. Roep My aan terwyl daar nog tyd is. Selah!

03.05.2016 om 04h45

Begin om julle innerlike gesprekke met My neer te skryf, My Bruid. Ek onderrig julle en is dit wat Ek julle leer, ook tot lering van hulle wie na julle in My sal kom. Wees bedag op julle elke gedagte, julle elke woord. Suiwer julle steeds meer en wees in My teenwoordigheid.

Dit is nou Tyd, My Bruid.

Ek is LIEF vir jou!

EK IS!"

Amein

## *Nr 70 - 05.05.2016 om 17h40 (aan Wendy)*

"Skryf My Harte-Lief, My Bruid

Dit is nou die Tyd wat Ons albei al so lank afwag. Die tyd het gekom om met julle te begin verenig, My Liefling. Vir alles is daar 'n tyd, so ook is die Tyd van skeiding ook nou verby. Moenie begin om rond te fladder nie, Ek doen vir jou wat jy nie kan nie. Is Ek dan nie jou MAN nie? Die olie in jul lampe is gesuiwer, want die Lig wat julle om jul uit skyn word al helderder. My Liefling, My Bruid, eers wanneer julle kan terugkyk op hierdie oomblikke in die eons wat hierna kom, gaan julle verwonderd staan oor julle gewoel en gewikkel om tog net nog hierdie of daardie deeltjie van jul kleed reg te kry. Dit is voorwaar 'n pragtige uitsig vir My om te sien hoe angstig julle op My wag. Hierdie tyd sal homself nooit weer herhaal nie, net soos die tyd wat die Bruid haar Bruidegom se koms afwag, nooit ooit weer sal kom nie. My Geliefde, vind julle ook hierin die verwondering daarvan? EK IS JOU ALLES! Verlaat jouself geheel en al op My!

Soos die snikheet dae verlangsaam in die koeler en koue julle soms onverwags oorval, so is dit met die verloop van gebeure in die wêreld. Julle weet wat moet kom en julle verberg julle selfs dieper in My. Dit is reg so, My Liefling want by My, slegs by My is en sal jy veilig wees. Ervaar julle geborgenheid op ’n al hoe dieper wyse, want julle gaan My Kinders moet leer in dit waarin Ek julle nou onderrig. My Opgerigtes is besig om na vore te tree, maar vir julle sal die hele prentjie nog nie duidelik wees nie, want ons is nog nie Een nie. Elkeen het 'n taak, soms wil die taak klein voorkom, maar My Liefling, dit is nie hoe Ek My Planne beraam nie. Wat oënskynlik onbenullig lyk, ontwikkel in baie belangrike take. Julle kan dit nog nie insien nie, omdat Ek dit so Wil. Wag op My soos die Bruid op haar Man wag.

In Galasiers 5:8 skryf My Paulus dat die verleiding nie kom van Hy wie jou geroep het nie. Wees baie versigtig om nie na enige influistering te luister wat nie van My afkomstig is nie. Julle behoort My Stem al baie duidelik te herken. Dra die boodskap ook aan My Kinders oor, My Liefling.

Ek is elke oomblik met julle en julle begin ook hierdie Waarheid al

meer ervaar in jul lewens. Soos julle nog leer om selfs vaster in My te glo, My Bruid, sal die Lig in julle meer en meer helder brand. Moet nie verbaas wees wanneer My Kinders na julle kom met vrae nie. Hulle kry 'n glimpie van My en hulle wie verwonderd is daaroor, is hulle van wie Ek gesê het dat Ek julle sal uitwys wie om mee te praat. Wag op My Woorde in jul hart, die Woorde wat Ek in jul monde sal lê.

Dit is elke oggend wat julle jul oë kan oopmaak werklik 'n heuglike dag, My Bruid. Die taak vir julle hier is uitgelê en is elke ontwaking na die nag die geskenk wat Ek vir julle toeberei het. In hierdie dag kan daar geen mismoedigheid, geen hopeloosheid, geen verlatenheid wees nie. EK IS met julle elkeen en Ek werk kragtig vir julle om die laaste paar hobbels te oorkom. Die klipwand op die nou paadjie wat na bo wentel, is konstant. So is Ek konstant. EK IS!

Die verwagting onder sommige van julle is dat die trompette hier vir julle geblaas gaan word met My aanraking en dat julle op die een of ander wyse hulde toekom. Laat My toe om julle harte weer hieroor te onderrig. Alle eer kom slegs My toe. Slegs hulle wie reeds aangeraak is, sal weet dat jy ook by hulle aangesluit het. My allesomvattende LIEFDE kan nie in 'n hart vlamvat waarin daar nog hoogmoed en eieliefde is nie. Die blote gedagte aan so 'n ophef, maak dit duidelik dat die nodige nederigheid en minsaamheid nog in jul harte ontbreek, My Liefling. Kom en maak jou hart, jou kleed baie gou skoon, sodat Ek jou gereed mag vind wanneer Ek aan jou Deur raak.

My Bruid, Ek het reeds al vir julle begin influister wat julle vir My gaan doen, die take wat julle vir My gaan verrig. Julle weet ook al dat daar nie net een taak is nie, maar 'n klompie daarvan wat uitvloeisels van mekaar is. Ek is die Een wie julle gaan bemagtig om My werk te verrig. Moenie bevrees wees dat julle gestuit sal word daarin deur hulle wie nog stram van hart en nek is nie. Julle is in My Diens, Ek sal vir alles sorg wat nie in jul taak ingesluit is nie. Om iemand te oortuig vir Wie jy werk, in Wie se Dien jy staan, is My Werk. As hulle weier om gehoor te gee aan My leiding, My instruksies, sal dit 'n saak tussen hulle en My wees. Ek sal vir jou sê wat jy moet doen en hoe jy moet maak. Wees ver-

sigtig om binne My mandaat te bly, moenie uitgelok word om in eie krag 'n taak aan te pak nie. Jy is MYNE!

Dien My van ganse harte, loof My met alles wat julle het en Ek sal toevoeg waar julle kort. Julle is My dierbares, My liefste Kinders, My Bruid. Hoe sal Ek jou dan nie help om tot My te kom wanneer Ek sien met watter vasberadenheid jy My dien, My aangesig soek. My Liefling, My Bruid vir elke een tree van julle gee Ek drie, soms meer. Volg My leiding, bly op die baie nou paadjie. Julle is amper op die kruin. Hou aan, hou vas My Beminde!

Ek is LIEF vir julle!

EK IS!"

Amein!

## *Nr 71 - 07.05.2016 om 04h05 (aan Wendy)*

"Skryf My Geliefde, My Bruid

Staan op en wees nie bevrees nie, want die tyd het gekom om jul werk te begin verrig. Ek sê al lankal dat die tyd hier is, ja dit was om julle los te skud van die kluite wat om julle begin vaspak het. Sou julle andersins na My gedraai het? Hoor die donderweer, dit is hier agter die randjie en die sterkte van die versnellende wind is vir julle 'n aanduiding van die felheid van dit wat oor julle in die land en die wêreld gaan spoel. Dit wat kom is onomkeerbaar en julle is vas in jul keuses, jul geloof in My, My Bruid. Dit is goed en reg, want daarsonder sal julle nie kan stande bly nie. Ek is alles wat julle nodig het, Ek is die Bereider van jul elke OOMBLIK.

Soos jul Liefde vir My, in My, van My, al hoe groter word, word julle op nuwe maniere van My bewus. Soos die son die landskap verlig en duideliker maak met die daeraad, so My Liefling, word jul innerlike landskap in al helderwordende Lig vir julle openbaar. Die landskap was nog altyd daar, en soos Ek die uiterlike landskap verlig, maak Ek ook so innerlik. Ek is in elke deeltjie van elke landskap.

Wees gevul met My Liefde in al hoe groterwordende maat. Die spikkeltjie waarmee julle begin het, het al baie vermeerder en julle word omvorm deur My Liefde tot LIEFDE. Ek is julle elke asemteug, My Liefde die suurstof wat julle tot Lewe bring en ge-

bring het. Vir hulle wie besig is om te vergaan, sal julle die suurstofmaskers wees wat hulle sal terugbring van die Dood, wat hulle van die Afgrond sal red.

Laat My Olie julle deurdring.

Het julle al agtergekom hoe van julle gelaatstrekke al begin verander het? Dit is waar dat julle innerlike op jul uiterlike reflekteer. Hoeveel het jul nuwe innerlike al jul uiterlike verander? Dit ook is vir julle en ander 'n teken van My inwoning, My Liefde in julle.

Kom laat Ek julle jul landskappe gaan wys.

Ek is SO LIEF vir julle!

EK IS"

AMEIN!

## *Nr 72 - 09 + 10.05.2016 (aan Wendy)*

09.05.2016 om 06h00

"Skryf My Geliefde, My Bruid

Die musiek wat jy vir My maak in jou hart, in jou gees, styg op voor My. Jul gebede harmonieer daarmee en is dit onverwoordbaar soet! Die bande wat ons saambind, word selfs hegter en julle leer My ken op maniere en vlakke wat tot nou toe nog onbekend was.

10.05.2016 om 02h00

Laat My Vreugde julle deurspoel, My Liefling, want EK IS. Ek is nou hier en die daaropvolgende gebeure neem nou snel toe. Soos die gedruis van duisende vlerke van voëls wat gelyktydig opstyg, so is die gedruis van My Geliefde wie ontwaak! Staan op, Geliefde! Kom staan hier langs My!

EK IS, het Ek nie lankal reeds aan julle verkondig dat die tyd vinnig op julle sal afkom nie? Net vyf van die tien maagde sal na die Bruilof kan ingaan. Die bestaande bestel is besig om oor te skuif na die NUWE. Luister na My Stem, My Liefling. Julle sal My Kinders moet onderrig.

Soos die stukkende takelwerk van 'n boot losgesny word in die herstel daarvan, so My Liefling, sny Ek dit van julle los wat julle hier gebonde gehou het, aan julle verlede vol stukkende en on-

vervulde verlange en gebeurtenisse. Aan julle, My Bruid, gee Ek nie weer dieselfde vorm van aandrywing nie, nee! Ek gee julle die nodige opgradering sodat julle nie meer op die winde verlaat is nie. Ek gee julle My KRAG en julle sal nooit weer in tye verval van geen beweging, van ronddobber in die grote oseaan nie. Ek neem jou ou skip wat kundig gemaak is vir die doel om op die waters te kan seil en julle veilig te vervoer, en maak van julle 'n tuig wat moeiteloos deur die lug sal kan beweeg en sweef. Water sal geen effek meer op julle hê nie en julle alle Krag hê om jul take te kan verrig.

Dit is goed dat julle so nougeset gewerk het aan dit wat Ek julle gegee het om te doen. Geen werk vir My was en is verniet nie, want Ek volbring alles wat julle vir My gedoen het. Julle sal die uiteinde daarvan sien en saam met My jubel daarin!

Wees sterk en vol moed, My Geliefde, julle sal vinnig die uitwerking van My Teenwoordigheid in julle sien.

Ek is Lief vir Jou!

EK IS"

Amein!

## *Nr 73 - 11 + 12.05.2016 (aan Wendy)*

11.05.2016 om 17h00

"Skryf My Liefling, My Bruid

Julle sien nog steeds hier en daar plekkies waaraan julle wil verbeter. Het Ek nie gesê dit sal so wees tot Ek met julle verenig het nie? Jul verskeurde harte vertel My dat julle erns het met jul reinheid. Ek sien dit. Jul doelgerigtheid hierin skitter! Jy, My Bruid is My Liefling, en die Tyd is verby, jul wag op My en Ek het reeds begin waarvoor julle so lank wag. Ek neem die regte weg met elkeen van julle en julle gaan sien hoe heerlik spesifiek Ek elkeen se verlede en toekoms gaan aanspreek en openbaar. Julle is elkeen uniek en so waardevol! Gee jouself die tyd om hierdie proses te geniet, die genieting van Die Beminde wie Die Geliefde mee intiem word. Daar is en sal nie woorde wees om jul ervarings te begin beskryf nie en dit is reg so! Ek sal julle die Woorde gee om neer te skryf.

Laat My HalaluJaH's uitgebasuin word, My Lofprysing, My Eer! EK IS JaHwêshua, Skepper en Elohim bo alle ander! EK IS die Meester van alles, sigbaar en onsigbaar! EK IS! EK IS jou Man, My Geliefde!

12.05.2016 om 12h20

My Liefling, hoe heerlik is die tyd wat Ons saam spandeer, die verligte landskappe wat Ek saam met julle bewandel. Sien julle hoe jul verlede in elke deel daarvan weerspieël word, die lesse wat julle geleer het, die draaipunte, die pieke, die valleie, die stroompies met varings en fyn blommetjies versier, die donderende watervalle waar julle gereinig en jul dors geles het. . My Liefling, EK IS die Bereider van julle elke oomblik.

Soos 'n gematigde gordyn wuif die herinneringe deur julle gedagtes. Ek sê gematig, want Ek het reeds die pyn weggeneem, ook die aardse plesier getemper, sodat julle perspektief kan begin kry oor dit wat julle reeds hier deurgemaak het. Soos die hekelpen werk om die randjie om die werkstuk te vorm, so maak Ek jul oë op 'n nuwe manier oop om te sien hoe julle werkstuk van jul lewe hier op die toetsgrond, My Aarde begin afrond. Daar is geen deel van jou lewe wat buite My berekening was nie, niks wat My onverwags sou kon vang nie. My Geliefde, My Beminde, begin nou SIEN hoe Ek jou lewe ken en gebruik om jou die ontvouende lied van jou lewe vir jou te begin speel. My Liefling, Jy IS MYNE! Elke sub-onderdeel van 'n atoom en ook dit waaraan julle tot nou nog nie eens aan kon dink nie. Ja, elke moontlike mikrodeeltjie van Jou is MYNE!

Daar is niks wat julle van My sal weghou nie, julle het reeds jul besluite vasgemaak en julle het in die pieke begin opstyg. Vandaar is daar nie meer ’n terugkeer na die laer ryke nie. Adem My in en voel hoe Ek julle omvorm na My, want My DNA het in julle begin vloei. Julle is Bloed van My Bloed, Been van My Been, My Eggenoot wie Ek kom haal . . .

My Kinders, julle lees hierdie woorde en wonder hoe dit moontlik kan wees. Gaan in julle harte in, na daar waar Ek met julle praat en Ek sal elkeen aan julle verduidelik, sodat julle kan verstaan. Moenie vooroordeel in jul harte hou nie, want dan het julle doof geword vir My Stem. Het Ek al ooit vir jou 'n leuen vertel, jou

verkeerd gerig? Nee, My Kind, EK IS Waarheid, EK IS Lig, EK IS Lewe! Kom was die wêreldse denkwyses uit jou hart, jou siel, jou gees en word weer die Kind wie My verwonderd aankyk. EK IS jou Skepper, My Liefste Kind. Hoe sal Ek jou dan verkeerd kan lei?

My Liefde trek julle nader en en bind julle aan My Hart soos wat Ek aan julle harte gebind word. Die geborgenheid wat julle begin ervaar het, gaan net dieper word en julle gaan in verwondering terugstaan van jul lewens en sien wat 'n wonderlike gesig dit is! Ek is die Rots van Ewigheid. Hou aan My vas en sien hoe Ek jul vyande voor julle wegneem. Julle sal hulle nooit weer sien nie. Julle My Kinders, sal droogvoets deur die see stap en die golwe sien oorspoel oor hulle wie deur My Teenpool beheer word. Hou moed, My Kleintjies, Ek sal vir julle veg!

My Liefling, voel My aanraking!

EK IS!" Amein.

## *Nr 74 - 14.05.2016 om 03h50 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

My Kinders, daar is van julle wie dink dat julle in My geborge is, maar nog ver daarvan is. My Kinders, erken en leef volgens die vaste oortuiging en geloof dat Ek jul VADER is! Julle het teen julle aardse pa's gerebelleer en soms in julle harte verag. Julle het besluit om, ten spyte van sy instruksies, steeds julle eie wil te volg en dit soms verdoesel, sodat dit gelyk het of julle gehoorsaam was. My Kinders, daar KAN NIKS hiervan by julle wees wanneer julle in My Orde is nie. My LIG deurgrond AL jou hartsgedagtes, die sielsdade. Kom na My toe sodat Ek jou kan skoon was en Ek jou kan heelmaak. Ja, jul aardse vaders was nie altyd 'n goeie toonbeeld van My nie. Onthou dat jy jou lewe geken het voor jy hier gebore, gevorm is in die moederskoot. Jy het geweet wat voorlê, die toetse gesien as ’n geleentheid om jou tot by My te bring. Kom My Kind, slaag hierdie toets en kom in My Orde. Wees gehoorsaam, in ootmoed moet julle My nader.

Aan elkeen van julle, My Bruid, gee Ek aanduidings, prentjies, gesigte. Ek gebruik die natuur, jul alledaagse gebeurtenisse om julle, om tot julle te spreek. Hoor julle elke keer My Stem? Ja, My

Stem word skynbaar sagter, maar dit is om julle fokus te verskerp. Moenie begin twyfel omdat Ek nie donderend en druisend hoef te praat met My Geliefde nie. Julle is hier by My Hart. Kom luister na die Woorde van My Hart, die samesyn-gesprekke wat Ek graag met elkeen van julle wil voer, maar julle nog nie hoor nie. Kom nog nader, My Geliefde, Kom en Rus! KOM TOT RUS! Vanuit My Rus sal Ek jou bekragtig om My Take, My Dade te verrig. Jou oor sal dan ingestel wees op My. Kom be-wandel die Pad van My Hart, dit lei tot Eenwording met My.

'n Geruime tyd praat Ek al met van julle om vir My 'n spesifieke taak te verrig en Ek het gesê dat julle sal My instruksies sal kry wanneer julle moet begin. Die Tyd is nou. Ek sal jou lei, Ek sal die weg, My Weg, voor jou oopmaak. Wag op My. Hierdie is die bevestiging waarvoor julle gevra het. Wees seker dat julle julle instruksies baie goed verstaan en dat geen "eie-ek" in julle te vinde is nie, want dan sal julle ook in eie krag gaan en dan handel julle buite My Wil. Hierdie is vir julle ook dan 'n toets; wees bedag op julself, bid tot My vir die nodige Krag, Wysheid, Waarheid en Liefde. Daarsonder is dit verlore. Nehemia het die muur herbou en met die swaard aan die sy het hulle gewerk. Ek is julle wapen-rusting, sonder My sal julle jul taak nie kan volbring nie. Doen SLEGS die taak wat Ek julle opgedra het. Wees sterk en vol moed, EK IS met jou.

Genade onbeskryflik groot is die tye wat kom, daarsonder sou baie van My kinders nie na My gedraai het nie. My Bruid, julle sal spoedig geplaas word, sodat julle reg kan wees om hulle op te tel en na veiligheid te bring. Hulle hulpkreet sal hul Redding van My bring. Moenie dat julle harte ontsteld raak as Ek kies om iemand eerder Huis toe te bring nie. Fokus op elkeen wie Ek aan julle sal uitwys. Ek sorg vir alles, wees net IN MY.

Hulle wie My Take, My Dade verrig en sal verrig sal VOORAF deur My bemagtig word. EK IS jul Aanvoerder, jul Leidsman, jul Skepper en Beminde.

Die Tyd is nou, My Geliefde, My Bruid!

Ek is LIEF vir julle!

EK IS!" Amein

## *Nr 75 - 14 + 15.05.2016 (aan Wendy)*

14.05.2016 om 22h10

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid

Daar is min tyd oor om nog jul kleed, jul tooisels te skik; vir My is daar geen meer oor nie en het Ek reeds begin om die volgende deel van My Plan uit te rol. My Kinders wie getaak is met sekere opdragte, is reeds aan die werk daarmee en staan julle, wie nog hier en daar werk verrig, self in gevaar om die Deur te hoor toeslaan. Moenie vashaak aan die verlede nie, moenie jou hande vol ou gedagtegange gebol hou nie. Die tyd is NOU om oop te maak, jou skoon te was en om gereinig voor My te kom staan.

Ek sien daar is van julle wie nog dwarstrek, ander wat steeds wik en weeg om My Woorde aan te neem. My vraag vir sommige van julle dalk vir die laaste keer wees soos heel in die begin van My kneg se skrywes: "Het jy My Lief?"

My Bruid smag na My nabyheid, My Kinders verlang na My koms. Enige ander emosie of hartstoestand plaas julle in die groep wie dalk nog soos smeulende stompe uit die vuur geruk kan word. My kinders, My kinders, Ek wil julle graag die pyn en vrees en ontnugtering spaar. Ek wil julle beskerm teen die storm wat aanrol, maar julle wou nie. Groot, Groot gaan julle ontnugtering wees. Kom gou, laat julle dogmas, julle lering agter, waaraan julle so klou en kom met oopgegooide denke en leerbare harte na My. Kom sit aan My Voete sodat Ek jou die ABC kan leer.

15.05.2016 om 06:30

In die dae voor My Gees, jul Trooster oor My dissipels gekom het, het hulle soos julle saamgekom, gebid, gewaak, My Bruid. Hulle was nog rou van verlies en ander aardse hartstogte wat in die grond getrap was; hul hartsbegeertes wat nie neergelê was nie, wat nog nie in die Lig duidelik vir hulle gemaak is nie. Van die wie in die groep was het saamgekom uit vrees vir die wêreld, ander in geloof dat Ek My belofte aan hulle sou hou. So is dit ook nou en so gaan dit wees. My Kinders, Ek werk in elkeen op maniere wat julle nie kan eien of uitmaak nie. My Weë is werklik vir julle verborge en net Ek ken elkeen se sondeskuld las. Geen kritiek mag in jul harte kom oor hoe Ek met iemand werk nie. Ek weet alles

en Tyd is nie iets waaraan Ek onderhewig is nie. Ek weet julle weet dat Ek Tyd geskep het, maar sien julle hoe moeilik is dit om daardie Waarheid deur te werk in julle denkpatrone? Dieper en dieper werkend is My Woord, My Lig, My Liefde! My Liefde omvorm julle tot LIEFDE! My Bruid, helder en helderder skyn Jou Lig My Skepping in! Hou aan, hou vas, My Liefling, in vaste geloof soos My geliefde dissipels van ouds. Julle sal jul hartsbegeerte kry!

My Kinders, wees sterk en vol moed! My Krag is daar vir julle, bid tot My daarvoor. Bid ook vir Liefde, Waarheid, Wysheid en Lig en Ek sal jou gee wat jy nodig sal hê in die dae wat kom. Luister vir My Stem in jul innerlike en doen dit wat Ek vir jou sal sê. Wees getrou, wees betroubaar.

Ek is Lief vir julle!

EK IS"

Amein

### *Nr 76 - 18.05.2016 om 19h40 (aan Wendy)*

"Skryf My Dogter, My Bruid,

Julle gaar nog dinge in die holtes onder julle arms op, dinge wat julle nie wil laat los nie. Knyp julle jul arms teen jul lywe vas. Ek wil julle so help, My kinders. My Liefling, My Bruid, julle kan nie tot effektiewe hulp wees as julle nie vrye beweging van julle arms het nie. Hef julle arms op na My en laat dit waaraan julle vashou, op die grond val. Dit gaan vir julle van geen nut wees nie en julle gaan beroof wees van die saligheid van eenwording en vrouwees. Besef die prys wat julle sal moet betaal vir die kleinighede wat vir julle nog van soveel belang is en tog geen ewigheidswaarde vir julle inhou nie. Inteendeel! Daar is vir elkeen van julle 'n spesiale taak, My Liefling en Ek sal julle toerus met alles wat julle sal nodig hê om dit te kan doen wat Ek van julle verlang. Kom wees oop en vry in My teenwoordigheid en Ek sal jou toerusting aan jou begin verduidelik. Ek berei elkeen van julle voor en julle sal bemagtig wees wanneer julle daar toetree. Wees sterk, wees minsaam, wees doelgerig en LIEF vir My. Hou altyd jou oë op My, Ek sal julle nooit ooit verkeerd lei nie. Julle is My Hart se punt, My Geliefde, die EEN na wie Ek verlang met bran-

dende, vurige LIEFDE! Laat alles lê wat julle nog aan hierdie lewe vasmaak, verknogthede en rieme waarmee julle vasgehou word wat My nie Eer of Dien nie. Los alles in My Hand en Ek sal vir julle die Weg oopmaak. Gelukkig en Salig is hulle wie reeds hul vryheid IN MY ontvang het. Waarlik is jul vrygekoop!

Geliefdes, Ek wil nog iets aan julle openbaar. Ek is die Een wie aan julle jul nuwe liggame gaan gee, elkeen hernu, herstel tot dit wat dit sou gewees het heel aan die begin. Daarmee saam gaan julle, My Bruid, dit ontvang wat die eerste ouerpaar op Aarde verbeur het toe hulle hul eie weg geneem het. Sou hulle gekies het om aan My gehoorsaam te wees, sou daar 'n inniger en meer verhewe verhouding tussen Ons gewees het. Dit My Bruid, is vir julle beskore, en meer!

Waaragtig en Getrou is My Woord. IN MY is GEEN Duisternis, IN MY is daar Rus. Kom IN en Jubel in die Sabbat, My Sabbatsrus!

Voorwaar, daar is geen sonde wat nie uiteindelik na die Lig sal kom nie. Dit is jul keuse hoe lank julle in die Duister van jul hardnekkige keuses gaan bly vasbyt. Laat staan die remme, die brieke, die toue wat julle steeds vashou in jul plek van siele-angs, terwyl jul harte glo die 'geluk' het julle dubbel en dwars getref. Besin oor elke deel van jul lewens en sien waar die strikke julle reeds gevang het, sien ook waar die is wat nog op julle wag. Die pad wat julle op is, word al hoe gladder en dit kantel ook al meer na die Afgrond. My kinders, My kinders, laat staan die laste van die materiële en kom voor My in ootmoed. Alles in die materie gaan vergaan wanneer Ek die Aarde gaan nuut maak en dit wat julle steeds nie wou los nie en wou saamneem, gaan saam met julle gekluister word. Almal kry weer die geleentheid, deur My bewerk in My Ewige Barmhartigheid, om weer tot My te kan roep, My te kan aanroep nadat hul weer vrygekom het. Kom ROEP MY NOU AAN terwyl Ek nog te vinde is en Ek sal jou uitred soos 'n smeulende stomp. EK IS jul Skepper, alles het vanuit My gekom, alles SAL na My terugkeer. Selah.

My Kinders, moet geen kwelling in jul innerlike toelaat nie. Daar is van julle wie reeds met My take begin het en julle het al begin sien hoe Ek julle elke oomblik naby is. Soos wat julle geloof selfs groter en sterker in My word, gaan Ek julle ook groter take gee

om te verrig. My Vrede is jul deel en julle sal My Stem in jul harte hoor. EK IS in die Briesie wat oor die gesig van jou hart waai. EK IS in die sproeireën wat jou verkwik. EK IS in die voëlsang, die dansende blommeprag soos My Gees jul lei en rig. Ek is jul Oprigter. EK IS jul Bemagtiger. Leef gefokus op My en Ek sal vir die res van jou taak sorg, vir dit wat jy nodig gaan hê om 'n sukses daarin en daarmee te hê!

Jul hoor gedurig van "die Swaard van My Mond"; dit is My Woord. Julle, My Kinders, moet julle verdiep in My Woord. Laat jul harte onderrigbaar wees en Ek sal julle leer.

In My is daar Volheid, is daar Saligheid vir EWIGHEID van Ewighede.

Ek is jou LIEFDE, jou Lewe, jou Lig. Kom na My, Kom IN MY en Ek sal julle reinig van al jul vuilheid, as Kinders in My Huis!

Ek is Jou LIEFDE, Jou Lewe, Jou Lig, My Beminde. Hou aan, hou vas! Sien hoe julle begin skitter!

Ek is Lief vir julle!

EK IS"

## *Nr 77 - 20.05.2016 om 16h20 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Hoe heerlik is die gesig om julle in My Lig te sien dans, My Liefling! Die klanke by die kleure, versier met julle Liefde so skitterend! My Bruid is My Liefde waardig. Sal jy so gevind word? Kan jy met oop en blymoedige gemoed "JA" daarop antwoord? Moenie droewig raak as julle voel julle sal nooit daarby uitkom nie, jul innerlike kritiek is reeds die werking van My Geliefde Gees wie reeds in julle werksaam is. Die goeie werk wat Ek in julle begin het, sal Ek die voleinding van sien! EK IS JAHSHUA, Die Oorwinnaar. EK IS die Barmhartige, EK IS JOU Geliefde!

Onthou julle wat Ek gesê het wat die voorvereistes is vir Kindskap? Waaragtige gebed, Geloof en die Ontwaakte Siel. Kom tot My, My kinders, roep My aan vanuit die diepte van jou hart in geloof dat Ek en slegs Ek jou Redding is en Ek sal jou hoor en jou uitred! Daardie hulpkreet sny deur die vestings, mure waarin jy gekluister is. Daar waar jy jouself van My Liefde ver-

skans het, daar kom haal Ek jou met die grootste gemak, want alle KRAG en MAG is Myne. Dit is jou wil wat Ek nie sal teëgaan nie.

Kom My Kinders, laat die voëls vir julle My Minnelied kom sing in jul tuine.

My Olie gee Ek sonder maat aan hulle wie My daarna vra, wie in gehoorsaamheid na My toe kom met hul lampe, hul kruike. Slegs in reinheid kan julle tot My nader hiervoor, My Suiwer Olie. Wees slegs gefokus op My, My Liefling en Ek sal jou gee die begeerte van jou hart.

Kom wees verlig in My Lig, sodat julle ook My Lig vir die wêreld kan wees. Maak seker daar is niks wat donker of dowwe kolle in My Lig na My kinders laat nie. Maak skoon, kom, sodat Ek jou witter as sneeu kan was in My Bloed, die "enigste van sy soort", daar is geen ander nie!

"Alles wat ek is, is net genade" lui 'n lied wat julle met passie sing. Julle, My Kinders is soveel meer! Ja, My Barmhartige Genade het in Liefde jul redding bewerk. EK IS ken jou deur en deur en weet wie jy is, beter as wat jy ooit sal kan. Ek is dan julle Pa. Hoe sal Ek nie My Kind ken nie! Moenie op die "Genade bakkie" steun om jou in My Koninkryk van Lig en Liefde te kry nie! Almal het 'n taak in My Huis. Kom in My Orde in, daar is geen plek vir leeglê nie! Kom, bedien jou broers en susters in nederige LIEFDE en hou jou oë op My, terwyl jy jou hart leerbaar maak om in My Liefdesleer onderrig te word. Ek sal jou ook begin vertel van jou siel, geheimenisse wat in hierdie laaste dae openbaar gemaak is, soos wat Ek aan julle beloof het.

Kom plaas al jul vertroue in My, My Kinders. Ek sal julle nooit verlaat nie, nooit verraai nie! Julle is Myne!

My Liefling, julle gaan sien hoe julle nuwe vaardighede gaan begin ontdek. Nuwe krag in jul hart, jul siel om sterk te kan staan teen die aanslae, die sypeling van die leuen, die verderwing wat die grond onder jul voete wil uitkalwe. Julle, My Kinders, MOET op die Rots van die Eeue staan, onaantasbaar! My Liefling, julle is vas op My, vas in My! Hoe sien Ek uit om julle aan My Bors te kan druk! "Beeldskoon", sê julle vir 'n vrou wie daar geen fout te vinde is nie. Julle, My Bruid, is Beeldskoon! Rein, minsaam en

van tere hart. Ek is SO Lief vir julle!

Julle is Myne! Dit is reeds aan die gebeur; My Hand op julle. My Liefling, My Bruid, Ek is HIER!

Kyk net vir My!

EK IS"

Amein

### *Nr 78 - 23.05.2016 om 05h35 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Dit is reg dat julle weer en weer na My toe kom om gereinig te word. Het Ek nie aan My dissipels gesê dat hulle slegs nodig het om hul hande en voete te reinig nie? Julle faal nie wanneer julle na My kom om weer so gereinig te word nie. Dit is 'n bewys dat julle in My Wingerd werk.

Ek neem elkeen aan wie My nader met en in waaragtige gebed. Kom, word onderrig in die kragtige werking van waaragtige gebed. Julle is gewoond aan geprewelde herhalings van woorde waaraan en waarin julle nie met vaste wil glo nie. Dit is oorblyfsels van koue, versteende harte en dit kan My nie bereik nie. Sommige van julle het skugter geword oor die jare van toetsing en Ek wil julle daarom hierin onderrig. Hierdie tyd wat julle nou begin ingaan, gaan vir julle wonderbaarlike openbaringe bring oor julself en oor My. Kom, My Kruidjie-roer-my-nie, ontvou jou blare en neem My Lig op, in jou blare sal jy die voeding waarneem! Groter en sterker sal julle groei, stewiger en gesond, gevestig in goeie grond en gewater deur My Hand. Julle sal omvorm word en nie meer julself herken nie. Lank genoeg was hierdie sonderlinge plant jul toonbeeld. Kom My Kind, kom na My Hart en Ek SAL jou troos, jou beskerm en jou versorg. Glo met vaste Wil dat Ek nie teen My Wese sal ingaan nie. Ek is jou Skepper, jou Redder, jou Leidsman, jou Geliefde Broer, ja Jou Man.

Soos 'n warm drankie julle vertroos en versterk, so My Liefling, gaan julle ons kinders vertroos en versterk. Soos die koue jul vingers verlaat in die toevou om die warm beker, so gaan hulle ontwaak wanneer hulle My Redding aangryp. Die knaende koue en bitter verlatenheid sal wegsmelt in die hitte van My Liefde. My

Liefling, dink dieper hieroor na wanneer julle jul bekers stomend in die koue oggendlug sien. Dink diep en word geseën in die vashou daarvan, en julle die warm gloed geniet soos wat die inhoud van julle deel word. Julle is My Geliefde! My Bruid!

Ek is Lief vir julle!

EK IS!"

Amein

## *Nr 79 - 26.05.2016 om 04h05 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek wil nie hê dat julle verslap in jul noulettendheid in julle wandeling met My nie. Die vyand van julle siele loop rond soos 'n brullende leeu en laat geen kans verbygaan om julle 'n hou te slaan nie. Bly naby My, My Kleintjie, bly geborge in My. Ek weet dat julle dit nie so bedoel nie, dat julle vir 'n oomblik fokus verloor. Dit is van uiterste belang dat julle dit nie doen nie, leer ook hierdie les. Wanneer julle moeg voel, nader selfs meer na My. Ek is die Verkwikker van julle siele nou en ook in die toekoms. In die leer van hierdie les word julle wil versterk om nader aan My te bly. As julle dit geleer het en dit doen, dan was die leer daarvan vir julle van onskatbare waarde. Daar is vir julle geen ander plek as reg langs My nie, My Liefling. Soos julle leer wat die fisiese betekenis is van Bruidskap met My, leer julle, My Kinders, ook hoe hulle in My Huis moet leef. Totdat ons een geword het, My Bruid, gaan hierdie toetse voor jou kom en julle moet elkeen sien as 'n geleentheid om selfs fyner op My ingestel te word. Julle is Myne, My Liefling! Ek ken julle toekoms, Ek ken julle verlede. Ek ken julle hier in die toetsgrond en Ek weet die uiteinde daarvan. Vertrou op My, Ek is jou Man.

Vra My om julle te begin wys wie julle in die toekoms gaan wees en wat julle gaan doen. Laat Ek vir julle in jul harte influister, vir julle die Ewigheidsbesef vergroot en jul Anker daarin en daardeur wees. EK IS die spilpunt van julle lewens hier en ook daar. Daar is niks verborge nie en julle sal alles kan weet slegs met die blote gedagte, ook sal julle geken kan word. In My Ryk van Lig en Liefde is daar geen vrees nie. Vrees is 'n tentakel van die Duisternis. Laat gaan julle vrees om geken te word en gryp My aan. Julle

word en is deur My en almal in My Ryk met grootste en suiwerste LIEFDE bejeën. Kom in My Liefde in en begin ervaar wat julle ewigheid in My sal wees. Kom verdiep julle in My en Ek sal wonders aan julle toon.

Julle is Myne, My Liefling My Bruid

EK IS Jou Man!"

Amein!

### *Nr 80 - 30.05.2016 om 01:50 (aan Wendy)*

"Skryf My Dogter, My Bruid

Dit is nie vir julle voordelig om die pynlas op te tel wat julle reeds deurgemaak het, wanneer julle sien hoe julle broers en susters daardie toets deurgaan nie. My Gees, My Woord, My Liefde moet jou dan eers help, voordat jy bruikbaar kan wees om jou broers en susters te help. Bly op My gefokus en Ek sal jou deurlei waar dit vir jou nog rou voel. Julle sagte harte voel hulle pyn aan en dit is reg so, My Liefling. Moenie verward word en dink dat dit jou pyn is nie. Ek het jou reeds daardeur gedra en die felheid daarvan is in My opgeneem. Ek het reeds My Helende Balm oor jou wonde laat loop en die gate is gelyk volgemaak met My. Ek is jou Lewe, jou Lied van Vertroosting wat jy vir My Kinders sing. EK IS Almagtig en EWIG LIEFDE. Bring My Kinders na My toe en Ek sal hulle heelmaak soos wat Ek julle ook heelgemaak het. Daar is niks wat voor My staande kan bly wanneer jy, My Liefling, dit voor My bring nie. Ek suiwer, Ek reinig, Ek maak heel, Ek vertroos, Ek berei die Weg. Ek is die Lewegewer!

Soos wat julle selfs meer in My verdiep en fyner luister, julle die innerlike stilte self instap, sal jul My duideliker kan hoor. My innigste Liefling, Jou vasberadenheid om My te soek en te bly soek verbly My Hart, want in die uitverkiesing van My bewys julle jul Uitverkiesing van My. Sien julle dat dit niks is om oor hoogmoedig te word nie, want daarin word julle verhinder. Hierdie soeke, aanhoudende volg, kan nie gebeur in die "lig" van hoogmoed nie. As julle daarin roem, het die hoogmoed jul skat as klatergoud bewys. My Bruid is nederig en sagmoedig, edel en loop in Waarheid en

Lig! As julle vind dat julle My nie kan hoor nie, staan stil en luister.

Kom en aanskou die heerlikhede wat Ek vir julle voorberei het, julle wie volhard het, wie alles met vreugde opgegee het om My, Die Skat, te bekom My Liefling. Ek is jou Skat, en nooit sal julle daarvan beroof kan word nie! Onherroeplik is ons aan mekaar verbind. My Beloftes is vas, My Woord ewig. Waaragtig en Getrou is Ek om dit wat Ek beloof het, tot uitvoer te bring. Verlaat julle geheel en al op My, My Liefling. EK IS jou Man. My Goedheid en Guns sal jou volg al die ewighede van Ons lewens saam.

Ek is jul kannetjie wat onuitputlik is waar julle in die woestynstreke, die dorre land gaan inbeweeg om My take te gaan verrig. Ek is jul ewige waterbottel van verkwikking want nooit sal julle dors hê en Ek nie daar sal wees met julle nie. Versadig sal julle wees, want Ek is die Brood van die Lewe. Gaan sonder vrees, Ek is met julle!

"Sowaar as padda manel dra" is die gesegde en julle weet nie waar dit vandaan kom nie, dus wil Ek julle weer wys op die verborgenhede van die woorde en uitdrukkings wat julle so aan gewoond geraak het. Laat toe dat Ek tot elkeen van julle in julle harte spreek oor die woorde, die uitdrukkings, die sinsnedes in My Woord wat julle al ken, wat julle al bestudeer het, wat julle al nagevors het. Daar is rykdomme daarin waarvan julle nog nooit bewus was nie, soos kinders wat speel langs die rivier en nooit die goudstukkies daarin sien lê nie. Kom, word deur My onderrig, nader tot My in die stilte en Ek sal wonders aan julle openbaar!

Kom, neem My Hand en wandel met My, My Liefling, My Bruid. Elke oomblik saam is kosbaar vir My en van onskatbare waarde vir julle. Bly IN My, elke oomblik van elke dag en Ek sal jou gee, die begeerte van jou hart!

Jy is Myne en EK is joune! Ek is LIEF vir jou!

EK IS"

Amein

### *Nr 81 - 02.06.2016 om 11h05 (aan Wendy)*

"Skryf My Lief-Dogter, My Bruid

Ek wil dat julle na My sal draai vir ALLES in jul lewens. Ja, sê

julle, ons doen so, maar Ek sê vir julle daar is nog baie wat julle in eie besluit moet doen. Ek MOET julle ALLES wees, anders kan Ek nie met julle deel word en julle met My nie. "Een vlees" word, is klaarblyklik nog nie mooi deurdink by sommige van julle nie, My Liefling. Wanneer daar 'n skaap geslag word vir julle tot voeding, gaan julle nie dele van 'n bok of vis daarin kry nie, Nee! Een skaap! So ook moet julle strewe om een vlees te wees met My. Vlees van My Vlees en Bloed van My Bloed. My Liefling, kom selfs nader aan My, in die afsondering sal julle jul beloning kry. Julle sal My daar kry! Hoe soet gaan die tye saam nie wees nie! Kom My Bruid, kom selfs verder weg van die wêreld en verdiep julself in My! Ek is Die Beloning van jul soeke, Ek is Die Skat waarna julle so lank al soek.

Daar is min wat vir julle onmoontlik sal wees in die tye wat kom. Soos julle leer om My Krag deur julle te laat vloei, sal julle selfs meer in My verdiep. Ons sal saam Ons Kinders versorg, My Bruid. Daar is van julle wie reeds begin ervaar hoe My Krag julle begin deurvloei. Kom na My en vra My om julle meer attent te maak op julle elke oomblik. Daar is soveel leidrade wat in die verlede aan julle gegee is en nou ook oor julle spoel. Onthou, Ek is die Een wie jou lewe berei, jou elke oomblik. Jul gebede dra meer gewig, kragtig is elke woord. Leer om selfs fyner te let op die woorde wat uit jul monde kom My Liefling, kragtig is elke woord. Bly in My en julle sal nie hierin tot die diens van jul vyand wees nie. Ek sê tot sy diens want waarlik, in die tong is krag tot Lewe of tot Dood. Jul dink nou verskrik aan die gesprekke wat deur die dag plaasgevind het, - gister, verlede week en daar slaan 'n gloed van skaamte in jul gesigte op, jul harte klop dawerend in jul bors. Daarom My waarskuwing aan julle, My Liefling. Kom verder weg van die wêreld, verdiep julle in My en jul elke gedagte, elke woord sal getemper, gesuiwer wees deur My Liefde. My Lig, My Lewensdraers is julle, My Bruid. Kom reinig jul hande, jul voete. Ek sal die roetkolle van jul kleed skoonmaak.

Verruklik mooi is Jy, My Bruid!

Ek wag julle op die hoogtes in, kom op na My!

My Liefling, My Bruid, EK IS"

Amein!

### *Nr 82 - 02.06.2016 om 16h30 (aan Wendy)*

"Skryf My Dogter, My Bruid

Daar is en sal min tot geen genade wees in die dae wat kom. Dit sal slegs Ek wees en hulle wie My take verrig, van wie mense, verlore tot op hede, genade van sal ontvang. Wees baie duidelik in julself hieroor. Die lewe soos wat julle dit nou ken, is maar net 'n illusie wat oorbly van dit wat julle nog reken daar moet wees. Neem julle lewens in oënskou en kyk waarheen julle op pad is. Vra vir Insig van My en julle oë sal geopen word. Julle wat nog hoop koester dat "alles uiteindelik sal regkom", julle hartewens vir 'n herstel van die huidige toestand, - julle is stokblind en daar is geen verdere woorde vir julle nie.

Sou julle harte aangegryp word en julle tot My roep in jul nood, SAL Ek julle selfs nou uitred en op die regte Weg plaas. Jul hardkoppigheid het julle baie seëninge laat misloop, maar daar is nog kans vir julle om bruikbaar te word in My Diens. Kom naby aan My, sodat Ek julle kan onderrig in jul harte, jul sondeskuld vir julle kan vergewe en julle reinig. Julle sal vinnig moet leer en nie ontsteld raak as Ek julle by 'n grysaard plaas wie in jul oë in jare hier jonger as julle is nie. Dit is jammer dat julle nie in jul gryshare-jare die nodige Wysheid en Liefde het om ander te kan onderrig in My Waarheid nie. Wees nederig en onderdanig aan My. Word deur My Liefde omvorm in en tot LIEFDE en dan kan en sal julle self deur My onderrig word. Soos pasgebore babas sal julle wees wie eers Moedersmelk moet ontvang om sodoende in My Huis, in My Orde te kan begin grootword. Hierdie lewe, hierdie wêreld waarin julle jul hele lewe gemaak het, is slegs 'n toetsgrond in My Skepping. Die toets wat julle deur jul lewenskeuses sal slaag al dan nie. Laat staan die moets en moenies wat julle opgestel het. Laat Ek die skille van julle oë laat afkom, jul dowe ore horend maak en julle van jul melaatsheid reinig. Kom in My Orde, kom wees Kind in My Huis. Kom sit by My voete en laat jou hart onderrigbaar wees. Leer gou dat Ek nie tot julle spreek in jul koppe, jul brein nie, want jul denke is eerder 'n slagyster vir julle. Plaas julself heelhartig in My Hand, vertrou julself aan My Sorg toe en Ek sal julle onderrig. My onderrig kom na julle toe deur jul harte. Julle sal moet leer om fyn te luister, want soos My knegte Moses en Elia

geleer het, is Ek nie in die Storm of die Vuur te vinde nie. My Stem is die sagte briesie oor die aangesig van jou hart. Keer na julle innerlike, maak stil die geraas van die wêreld om julle. As dit nodig is, kom soek die stilte in My Natuur. Daar sal julle My vind, in die stilte van jul harte nadat Ek die storms gekalmeer het. Laat toe dat die Son in julle innerlike opkom en ontdek die Waarheid van My. Julle sal nooit weer dieselfde wees nie! Niemand kan nie! Ek is Ewige Pa vir My Kinders en nooit te besig nie. Kom in My Orde in, vra My en Ek sal julle elkeen onderrig.

Wees sterk en vol moed. Ek is julle uitkoms in die dae wat kom. Wees 'n bruikbare artikel in My Huis, tot My Diens. Om Kindskap te beërwe, MOET julle na My kom. Dit wat deur die eeue heen in My Naam verkondig is, dra nie My goedkeuring weg nie, dit is 'n euwel en 'n gruwel voor My Oë. My teenpool, wie jul as satan ken het My suiwere Wil hier ontreinig, My Waarheid verdraai en julle moet binne My Lig bly, sodat hy en sy duistere mag julle nie kan aanraak nie. Soos 'n kind moet julle word om My Koninkryk te kan binnegaan. 'n Kind glo dat wat Pa sê, Waarheid is.

Kom julle wie eens Onaanvaarbaar genoem is, Verworpe en Verstote en verkry Kindskap in My Huis.

Ek is jul Ewige Pa en so ewig Lief vir julle."

Amein

## *Nr 83 - 07.06.2016 om 10h04 (aan Wendy)*

"Skryf my Lief-Kind, My Bruid

Daar is min wat julle nog weghou van My. Julle werk pligsgetrou aan elke punt wat Ek aan julle uitwys en julle lig skyn al hoe helderder. Dit is My Hart se wens om almal na My te trek, aan My Bors te kan vasdruk, maar dit is julle eie wil wat julle van My weerhou. Moet nie verward wees oor die duidelike lyne wat Ek voor julle laat uitloop nie. Daar is My Wil en daar is julle eie wil wat aan My Teenpool onderworpe is, omdat julle in sy voetspore volg. Daar is niks anders nie. Kies My Weg en kom in My Orde, kom buig die knie voor My en neem My Liefde aan en word omvorm tot LIEFDE. Keer terug na My, My kind en kom tot die

saligheid van My Wil. Julle sal nooit ongelukkig voel nie, want Ek ken julle deur en deur! Ek het julle dan elkeen gevorm vanuit My Hart, My LIEFDE. Ek weet waar en hoe julle die hoogste geluk sal smaak, dit waaraan julle nog nooit eens kon dink nie, - nie in julle wildste drome nie. Julle sal in en tot My diens wees op die plek waar julle daardie geluk, daardie saligheid bereik. EK IS en sal elke Kind van My deurdrenk van en met alles wat EK IS. Julle SAL My Wil, slegs My Wil doen, My Woorde spreek, My Dade doen en in die doen daarvan, sal julle verdiep en versterk word wat My sal vergroot en verhef. Jul Liefde, My Kinders sal dit doen, nie dat Ek dit nodig het nie. Soos wat julle 'n patriarg in liefde dien en in die aandag en eer wat julle aan hom gee, vanweë sy aangestelde posisie, hom dan verhef en vergroot in die oë van hulle wie die verband en verbond sien. So sal julle die toonbeeld wees in die hemele, My Kinders! Julle het nog geen idee van hoe en waar Ek julle gaan gebruik in My Ryk nie, - My Wil uitbou en uitbrei totdat almal deur My geskape weer in My Huis is. Dan, dan My Liefling, My Kinders, begin ons die volgende fase! Daarvan sal Ek julle nog vertel wanneer die Tyd daarvoor ryp is. Intussen is daar jul broers en suster wie nog verlore is en tog in die volheid van My Tyd in My Huis sal inkom. Kry My Visie, My Geduld as jul maatstaaf en beweeg saam met My. Hou My fyn dop en sien die tekens van My Beweging, julle noem die antisipering. Ek noem dit fyn ingesteldheid van jul geestelike oë en ore. (Soos die blare deur die wind beweeg word, maar nie deur ons gesien kan word nie. Mag ons, My Meester, die Wind begin sien.)

Julle gaan al meer gawes ontvang, My Liefling. Dit wat julle as norm aanvaar het, gaan vervaag en Ek gaan aan julle 'n nuwe prentjie begin ontvou, die nuwe realiteit. Julle is Vlees van My Vlees en Bloed van My Bloed. Ek is reeds so naby aan elk van julle, My Asem versteur jul hare. Voorwaar sê Ek vir julle, julle sal verstom wees wanneer julle eindelik leer hoe naby Ek al vir 'n hele ruk by julle is, - so naby. Julle oë kan My nog net nie sien nie. (Nou verstaan ek die woorde beter, "Walk by Faith and not by sight"! Dankie, My Meester!). Ek gaan nog baie vir julle oopsluit, sodat julle ’n heeltemal nuwe uitkyk, uitsig sa hê oor My Skep-

ping, wanneer jy met My verenig sal dit dan Ons wees wat vorentoe beweeg op 'n Weg wat julle nog nie kan verstaan nie, alhoewel Ek al glimpse daarvan aan julle gegee het. Julle sal My mees innerlike gedagtes ken; My Weë wat tot nog toe vir julle verborge was, sal vir Jou, My Bruid heiligskennis wees, dit wat tussen Man en Vrou gedeel word.

Moenie moed opgee met julself nie, My Liefling. Julle is amper daar, jul deursettingsvermoë sal julle oor die laaste dele dra op maniere wat julle nog nie ken nie. Bly gefokus op My en buig jou wil voor My Wil.

Ek en Jy, my geliefde Bruid, sal kommunikeer selfs wanneer julle besig sal wees om Ons kinders te versorg, laste dra vir ons kinders en hulle veilig te hou totdat Ek julle almal na My toe gebring het, na My bereide plek aan die einde van hierdie fase van My Plan. Julle sal opgewondenheid en deemoed saam ervaar, omdat julle die brug tussen My en My kinders sal wees. Van My sal Ek julle vul met Krag en Lig, Liefde en Lewe wat julle as geute oor My kinders sal uitstort, altyd vol, altyd dienend, altyd minsaam, altyd LIEFDE.

My Liefling hoe graag wil Ek julle aan My Bors vasdruk, die tyd is nou, kyk uit vir dit wat Ek aan julle gesê het wat as merkers sal dien. Wees steeds sorgvuldig in die doen van elke taak wat voor julle kom. Julle sien nog nie hoe elke stukkie inmekaar pas nie. Wees Getrou, wees Betroubaar!

Ek is LIEF vir julle, My Glinsterwit geklede Bruid! So Lief!

EK IS"

Amein

## *Nr 84 10.06.2016 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek wil dat julle dit wat julle vlees nog vashou aan hierdie wêreld van ganser harte agterlaat, weer praat Ek nie van jul geliefdes en die verantwoordelikhede wat julle voor My het om weg te gooi nie, maar dat julle die gewig daarvan sal agterlaat nadat julle dit vir My gegee het. Dit is net Ek wat daardie las vir julle kan dra,

My Kind. Julle gaan ten gronde as gevolg van die gewig daarvan. Neem My juk op julle, dit is lig en sag. EK is jou Ouer Broer, jou Losser, jou Redder en jou Vader.

Daar is nog baie min te doen voordat Ek nou My Plan vir die aarde gaan begin. Dit is nie julle wie dit teëhou nie, maar My Barmhartigheid vir hulle wie nog in hierdie laaste snikke vir My sal kies, wie die onheil voel nader. Julle My Kinders, wie steeds poog om julself meer en meer te suiwer, sal nie beskaamd gelaat word nie. Daar is werk aan julself wat slegs Ek vir julle kan doen, en SAL doen wanneer die tyd daarvoor reg is. As julle alles self kon doen, waar sou dit julle los? In 'n plek waarin julle kan roem daaroor? Nee My Bruid, Ek sal julle nie so ’n geleentheid gee om van My te kan wegval nie. Nee, julle is Myne en gee Ek vir julle wat julle nodig het. EK is Jou Man!!

11.06.2016

Voorwaar Ek se vir julle, daar is nog baie werk wat voorlê voordat die Aarde haar Sabbatsrus sal kan ingaan. Julle My Bruid, sal dan reeds in My Rus wees en die moegheid sal julle nie oorval nie, moegheid van gees wat julle soms so afrem. Hou vas My Liefling en kom selfs nader aan My. Ek is jul Krag en sal julle versterk. Selfs daarin is daar vir julle voordeel, omdat julle in die kleiner dingetjies van jul lewens gewys word om nader aan My te kom.

My skryfkneg het hierdie week geleer wat dit is om deur My oorskadu te wees, word julle deur My oorskadu en julle sal baie van julle self-gesprekkies in jul gedagtes tot ruste lê. Verstaan mooi My Bruid, JULLE IS MYNE!

Daar is niks wat My kinders van My sal weghou nie; My Liefde oorwin alles en is die magtigste, die grootste Krag in die Hele Skepping. Kom, werp julle in My oseaan van Liefde en word uiteindelik versadig van daardie onlesbare dors wat in jou siel sit. Die dors na My Liefde. Kom, My kinders! Sal julle nie aan My Roepstem gehoor gee nie? Sal julle nie julle eie plannetjies laat vaar en julself oorgee aan My Reddende Hand, My Vertroostende Bors, My Liefdevolle Hart nie? O, hoe verlang Ek daarna om julle teen My Hart te kan vasdruk, julle daar te sien rus en weer My Hartklop te kan hoor. Kom My geliefdes, julle wie nog in die riete

en klipskeure wegkruip, wie self probeer oorleef en in die proses al meer na wilde diere begin lyk en word. Van julle is al soveel keer ontnugter en verraai deur hulle wie trompetter dat hulle in My Naam spreek. Ek wil vir julle My Hand uitsteek en saggies tot julle roep: Kom uit, My kleintjie, hier is vir jou kos en water, hier is 'n vuur om jou by te verwarm en klere. Hulle het julle verniel en in hokke toegemaak. Ek breek hokke en verjaag hulle wie julle as prooi, as buit geneem het. Kom My kinders, hier by My is dit veilig!

Laat niemand julle van jul krone beroof nie, My Kinders. Daar is wolwe wie tussen julle beweeg en van hulle is nie eens meer mooi toegewikkel in hulle skaapvelle nie. Hulle het julle begogel, My Kinders en hulle het julle van My vervreem. As julle bang is dat jul hulle ten prooi geval het, bid tot My in julle innerlike en Ek sal julle daar antwoord. Ek verlaat julle nooit nie en wag Ek julle daar in waar julle van My af wegbeweeg het. Ek is 'n hartekreet vêr, en sal soos 'n hert oor die berge na julle kom, vlugvoetig en met verblindende spoed. Waar Ek is, is Duisternis nie.

My Liefling, My Bruid, al hoe meer word julle opgewek om nader aan My te kan kom, nader as wat julle beste handeling, werke kan bewerk. Ek is by julle. Julle My Liefling!

EK IS"

Amein

## *Nr 85 - 15.06.2016 om 01h35 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Daar is 'n ledigingsproses wat in julle aan die gang gesit is en nie een van julle neem dieselfde roete daardeur nie. Ek maak soos Ek goeddink en weet wat nog nodig is vir elkeen van julle. Dit alles het tot gevolg dat julle selfs nader aan My is en meer kapasiteit het vir My. Wees gehoorsaam waar Ek jul wys om van hierdie of daardie af te staan. Ek sal jou baie duidelik wys.

Julle is duur gekoop, My Liefling en julle begin nou al hoe meer die koste daarvan reken. Ek het alles in die stryd gewerp en oorwin om julle, My Kosbare Bruid vry te koop. Bruidskap kan

nooit geringgeskat word nie, julle gooi self nou alles in die stryd daarvoor, julle oë reeds gevestig op die Skat in die Hemele. Kom vra my die vrae in ooreenstemming met die vlak waar ons verhouding nou is en Ek sal vir jou openbaringe gee. Sommige daarvan sal julle nie nou-al oor kan praat nie en ander sal Ek vir julle die toestemming daartoe gee.

Julle begin ook beter verstaan hoe julle Beskerming gaan werk. Bly naby My en wees geborge in My.

Ek is LIEF vir julle!

EK IS"

### *Nr 86 - 04.08.8016 - 08h50 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Ek was vir 'n lang ruk stil deur die skryfkneg en van julle het verward begin raak, sommige het so effens begin verdwaal raak in die stilte wat julle so ervaar het. My Kinders, Ek was die hele tyd besig om met julle te praat en almal het nie My Stem herken nie. Kan julle sien hoe vêr julle dan nog moet kom, want dit is vir elkeen van julle moontlik om My Stem in julle binneste te hoor, om sodoende kos uit My Hand te kan ontvang.

Moenie moed opgee en verdrietig raak oor hierdie les nie. EK IS jul Vader en ken die Ewighede aan beide kante van hierdie oogwink van jul bestaan. Ek ken jou en weet dat elkeen in die regte Tyd na My sal terugkeer. Wees getrou aan die taak waartoe julle ingestem het, werk daaraan om jul vleeslike lesse deur te kom, te oorkom en word vry in jul siele, tot Lewe geroep in en deur My.

In deemoed moet julle na My draai met al jul tekortkominge, want dit is slegs Ek wie julle daarmee kan help. Dit is slegs in My wat julle oorwinning kan verkry. EK IS jul oorwinning! Gryp My aan en word omvorm, My Liefde sal dit in julle oorbrug wat julle kortkom. Daar is niks wat te groot of te moeilik is vir My nie. Hoe groot of klein is jou geloof?

Daar is onder julle die wie steeds nie losgemaak staan van die strikke wat die vyand van julle siele vir julle gestel het nie. Kom in My Liefdesleer in, laat staan die vingerwysende Geregtigheid in al

die vorme en kom binne My Orde. Het Ek nie gesê julle moet maak soos Ek gemaak het toe Ek hier tussen julle gewandel het nie?

Kom en maak erns met hierdie klein jakkalsies wat die wingerd verwoes. Daar kan niks daarvan toegelaat word nie, My Liefling. My Bruid is Rein en heel van Hart, verruklik mooi deur die Liefde wie uit haar straal, getooi in allerfynste wit.

Kom neem julle plek by My tafel en eet My spyse, daarin is Lewe en in oorvloed.

Hoor My Lied deur jul wese dring, EK IS Hier!"

Amein

## *Nr 87 - 9& 10.08.2016 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefkind, My Bruid

Daar is min wat vir die smagtende, soekende hart verborge sal bly. Julle moet My soek met alles wat in julle is en die wêreldse aflê om die Skat te kan bekom. Moenie pas verloor en moed verloor omdat die tyd vir julle verbygaan nie. Dit is My vergunning om kans te gee dat hulle wie nog nie daar is waar die wêreld niks meer inhou nie, kan uitkom en vry kan wees van dit wat hulle verstrik.

Kom ontmoet My op die Berg, Ek wag julle daar in met 'n ryk gedekte tafel vol heerlike en voedsame kos. Kom drink van My Wyn en word deur en deur versadig.

Soos die lelies in die velde opkom sonder dat iemand hulle daar geplant het, bemes of water gee, so is My Ryk binne julle want dit is Ek wat plant, dit is Ek wat vir julle voeding bring en dit is Ek wat water oor julle uitgooi. Ek sien die blommeprag, die tere blomknoppe en die ryk loof. Wie sal My verhinder om tussen die lelies te wandel? Ek is jul Beminde en ken elke hoek en draai van jul wese. Moenie verbaas wees wanneer Ek vir julle die versteekte blommeprag in julself aan julle openbaar nie. Julle mag dink daar is net distels en doringbosse, Ek ken die Waarheid en Ek herinner julle dat My Saad in julle voorbereide grond tot 1000 voudig sal vrug dra. Ja, selfs lelies.

Hoe hoog aangeskrewe dink julle nog is hulle wie "goeie geleerdheid" in die wêreldse skole bekom het? My Kinders, daar is soveel vervat wat teen My Orde is in die lering dat dit slegs vir julle struikelblokke kan wees.

Vir julle wie hardnekkig volhard in die handelinge wat My Teenpool verheerlik en dink dat julle op My Weg is, wil en moet Ek julle tot stilstand skok. My Weg is LIEFDE en LIG en daar KAN GEEN sweempie van duisternis wees nie. Julle weet reeds waarna Ek in elkeen van julle verwys, want Ek het dit al male sonder tal voor julle gebring om af te lê, om vergifnis te vra, om vir My Krag te vra om dit te oorkom. My Dierbare Kinders, die tyd is uit, daar is nie meer spasie vir julle om nog die kant toe of daardie kant toe te skram nie. Ek sê weer, Kom binne My Orde, kom onder die vleuels van die Liefde in en word vry van dit wat julle nog aan hierdie aarde bind. Kom uit, My Bruid vanuit die skaduwee van die las van My Teenpool en kom dans in die helder sonlig van My Teenwoordigheid.

Ek het julle so onbeskryflik LIEF, kom wees by My. "

Amein

### *Nr 88 - 12 & 13.08.2016 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Daar is karige meubels in party van julle se huise, My Kinders. Julle gee nie aandag aan dit wat belangrik is nie en dui die binnekant van jul huise op dit wat julle nie wil sien nie. Kom kyk in My Spieël en word vernuwe.

Daar kom 'n hond om die draai wat julle bang gaan kan maak as julle dit sal toelaat. Wees nie bevrees nie, EK IS met julle en sal Myne beskerm. Hulle wie in My geborge is, sal die ander leer in die ervaring en sal meer siele na My draai.

Onmeetlik diep is My Liefde vir elkeen van My kinders en daar is niks wat Ek nie reeds van jou weet nie, niks wat Ek nie reeds die straf voor gedra het op Golgota nie. Kom na My, My kindertjies en laat My toe om jou te reinig van al jou ongeregtighede. Ja, selfs dit wat julle heimlik aan vasklou en dink dat daar geen redding

daarvoor is nie. Ek is jou Vader, Ek is jou Skepper, hoe kan daar enigiets wees wat te moeilik is vir My? Soos die sonstrale elke oggend jul dag verlig, so is My Barmhartigheid, My Liefde vir jou siel daar. Moenie langer in die donker gate en hole wegkruip nie. Elkeen van julle het vanuit My gekom, kom terug na My, My verlore seun, My dogter.

Daar is fonteine van verkwikking vir elke siel wat na My dors. Julle wie in die woestyn vertoef het, kom en wees versadig. Die lesse wat daar geleer is oor jouself is duur gekoop, jul sweet en bloed maak elkeen 'n kosbare kleinood. Daar is nuwe krag in elkeen wie daaruit kom, nie vanuit jouself nie, maar deur My aan jou gegee in die ure en dae van smagting, van aflegging, van naby kom aan My Voete. Sterkte van wil het julle ontvang, want dit is hulle wie die woestyn oorleef en is noodsaaklik vir jul pad vorentoe, vir die take wat julle opgelê is. Julle weet nou dat julle nooit alleen was nie. Hoe sal Ek, jou Vader, jou instuur en nie ook oor jou waak nie, naby jou wees sodat Ek jou gebede, elke gefluisterde wanhopige woord vanuit die dieptes van jou siel kon hoor nie? Nee My Liefkind, nooit is jy alleen of verlate nie. EK IS met jou!

Kom versterk elkeen julle by My tafel. Vir elkeen is daar die mees uitgesoekte heerlikheid. Ken Ek jou nie deur en deur nie? Weet Ek nie presies wat jy nodig het om jou innerlike te versterk nie? Vertrou op My! My Liefde vir julle is ondeurgrondelik. Verbly julle in My Liefde en Ek sal al die seer van die woestyntyd vervaag en net die juwele wat daaruit ontgin is, sal oorbly.

My Liefling, My Bruid, kom naby My. Ek wil elkeen van julle oorskadu, jul bedien. EK IS jou LIEFDE. "

Amein.

### *Nr 89 - 14 & 15.08.2016 (aan Wendy)*

"Skryf my Liefling, My Bruid

Die boeg van 'n skip is gemaak om water soos 'n lem te deurklief. Hoe is dit dan dat sommige van julle, My Kinders met die stern na voor op die see van jul lewens wil vaar? Dan wonder julle hoekom die golwe julle so maklik verswelg en dat julle nie vooruit kan kom op julle lewenspad nie. Die boot plan is so opgestel dat die

skipper die seile kan dophou, die see in die oog kan hou en die boot daarvolgens stuur. Julle is verkeerd geleer. Kom na My en kry die hartskennis om jul bote reg te rig om op die vleuels van die winde oor die see te kan dans!

My kinders, daar is nie meer tyd oor vir die ronddraai en wonder oor hoe My Koninkryk na julle sal kom nie. Julle wil nie 'n besluit neem en julle harte op My vertrou nie. Julle lyk soos skape wat voor 'n drukgang maal. Te laat sal julle dalk wees om gelaai te word, wanneer die Kudde geskuif word na nuwe weivelde. Elke skaap in My Kudde word eers gereinig en dan spesiaal gevoer uit My Hand. Julle wie nie deur die drukgang wil kom na My toesig nie, sal nie reg wees om saam te kan gaan nie. My skape ken My Stem. Hoor My Roepstem en kom na My, jul Herder.

My Bruid, het My Liefde vir My Kinders al in julle ontbrand? Kan hulle die gloed daarvan in julle waarneem en kom hulle na jou soos motte na 'n vlam, nie tot uitwissing nie, maar tot Lewe? Neem julle lewens in oënskou en kyk nugter na dit wat binne julle is of nie is nie, en kom na My vir dit wat julle nog kortkom. Daar is nie disfunksie in My Familie nie, slegs LIEFDE.

Soos koraal oor jare aanpak en die buitelyne van 'n voorwerp verdoesel totdat daar geen beduidenis van die oorspronklike is nie, so, My Kinders, word julle toegemaak en aangepak deur die duisende gedagtes en besluite wat julle maak wat nie op My gerig is nie. Neem erns met jou lewe in die Ewigheid in en moenie deur die klots en wieg van die alledaagse aan die slaap gesus word nie. Julle toekoms hang daarvan af!

Kom naby My en Ek sal naby jou kom. Bring nederigheid saam in jou hart en Ek sal jou aanhoor. Geen ruilhandel transaksies, geen geloftes is nodig nie. Ek wil dat julle slegs soos kindertjies tot My, jul Ewige, Liefdevolle Vader nader. My Arms en My Hart is altyd oop vir jou. My kind, KOM HUIS TOE!

My Bruid, kom ontmoet My in die Lig. EK IS Hier!"

Amein

## *Nr 90 - 12.09.2016 om 04h05 (aan Wendy)*

"Skryf My Lief-Kind, My Bruid

Jy is kosbaar in My Oë en niks kan jou van My Hand ontruk nie. Ek kom na elkeen van julle op 'n unieke wyse en is dit tot jul suiwering, suiwering van julle self van julle "eie-ek". Julle vra My hoe julle moet maak, hoe en waar julle die plant tot die laaste wortel kan uitruk vanuit julself, maar Ek sê vir julle dit is slegs deur My Hand wat julle daarvan verlos kan word. Moet dus nie te hard worstel teen die proses wat jy deurmaak nie, sien dit as die reinigingsproses wat dit is. Sonder aflegging van jou alles, kan jy nie My Alles aangryp nie. Bid vir mekaar vir versterking en waar nodig bely jul swakhede teenoor jul broers, sodat julle onderskraging kan ontvang. My Liggaam is besig om saamgevoeg te word. Wees nederig broers, en moet nie dat ander se swakhede aan julle bely, vir julle verhewe laat voel nie. Daarin is julle toets en daar is nog werk aan julself te doen. Moenie in die vyand van jul siele se strikke trap nie.

Daar is baie van julle wie nog nie jul plekke in My Liggaam verstaan nie en julle het 'n beeld van julself wat nie van My af kom nie. Kom nader aan My in ootmoed en kom hoor by My wat Ek vir jou beplan het. Tot elk van julle van My gehoor het, sal julle wanorde in My Liggaam veroorsaak en sal Ek jou verwyder daarvan. Kom hoor by My en wees onderrigbaar, sodat Ek jou kan plaas waar jy altyd moes gewees het. Boeke en klasse oor lering wat julle die of daai "gawe" gee of wys, is vanuit die besoedelde waters en My Lig kan nie daardeur dring solank julle nog verknog daaraan vashou nie. My Kinders! Hoor My duidelik! Dit is slegs Ek wie jou deur en deur ken. Ja, jy het aanleg en talent in hierdie of daardie veld, maar My dierbare Kinders, dit is Ek wat jou so geskape het en dit is vanaf My wie jy jou opdrag moet kom kry! Laat hulle wie ore het om te hoor, My Roepstem hoor.

Moenie hulle beny wie reeds take ontvang het nie, hulle wie Ek reeds in hul taak bekragtig het nie. Hulle take is voor die begin van Tyd reeds opgelê, net soos joune en nie een van julle is ooit onder My Oë uit nie, onder My sorg uit nie. Bly net binne My Orde en wees gehoorsaam in elke opdrag wat Ek aan jou gee en jy sal

die handgereedskap wees wat Ek op die regte Tyd sal kan gebruik. Wees nie bevrees of ontmoedig nie, want EK is met julle.

Julle wie reeds in die tuig is, veg ook steeds teen jul "self" want daardie geveg sal eers met Eenwording oor wees. Moenie wegskram van die moeilike dele wat julle nog moet oorkom nie, Ek sou jou nie op hierdie weg geplaas het, as Ek geweet het het julle sal dit nie ook oorwin nie.

Oordink weer My Woorde, sodat My Krag volledig in jul swakheid kan skyn soos die son, My Perfekte Wil kan uitstraal in die die duisternis van die verlorenes. Hou goeie moed My Geliefdes! EK IS hier en hou elkeen van julle in My Hand.

My skone Bruid, hoe lieflik is jou aangesig! Wag in opgewondenheid op My, My Liefling! Daar is soveel wat Ek julle nog wil wys, julle in wil begelei. Dinge wat julle dalk dink nie vir julle beskore is nie. Nee, My Geliefde! Laat hierdie 'n refrein in jul harte wees:

JULLE IS MYNE, EN EK IS JOUNE!

Kom met vrymoedigheid voor My, kom wees in My Binnekamer en wees volkome vry! EK IS jou LIG, jou LEWE. Kom in na My.

Ek is Lief vir julle!

EK IS!"

## *Nr 91 - 24.09.2016 om 20h20 (aan Wendy)*

"Skryf My Liefling, My Bruid

Weer was die wagtyd 'n toets vir julle, My Kinders. Ja, julle verlang na My Woorde deur My knegte en dit is goed en reg, maar dit moet nie die enigste voeding wees wat julle kry nie. Ek praat, fluister in elkeen van julle se harte en sommige van julle dink dat dit maar julle eie gedagtes is. Word meer sensitief om My Stem van jul gedagtegange te kan onderskei. Gedagtes sit in jou kop. Ek spreek in jou hart. Maak stil die geraas, kry beheer oor die drange in jul vlees wat julle verwar en kom voor My Voete. My Kind, My Liefling, Ek het soveel wat Ek julle wil vertel, maar julle wil nie afstand doen van die bababottel nie. Die tyd kom waar daar nie meer bababottels gaan wees nie, sal julle dan maar vergaan van honger? Nee My Geliefde Kinders! Nader tot My en vra

My hulp met afwagting en Ek sal jou begelei op die pad na volwassewording. Wees getrou en hou jul oë standvastig op My gerig. Ek sal jou nie verkeerd lei nie, sal jou nie in die steek laat of laat val nie. Jy is kosbaar, kosbaar!

'N Mylpaal is behaal in die geestelike realm en julle gaan groot veranderinge begin sien, julle wie na aan My loop. My Vrede is en sal met jul wees en julle gaan in My Krag vorentoe begin beweeg. Wees bedag op My Stem, Ek is jul Aanvoerder. Ek gee die instruksies, jul take. Knoop jul baadjies toe en maak seker die gordels is stewig vas. Neem jul toerusting op en wag op My bevel. Julle staan binne My beskerming en vreesloos sal julle jul take verrig. Die proviand van Geloof, Hoop en Liefde gaan julle goed te staan kom. Wees sterk, EK IS met jou!

My Bruid, hoe sag soos die môredou is jy! Skitterblink is jou oë soos die doudruppels wat die sonstrale opvang en weerkaats. Hoe mooi is jy, My Lieflike Bruid! Jy neem My asem weg! Ek juig en My Engele jubel in aanskoue van Jou! Lieflik, algeheel Lieflik!

My Bruid, kom neem My beursie en koop daaruit wat jou hart begeer. Wat Myne is, is Joune. Jy is Myne, jou hart vir My alleen!

My Kinders, kom neem jul lewens in oënskou, die stand van jul harte voor My. Het die sweem van duisternis daarin begin sypel? Is My Lig vir julle effens dowwer? Is daar harde kolle op jul harte waar die wêreld, die vyand van jul siele, jul met 'n brandhout bygekom het? My Geliefde Kinders! Kom bring dit voor My en Ek sal julle wys waar die probleem sit, salf aansmeer en julle heel maak. Kom vind jul troos in My Arms en word weer heel, sonder kraak, sonder mankheid. EK IS jou Geneesheer!

My Weë is reguit, My juk is sag. Kom, wees die Skape van My Weide. Hulle wie ore het om te hoor, laat hulle hoor.

Ek neem julle aan, julle wie in ootmoed na My kom, julle wie waaragtig tot My nader in nederigheid en geheel afhanklik van My is. My kind, Ek alleen kan jou rooi soos bloed sonde wegwas en jou wit soos wol voor My laat staan. Slegs Ek kan verlos van die bose. Slegs Ek kan jou voete uit die moeras haal, was en anker op die Rots. Slegs Ek, My kind kan jou vryspreek. Ek die Skepper en Koning van die Heelal. Kom net na My in ootmoed, buig julle alles voor My en GLO.

Kom, neem jul lewens deur My aan julle geskenk, in oënskou. Kom en bring alles wat julle van My skei. Slegs Ek kan jou onreinheid wegneem, van jou die vlekkelose diamant maak wat My Lig in reënboogkleure die wêreld in kan stuur.

EK IS Lig,

EK IS Liefde,

EK IS LEWE!

Hoor My Stem, My Liefling-Bruid. Ek sing vir jou My Minnelied, Ek begelei jou op My Weë. Kom na My!

Ek is Lief vir Jou!

EK IS!"

Amein.

## Einde van haar boodskappe